

**‘n PSIGOBIOGRAFIESE ONTLEDING VAN CHRISTIAAN  
NEETHLING BARNARD SE LOOPBAANONTWIKKELING**

deur

**Roelf van Niekerk**

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die  
vereistes vir die graad van**

**Magister Artium**



**Departement Bedryfsielkunde**

**Fakulteit Lettere en Sosial Wetenskappe**

**Studieleier: Dr HD Vos**

**Desember 2007**

## **Verklaring**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat dit ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van ‘n graad voorgele het nie.

Handtekening: .....

Naam: Roelf van Niekerk

Datum: 25 November 2007

Kopiereg © 2007 Universiteit van Stellenbosch  
Alle regte voorbehou

## **ERKENNING**

Die voltooiing van die studie is te danke aan die ondersteuning en samewerking van die volgende personele en instansies:

Die studieleier, Dr Henry Vos, wat die idee vir die studie geplant het tydens 'n fassinerende kursus oor Loopbaansielkunde. Dankie vir belangstelling, aanmoediging, raad en noukeurigheid.

Professor Christiaan Barnard, wat toestemming verleen het dat die ondersoek plaasvind.

Die kurator van die Beaufort-Wesmuseum, Me Sandra Smit en haar personeel, wat toegang verleen het tot hul uitgebreide data-versameling.

Die personeel van die Departement Sielkunde aan die Rhodes Universiteit, wat bydra tot 'n aangename en dinamiese werkomgewing.

Prof Paul Fouché, 'n kollega wat spesiale bemelding verdien omdat hy entoesiasties en bedreve bydra tot die plaaslike uitbreiding en ontwikkeling van psigobiografiese navorsing.

My ouers en familie, wat my loopbaanontwikkeling ondersteun.

My vrou Zelda, wat my van die begin tot die einde van die projek geduldig ondersteun en aangemoedig het.

## OPSOMMING

Die primêre doelwit van die studie was om Professor Christiaan Barnard se loopbaanontwikkeling aan die hand van Greenhaus, Callanan en Godshalk (2000) se teoretiese model te beskryf. Die navorsingsontwerp wat gevvolg is, is ‘n ondersoekend-beskrywende, psigobiografiese gevalstudie waarin ‘n idiografies-morfogeniese navorsingstrategie, oewel as kwalitatiewe data benut is om ‘n samehangende narratief van Barnard se loopbaanontwikkeling aan te bied. Die studie het behels dat biografiese en outobiografiese data wat betrekking het op Barnard se loopbaan ingesamel en ontleed is.

Barnard is as psigobiografiese subjek geïdentifiseer deur middel van doelgerigte steekproeftrekking. Barnard is vir die doel van hierdie studie beskou as ‘n gesikte buitengewone individu op grond van sy baanbrekerswerk in die konteks van orgaanoorplantings.

Die data wat tydens hierdie studie ingesamel is, is kwalitatief van aard en sluit beide primêre (outobiografiese materiaal) en sekondêre data (biografiese materiaal) in. Die data-insameling en –ontleding is gebaseer op ‘n benadering wat deur Yin (2003) voorgestel is. Die strategie behels dat ‘n teoretiese model gebruik word om te bepaal watter data relevant is en die bereiking van die navorsingsdoelwit sal bevorder. Die strategie is implementeer deur vrae wat op die navorsingsprobleem gebaseer is aan die data te stel. Die data-ontleding is gedoen volgens die benadering wat deur Huberman en Miles (1994) voorgestel is. Die benadering behels drie fases, naamlik data-reduksie, data-voorstelling en gevolgtrekkings of verifikasie.

Die navorser het verseker dat etiese standaarde gehandhaaf is tydens die studie deur Barnard se toestemming te verkry voordat die studie onderneem is. Daarbenewens het die navorser persoonlike inligting met respek, empatie, deernis en omsigtigheid hanteer. Die navorser het slegs data wat beskikbaar is in die publieke domein (gepubliseerde biografiese en outobiografiese materiaal) geraadpleeg tydens die data-ontledingsfase. Laastens het die navorser pogings aangewend om die beskikbare data op ‘n verantwoordbare en deursigtige wyse te interpreteer.

Die ontleding van Barnard se loopbaanontwikkeling aan die hand van Greenhaus et al. (2000) se model dui op die waarde van die model om die verloop van buitengewone individue se loopbane akkuraat te beskryf en te interpreteer.

## SUMMARY

The primary objective of the study was to describe Professor Christiaan Barnard's career development according to the theoretical model formulated by Greenhaus, Callanan and Godshalk (2000). The research design implemented in the study is a exploratory-descriptive psychobiographical case-study that followed an idiographic-morphogenic research strategy and used qualitative data to present a coherent narrative of Barnard's career development. During the study biographical and autobiographical data pertaining to Barnard's career development were collected and analysed.

Barnard was selected as psychobiographical subject through a purposive sampling strategy. Barnard was regarded as an appropriate subject for the study because of his extraordinary and pioneering contributions in the context of organ transplants.

The study used qualitative data and included both primary (autobiographical material) and secondary data (biographical material). The data collection and data analyses were based on an approach suggested by Yin (2003). This approach uses a theoretical model to determine the relevance of data as well as the nature of data that would facilitate the achievement of the research objective. It is implemented by posing specific questions to the data. The data analysis procedure was based on the approach suggested by Huberman and Miles (1994). Their approach comprises three phases, namely data-reduction, data-display, and conclusion drawing or verification.

The researcher ensured ethical standards throughout the study by obtaining Barnard's consent to conduct the study. The researcher treated personal information with respect, empathy, thoughtfulness and prudence. Only data available in the public domain (published biographical and autobiographical material) were considered during the data analysis phase. Lastly, the researcher attempted to interpret data in a responsible and transparent manner.

The analysis of Barnard's career development according to the theoretical model of Greenhaus et al. (2000) demonstrated the value of the model to accurately describe and interpret the career development of extraordinary individuals.

## INHOUDSOPGawe

<b>VERKLARING</b>	ii
<b>ERKENNING</b>	iii
<b>OPSOMMING</b>	iv
<b>SUMMARY</b>	v
<b>INHOUDSOPGawe</b>	vi
<b>LYS VAN TABELLE</b>	x
<b>LYS VAN BYLAES</b>	xi

<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING</b>	<b>Pg</b>
1.1 Hoofstukoorsig	1
1.2 Psigobiografiese navorsing	1
1.3 Navorsingsprobleem en –doelwitte	3
1.4 Oorsig van manuskrip	6
1.5 Hoofstukopsomming	6
<b>HOOFSTUK 2: PSIGOBIOGRAFIESE NAVORSING</b>	
2.1 Hoofstukoorsig	7
2.2 Begripsomskrywing	7
2.2.1 Psigologie / Sielkunde	9
2.2.2 Biografie / Outobiografie	9
2.2.3 Verwantskap tussen die psigologiese en biografiese disciplines	10
2.3 Konteks waarbinne psigobiografiese navorsing plaasvind	11
2.3.1 Navorsingsparadigma's	11
2.3.2 Navorsingstypes	15
2.4 Beginsels van psigobiografieskrywing	17
2.4.1 Wetenskaplikheid	17
2.4.2 Integrasie van biografiese data en teoretiese modelle	17
2.4.3 Holistiese perspektief	18
2.4.4 Omvattende databronne	21
2.4.5 Fenomenologie	23
2.5 Ontwikkeling van psigobiografiese navorsing	24
2.6 Suid-Afrikaanse psigbiografiese navorsing	27

2.7	Hoofstukopsomming	27
-----	-------------------	----

### **HOOFTUK 3: LOOPBAANONTWIKKELING**

3.1	Hoofstukoorsig	28
3.2	Loopbaansielkundige terminologie	29
3.3	Oorsig van teoretiese loopbaanmodelle	32
3.3.1	Persoonlikheidstrek-modelle	33
3.3.2	Persoonlikheidstipe-modelle	34
3.3.3	Sosiale leer- en sosiaal-kognitiewe-modelle	34
3.3.4	Besluitneming-modelle	35
3.3.5	Loopbaankonstruksie- en kontekstuele-modelle	36
3.3.6	Loopbaanontwikkelingmodelle	37
3.3.6.1	Donald Super se loopbaanontwikkelingmodel (1953; 1980)	38
3.3.6.2	Edgar Schein se loopbaanontwikkelingmodel (1978)	40
3.3.6.3	Linda Gottfredson se loopbaanontwikkelingmodel (1981)	41
3.4	Greenhaus et al. se loopbaanontwikkelingmodel (2000)	42
3.4.1	Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk ( <i>Occupational choice: Preparation for work</i> )	45
3.4.2	Toetreden tot organisasie ( <i>Organizational entry</i> )	47
3.4.3	Vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie ( <i>Early career: Establishment and achievement</i> )	49
3.4.3.1	Vestigingsfase	49
3.4.3.2	Prestasiefase	52
3.4.4	Middel-loopbaan ( <i>Midcareer</i> )	53
3.4.5	Laat-loopbaan ( <i>Late career</i> )	55
3.5	Hoofstukopsomming	57

### **HOOFTUK 4: METODOLOGIE**

4.1	Hoofstukoorsig	58
4.2	Navorsingsdoelwitte	58
4.3	Navorsingsontwerp	59
4.4	Ontledingseenheid	64
4.5	Psigobiografiese subjek	64

4.6	Data-insameling	66
4.7	Data-verwerking	68
4.8	Data-ontleding	69
4.9	Navorsingsprosedure	71
4.10	Etiese oorwegings	71
4.11	Hoofstukopsomming	72

## **HOOFSTUK 5: BEVINDINGE**

5.1	Hoofstukoorsig	73
5.2	Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk (1922-1946)	73
5.3	Toetrede tot organisasie (1947-1953)	81
5.4	Vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie (1953-1962)	84
5.5	Middel-loopbaan (1963-1976)	99
5.6	Laat-loopbaan (1977-2001)	116
5.7	Hoofstukopsomming	128

## **HOOFSTUK 6: BESPREKING**

6.1	Hoofstukoorsig	129
6.2	Loopbaanontwikkeling	129
6.3	Kronologiese verloop van Barnard se loopbaanontwikkeling	130
6.4	Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk (1922-1946)	132
6.5	Toetrede tot organisasie (1947-1953)	135
6.6	Vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie (1953-1962)	137
6.7	Middel-loopbaan (1963-1976)	140
6.8	Laat-loopbaan (1977-2001)	143
6.9	Hoogtepunte en prestasies	145

6.10	Gesinslewe	146
6.11	Gesondheidstoestand	146
6.11	Hoofstukopsomming	147

**HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKING**

7.1	Hoofstukoorsig	148
7.2	Waarde van die studie	148
7.3	Beperkinge van die studie	150
7.4	Aanbevelings vir toekomstige navorsing	153
7.5	Slotsom	154
	<b>VERWYSINGS</b>	155

## LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1	Loopbaanontwikkelingmodel van Donald Super (1953)	40
Tabel 3.2	Loopbaanontwikkelingmodel van Greenhaus et al. (2000)	44
Tabel 4.1	Prominente bronne wat geraadpleeg is oor Barnard se loopbaan	68
Tabel 4.2	Kwalitatiewe data-verwerkingstabel	69
Tabel 4.3	Data-ontledingsriglyne	70
Tabel 4.4	Navorsingsprosedure	71
Tabel 5.1	Barnard se familiekronologie	74
Tabel 5.2	Barnard se studiekronologie	79
Tabel 5.3	Barnard se gesinskronologie	83
Tabel 5.4	Barnard se publikasiekronologie	109
Tabel 5.5	Orgaanoorplantingskronologie	114
Tabel 6.1	Vergelyking tussen Greenhaus et al. (2000) en Barnard se loopbaanstadia	130

**LYS VAN BYLAES**

Bylaag A:	Plaaslik voltooide psigobiografiese navorsingsprojekte	169
Bylaag B:	Schein (1978) se loopbaanontwikkelingmodel	170

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Afd	Opskrif	Pg
1.1	Hoofstukoorsig	1
1.2	Psigobiografiese navorsing	1
1.3	Navorsingsprobleem en –doelwitte	3
1.4	Oorsig van manuskrip	6
1.5	Hoofstukopsomming	6

#### **1.1 Hoofstukoorsig**

Hierdie inleidende hoofstuk bied ‘n samevatting van die studie aan. Na ‘n inleidende oorsig oor psigobiografiese navorsing word die navorsingsprobleem en navorsingsdoelwitte geformuleer. Daarna word die struktuur van die manuskrip uiteengesit.

#### **1.2 Psigobiografiese navorsing**

Hierdie studie behels ‘n psigobiografiese ontleding van die loopbaanontwikkeling van Professor Christiaan Neethling Barnard (na wie hierna verwys sal word as *Barnard*). Psigobiografieë handel oor die volledige lewensverloop (van geboorte tot sterwe) van buitengewone, beroemde, enigmatische, of voorbeeldige individue (Carlson, 1988). Die doel van psigobiografiese navorsing is volgens McAdams (2006): “*to discern, discover, or formulate the central story of the entire life, a story structured according to a psychological theory*” (p.503).

Psigobiografiese navorsing word in besonderhede bespreek in Hoofstuk 2. Hier word dus volstaan daarmee dat psigobiografiese studies gewoonlik drie afsonderlike komponente integreer:

- a. ‘n omvattende lewensbeskrywing,
- b. ‘n sielkundige teorie wat gebruik word om die lewensbeskrywing mee toe te lig,

- c. ‘n beskrywing van die sosio-historiese konteks waarbinne die lewensverloop plaasgevind het (Runyan, 1982; 1988b).

Psigobiografiese navorsing fokus noodwendig op die lewens van buitengewone (*extraordinary*) individue. Van die biljoene individue wat gedurende die laaste paar duisend jaar die aarde bewoon het, het ‘n onbeduidende persentasie bo hul tydgenote uitgestyg op grond van hul buitengewone prestasies (Gardner, 1977). Psigobiografiese navorsing fokus oor die algemeen op die lewens van hierdie groep individue. Die keuse van psigobiografiese subjekte berus meesal op die belangrikheid van die individu se lewe of die belangstelling wat deur die individu gaande gemaak word (Howe, 1997). Individue wie se lewens bestudeer word, moet per definisie oor besondere of enigmatische kenmerke beskik.

Dit is opvallend dat die mensdom meesal in liefde-haat verhoudings staan teenoor buitengewone individue in hul midde. Dit is asof buitengewone individue terselfdertyd bewonder èn met ‘n mate van agterdog of nydigheid bejeën word. Gardner (1977) het dit as volg gestel: “*Even as we esteem our heroes, we mortals equally love to denigrate them*” (p.3). Dit is waarskynlik een van die redes waarom buitengewone individue steeds nie die aandag van sielkundige navorsers trek wat hul toekom nie. Gardner (1977) het dertig jaar gelede gemeld dat gedrags- en natuurwetenskaplikes oor die algemeen meer bedag is op ooreenkoms eerder as verskille:

*Differences among individuals are not prominent in other species; and most scientists who focus on human beings have been more interested in the patterns that obtain among all of us than in those regularities that might distinguish some individuals from others.* (p.3)

In teenstelling met bogemelde houding erken en bepleit psigobiografiese navorsers die waarde van navorsing wat fokus op individuele lewensverhale (Elms, 1994; McAdams, 2001; 2006; Runyan, 1982; 2005; Schultz, 2005b). Alhoewel daar plaaslik gedurende die laaste dekade ‘n aantal studies voltooi is (byvoorbeeld Fouche, 1999; Green, 2006; Jacobs, 2005; Stroud, 2004; Vorster, 2003), word psigobiografiese navorsing steeds in Suid-Afrika onderskat en afgeskeep. Plaaslike psigobiograwe (sien Bylaag A) het die afgelope tyd Suid-Afrikaanse sielkundiges

gekritiseer omdat hulle nalaat om die lewens van buitengewone landgenote sielkundig na te vors. Die gevolg van hierdie traagheid is dat geleenthede vir die toepassing van sielkundige teorieë op die lewensverhale van buitengewone Suid-Afrikaners plaaslik nagelaat word. Die toedrag van sake is in kontras met dié binne die internasionale navorsingsgemeenskap waar psigobiografiese navorsing tans 'n opbloeifase ervaar (McAdams, 2005; Runyan, 2005; Schultz, 2005b).

Talle Suid-Afrikaners het die aandag van die internasionale gemeenskap getrek. Enkele voorbeelde wat vermelding verdien is Steve Biko, George Bizos, Mimi Coertse, JM Coetzee, Danie Craven, FW de Klerk, Bruce Fordyce, Athol Fugard, Mohandas Gandhi, Penny Heyns, Gavin Hoods, Albert Luthuli, Nelson en Winnie Mandela, Thabo Mbeki, Patrice Motsepe, Ryk Neethling, Harry Oppenheimer, Alan Paton, Francois Pienaar, Anton Rupert, Roland Schoeman, Mark Shuttleworth, Jan Smuts, Robert Sobukwe, Charlize Theron, Philip Tobias, en Desmond Tutu. Die lewens van die individue op die onvolledige lys is van besondere sielkundige en historiese belang en verdien om verder deur bedryfsielkundiges bestudeer te word.

### **1.3 Navorsingsprobleem en -doelwitte**

Die doel van die studie is om Barnard se loopbaanontwikkeling te ondersoek en te beskryf. Dit is belangrik om te beklemtoon dat die studie primêr n bedryfsielkundige, en sekondêr n biografiese navorsingsprojek is. Hierdie belangrike onderskeid is net meer as 'n dekade gelede deur Elms (1994) beklemtoon. Elms het verklaar dat psigobiografiese navorsing nie net behoort te lei tot die publikasie van biografieë nie, maar dat dit primêr beskou moet word as 'n sielkundige navorsingsmetode. Elms (1994) het dit voorts beklemtoon dat sielkundiges baie baat kan vind by die bestudering van die volledige lewensverloop van enkele individue. Hy het gevolglik sielkundiges aangepor om nie hul verantwoordelikheid met betrekking tot lewensgeskiedenisnavorsing af te skeep nie, maar eerder die kwaliteit en standaard van psigobiografiese navorsing te handhaaf. Die vermaning strook met navorsers (McAdams, 2001; Runyan, 1988a; Roberts, 2002; Schultz, 2005b) se besorgdheid oor die aantal psigobiografiese navorsingsprojekte of opleidingsprogramme wat deur universiteite aangebied word.

Die projek oor Barnard se loopbaanontwikkeling verteenwoordig 'n poging om die invloed van psigobiografiese navorsing binne die plaaslike bedryfsielkundige dissipline te versterk. Die projek word voorts gemotiveer deur die volgende nege faktore:

- a. Psigobiografiese navorsing verteenwoordig 'n dinamiese navorsingsterrein waarin gepoog word om die ervarings en lewensverloop van individue beter te verstaan (Roberts, 2002).
- b. Psigobiografiese navorsing stel 'n wetenskaplike metode tot sielkundiges se beskikking om te bepaal hoe en waarom sekere kinders in buitengewoon bekwame of vindingryke volwassenes ontwikkel (Howe, 1997; Simonton, 1994).
- c. Daar bestaan internasionaal, maar veral plaaslik 'n behoeftte aan psigobiografiese navorsing (Green, 2006; Jacobs, 2005; Schultz, 2005b; Stroud, 2004; Vorster, 2003).
- d. Die doelwitte van psigobiografiese navorsing oorvleuel in 'n groot mate met die doelwitte van positiewe sielkunde. Psigobiografiese navorsing kan gevvolglik konstruktief bydra tot hierdie dinamiese en snelgroeiente navorsingsrigting (Linley & Joseph, 2004; Peterson & Seligman, 2004; Seligman, 2005).
- e. Daar is 'n behoeftte aan interdissiplinêre navorsing binne die sosiale en ekonomiese wetenskappe. Psigobiografiese navorsing verteenwoordig 'n benadering waarbinne die bydraes van verskeie dissiplines geïntegreer kan word (Runyan, 1988c; 2005).
- f. Buitengewone individue herinner sielkundige navorsers dat uitsonderlike prestasies binne bereik is en inspireer mense om soortgelyke prestasies na te streef. Daar is dus talle potensiële lewenslesse te vind in die lewensbeskrywings van buitengewone individue. Psigobiografiese studies is in staat om sulke lesse te onthul en te beskryf (Gardner, 1977).

- g. Lewensgeskiedenis-data stel sielkundiges in staat om die invloed van 'n verskeidenheid sosio-historiese kontekste en omgewingsveranderlikes op die ontwikkeling van buitengewoonheid noukeurig te bestudeer (Carlson, 1988; Runyan, 1997; Simonton, 2003).
- h. Die lewensverhale van buitengewone individue bevestig dat baie vorme van buitengewoonheid nie aangebore is nie, maar stelselmatig ontwikkel. Die aard van die sielkundige ontwikkelingsprosesse kan deur psigobiografiese studies ontleed en beskryf word (Gardner, 1977).
- i. Daar is in die jong Suid-Afrikaanse demokrasie 'n behoefte aan erkenning van Suid-Afrikaners wat buitengewone bydraes gelewer het. Psigobiografiese lewensbeskrywings kan 'n belangrike rol speel om begrip en waardering te skep vir individue wat vanuit (en soms ten spyte van) uiteenlopende psigososiale en sosio-kulturele agtergronde indrukwekkende bydraes gelewer het.

Barnard is waarskynlik een van die bekendste Suid-Afrikaners ooit. Sy lewe het op 3 Desember 1967 onder die kalklig gekom toe hy die wêreld se eerste hartoorplanting in die Grootte Schuur Hospitaal (GSH) in Kaapstad uitgevoer het. Sedertdien het sy besondere prestasies en kleurvolle lewensstyl baie publisiteit ontvang. Die beskikbare publikasies verteenwoordig 'n omvattende navorsingsdatabank waarmee allerlei sielkundige aspekte van sy lewe empiries ondersoek kan word. Ten spyte van die omvangryke publikasies kon geen akademies-sielkundige studie opgespoor word wat fokus op Barnard se lewe nie. Die voortgesette belangstelling in sy lewe skep 'n behoefte om sy besondere lewensverhaal te ondersoek en te beskryf. Sodanige ondersoek kan uiteindelik bydra tot die formulering van 'n koherente geheelbeeld van Barnard se lewe en bydraes.

Die navorsing het op grond van verskeie redes besluit om die teoretiese perspektief van Greenhaus, Callanan en Godshalk (2000) te gebruik om Barnard se loopbaanontwikkeling mee te ondersoek. Eerstens is die teoretiese model voorgehou tydens die kursus in Loopbaansielkunde wat deel uitgemaak het van die meestergraadkursus in Bedryfsielkunde. Tweedens verteenwoordig Greenhaus et al.

se model ‘n omvattende, eklektiese benadering wat gebaseer is op die werk van prominente ontwikkelingsteoretici soos Erik Erikson (1963), Roger Gould (1972), Daniel Levinson (Levinson, 1996; Levinson, Darrow, Klein, Levinson, & McKee, 1978), Abraham Maslow (1954; 1968; 1970), Edgar Schein (1978), Donald Super (1953; 1980) en George Vaillant (1977). Derdens beskou Greenhaus et al. loopbaanontwikkeling as ‘n lewenslange en multi-dimensionele proses wat ‘n invloed uitoefen op die totale lewens van individue, insluitende hulle fisiese-, psigiese-, emosionele-, sosiale-, gesins- en loopbaanontwikkeling. Vierdens is die navorser van mening dat die balans wat Greenhaus et al. handhaaf tussen algemene sielkundige ontwikkeling aan die een kant en loopbaanontwikkeling aan die ander, die toepassingswaarde en reikwydte van hul model verhoog. Die navorser het dus verwag dat ‘n beskrywing van Barnard se loopbaan aan die hand van hierdie model ‘n bydrae sou maak tot beter begrip van Barnard se ontwikkeling as geneeskundige pionier.

#### **1.4 Oorsig van manuskrip**

Die manuskrip bestaan uit agt hoofstukke waarvan die eerste ‘n inleiding en probleemstelling is. Hoofstukke 2-3 bied ‘n literatuuroorsig aan. Hoofstuk 2 verskaf ‘n oorsig van psigobiografiese navorsing. Op soortgelyke wyse bied Hoofstuk 3 ‘n oorsig aan van loopbaansielkunde en die modelle wat in die sub-dissipline gebruik word. In Hoofstuk 4 word die navorsingsmetodologie asook verskeie kwessies en probleme wat betrekking het op psigobiografiese navorsingsmetodologie bespreek. Die data wat opgespoor is tydens die ondersoek na Barnard se loopbaanontwikkeling word in Hoofstuk 5 aangebied waarna dit in Hoofstuk 6 bespreek word. Die manuskrip word met Hoofstuk 7 afgesluit. Hierdie laaste hoofstuk fokus op die waarde en beperkings van die studie asook aanbevelings oor toekomstige navorsing.

#### **1.5 Hoofstukopsomming**

Hierdie inleidende hoofstuk het ‘n beknopte oorsig van die studie aangebied. Die hoofstuk dien as algemene oriëntasie tot die studie en bevat formuleringe van die navorsingsprobleem en -doelwitte sowel as ‘n inhoudelike oorsig van die manuskrip.

## HOOFSTUK 2

### PSIGOBIOGRAFIESE NAVORSING

Afd	Opskrif	Pg
2.1	Hoofstukoorsig	7
2.2	Begripsomskrywing	7
2.2.1	Psigologie / Sielkunde	9
2.2.2	Biografie / Outobiografie	9
2.2.3	Verwantskap tussen die psigologiese en biografiese dissiplines	10
2.3	Konteks waarbinne psigobiografiese navorsing plaasvind	11
2.3.1	Navorsingsparadigma's	11
2.3.2	Navorsingstipes	15
2.4	Beginsels van psigobiografieskrywing	17
2.4.1	Wetenskaplikheid	17
2.4.2	Integrasie van biografiese data en teoretiese modelle	17
2.4.3	Holistiese perspektief	18
2.4.4	Omvattende databronne	21
2.4.5	Fenomenologie	23
2.5	Ontwikkeling van psigobiografiese navorsing	24
2.6	Suid-Afrikaanse psigobiografiese navorsing	27
2.7	Hoofstukopsomming	27

#### **2.1 Hoofstukoorsig**

Die hoofstuk bied ‘n oorsig van psigobiografiese navorsing aan. Die hoofstuk bestaan uit vyf afdelings. Eerstens word die begrip psigobiografie omskryf en ‘n aantal verwante begrippe gedefinieer en bespreek. Tweedens word die navorsingskonteks waarbinne psigobiografiese navorsing plaasvind aan die hand van navorsingsparadigma’s en –tipes bespreek. Derdens word ‘n oorsig aangebied van die beginsels van psigobiografieskrywing. Daarna word ‘n oorsig aangebied van die ontwikkeling van psigobiografiese navorsing. Vyfdens word ‘n oorsig aangebied van psigobiografiese navorsing wat in Suid-Afrika voltooi is.

#### **2.2 Begripsomskrywing**

Psigobiografiese navorsing behels die bestudering van voltooide beroemde, enigmatiese, of voorbeeldige lewens binne hul sosio-historiese konteks aan die hand van sielkundige teorieë wat gebruik word “...to transform a life into a coherent and

*illuminating story*" (McAdams, 2006, p.503). 'n Oorsig van bestaande definisies dui daarop dat die konsep psigobiografie minstens vyf universele kenmerke het (Bromley, 1986; Carlson, 1988; Edwards, 1990; 1998; Runyan, 1982; 1983; 2005; Schultz, 2005b; Simonton, 2003):

- a. Psigobiografieë maak gebruik van kwalitatiewe data;
- b. Psigobiografieë gee voorkeur aan 'n omvattende benadering tot die lewensverloop van individue eerder as spesifieke afgebakende episodes (wat gewoonlik in konvensionele gevalstudies ondersoek word);
- c. Psigobiografiese subjekte word by naam geïdentifiseer (in teenstelling met kwantitatiewe navorsing waarin subjekte anonimiteit geniet);
- d. Psigobiografiese navorsers samel meesal nie self die biografiese data in nie, maar gebruik data wat deur ander navorsers soos byvoorbeeld geskiedkundiges, biografe, joernaliste, argivaris se ingesamel word;
- e. Psigobiografiese navorsers samel nie data in om spesifieke, vooraf geformuleerde navorsingsprobleme op te los nie, maar omdat die inligting inherent interessant en waardevol voorkom en as geskiedkundig waardevol geag word. Simonton (2003) het dit as volg beskryf:

*...the data represented what the collectors considered to be worthy of the "historical record". That is, the data concerned events or persons deemed sufficiently significant to deserve preservation in the various annals that define the "memory of human civilization".*

(p.618)

Die term psigobiografie is 'n saamvoeging van twee afsonderlike terme, naamlik psigologie en biografie. Daar is tale ooreenkomsste en verskille tussen die twee terme wat vervolgens bespreek word.

### **2.2.1 Psigologie / Sielkunde**

Sternberg (2004) het psigologie of sielkunde definieer as “*the study of mental processes, behaviour, and the relationship between them*” (p.2) en daarby gevoeg dat sielkundiges fokus op hoe mense en ander organismes dink, verstaan, leer, waarneem, voel, optree en op mekaar reageer.

As vakgebied het sielkunde vyf fundamentele doelwitte, naamlik die beskrywing, verduideliking, voorspelling en beheer van sielkundige verskynsels sowel as die verbetering van lewenskwaliteit. Dit volg logies dat die lewensverhale van mense ‘n kernbelangstelling van sielkunde uitmaak (Howe, 1997; McAdams, 2001; 2006). Hiervolgens probeer sielkundiges onderskei hoe verskille tussen individue ontwikkel en manifesteer asook hoe die lewensverloop van individue verstaan kan word.

### **2.2.2 Biografie / Outobiografie**

Internasionaal verteenwoordig biografiese navorsing ‘n dinamiese en snelgroeiente navorsingsveld (Chamberlayne, Bornat, & Wingraf, 2000; Roberts, 2002). Biografiese navorsing fokus op die verskillende ervarings, weergawes en interpretasies van individuele lewens in ‘n poging om sentrale onderliggende lewensverhale te beskryf (Roberts, 2002).

Winslow (1980) het die term biografie gedefinieer as ‘n letterkundige genre waarin die lewensverhale (of lewensgeskiedenis) van individue gedokumenteer word. Die term outobiografie verwys na die dokumentasie van ‘n individuele lewe deur die individu self. Alhoewel outobiografe dikwels gebruik maak van objektiewe en feitelike rekords, word outobiografieë gekenmerk deur selektiwiteit, bevooroordeeldheid en subjektiwiteit (Bromley, 1986; Denzin, 1989; Roberts, 2002). Aangesien biografieë ‘n letterkundige genre verteenwoordig, moet dit volgens sekere konvensies aangebied word. Die konvensies sluit literêre, sielkundige en interpretatiële riglyne in wat aandui hoe lewensbeskrywings aangepak moet word (Denzin, 1989).

Winslow (1980) het aangevoer dat biografieë onderskei kan word op grond van die ingesteldheid van die biograaf teenoor die biografiese subjek. Sommige biograwe mag byvoorbeeld poog om hul subjekte in 'n voorbeeldige of selfs romantiese lig voor te stel ('n uiterste vorm hiervan is die sogenaamde *hagiografie* of heilige-lewensbeskrywing). Daarenteen mag ander verkies om 'n meer kritiese ingesteldheid aan die dag te lê. 'n Oordrywing van laasgenoemde ingesteldheid mag daar toe lei dat 'n biografie die subjek ontmasker of beswadder. Psigobiografiese navorsers probeer noodwendig sulke uiterstes vermy en benader hul subjekte so objektief, wetenskaplik, of lewensgetrou as moontlik (Anderson, 1981a; 1981b).

### **2.2.3 Verwantskap tussen die psigologiese en biografiese dissiplines**

Beide sielkundiges en biograwe is geïnteresseerd in lewensverhale en benut biografiese data (byvoorbeeld, dagboeke, brieve, outobiografieë, biografieë, foto's, joernale, vertellings en gesprekke) in hul navorsing (Roberts, 2002). Die gemeenskaplike doelwit van die twee dissiplines is beter begrip van die gedrag, ervarings en ontwikkeling van mense (Howe, 1997; McAdams, 1988).

Die twee dissiplines verskil egter in die mate waarin sielkundige teorieë gebruik word om die biografiese data te interpreteer. Sielkunde is 'n wetenskaplike dissipline en benadruk gevvolglik empiriese bewyse sowel as die gebruik van konseptuele modelle om gedrag, ervarings en ontwikkelingspatrone te verstaan en te beskryf (Howe, 1997). Daarenteen verteenwoordig biografieskrywing 'n meer subjektiewe en intuïtiewe benadering wat die uniekheid van individue – eerder as die ooreenkomste tussen hulle – beklemtoon.

Daar was gedurende die afgelope 25 jaar 'n groeiende erkenning van die waarde van biografiese en outobiografiese benaderings in sielkunde (Bertaux, 1981; Elms, 1994; McAdams, 2006; Runyan, 1988a, 1997; Schultz, 2005b; Wrightsman, 1981). Sielkundige navorsers wat ten gunste is van die gebruik van biografiese navorsingsmetodes is daarvan oortuig dat die metodes begrip vir die lewenservarings van mense bevorder. Hierdie begrip berus op 'n interpretatiewe of intersubjektiewe proses wat die navorser in staat stel om die lewens van ander te ontleed en te verstaan (Denzin, 1989).

Die waarde van biografiese navorsingsmetodes word egter nie net deur sielkundiges erken nie. Navorsers wat etlike ander dissiplines verteenwoordig, toon reeds geruime tyd belangstelling in biografiese navorsingsmetodes. Die dissiplines sluit byvoorbeeld geskiedenis, letterkunde, musiek, kuns, sielkunde, sosiologie, antropologie, filosofie en kriminologie in (Hones, 1998).

## 2.3 Konteks waarbinne psigobiografiese navorsing plaasvind

### 2.3.1 Navorsingsparadigma's

Die term navorsingsparadigma is deur Kuhn (1970) in sy boek *The structure of scientific revolutions* populêr gemaak. Kuhn het die term paradigma beskryf as “*what the members of a scientific community share, and, conversely, a scientific community consists of [individuals] who share a paradigm*” (p.176). Volgens Guba (1990) verwys die term na ‘n “*basic set of beliefs that guides action*” (p.17). Die term impliseer voorts dat daar aannames bestaan oor die aard van die werklikheid of realiteit (*ontologie*) asook maniere waarop die werklikheid verken kan word (*epistemologie*). Paradigma's speel 'n belangrike rol in navorsing. Navorsers word gevolegtlik aangemoedig om ondersoekende paradigmaties te konseptualiseer alvorens metodologiese besluite oorweeg en implementeer word.

‘n Aantal navorsingsparadigma's bestaan, maar die klassifisering daarvan word bemoeilik deur die gebrek aan eenstemmigheid tussen navorsers oor terminologie en kriteria. Die paradigma's is geleë op ‘n kontinuum waarvan die uiterste verteenwoordig word deur realisme aan die een kant en relativisme aan die ander, of objektiwiteit aan die een kant en (inter)subjektiwiteit aan die ander. Die bekende paradigma's is as volg: positivisme, post-positivisme, interpretivisme, konstruktivisme, sosiale-konstruktivisme, en die sogenaamde kritiese paradigma (Durrheim, 2006).

Psigobiografiese studies vertoon die kenmerke van ten minste twee paradigma's naamlik die sosiale-konstruktivisme en interpretivisme. Die **sosiale**

**konstruksionisme** is ‘n invloedryke paradigma. Volgens Stroud (2004) fokus die paradigma aandag daarop dat:

*...human experience, including perception, is mediated historically, culturally, and linguistically. That is, what we perceive and experience is never a direct reflection of environmental conditions, but must be understood as a specific reading of these conditions.* (p.12)

Navorsers wat hierdie benadering volg, lê klem op die uiteenlopende maniere waarop sosiale realiteit konstrueer word. Volgens McAdams (2006) is ‘n individu se lewensverhaal ‘n psigososiale konstruksie. Dit impliseer dat die verhaal gekonstrueer word deur die individu self, maar dat die konstruksiemoontlikhede deur die kultuur waarin die individu leef, bepaal word. Psigososiale konstrukte is normaalweg gebaseer op feite, maar McAdams het aangevoer dat dit soms meer dek as die blote feitelike weergawe.

Terre Blanche, Kelly en Durrheim (2006) het die **interpretivistiese paradigma** as volg beskryf:

*...the interpretive paradigm involves taking people's subjective experiences seriously as the essence of what is real for them (ontology), making sense of people's experiences by interacting with them and listening carefully to what they tell us (epistemology), and making use of qualitative research techniques to collect and analyse information (methodology). Thus, the interpretive paradigm...focuses on...harnessing and extending the power of ordinary language and expression to help us understand the social world we live in.* (pp.273-274)

Navorsers wat binne die interpretivistiese paradigma werk erken dat hulle subjektief betrokke is tydens die data-insameling en –ontledingsfases van hul projekte. Dit impliseer dat die graad van empatie wat hulle ervaar met betrekking tot die subjekte en die verskynsels wat hul bestudeer direk tot die sukses van hul navorsing bydra. Meer nog, in die interpretivistiese paradigma word navorsers as die primêre navorsingsinstrumente beskou.

Twee benaderings staan sentraal tot die sosiale-konstruktivistiese en interpretivistiese paradigma’s. Die benaderings is die postmodernistiese- en narratiewe benaderings. Die **postmodernisme** het sedert die 1970s in verskeie dissiplines (argitektuur,

filosofie, letterkunde, mediastudies, sosiologie en teologie) na vore getree. Sedertdien het sielkundiges ook besin oor die invloed van die postmoderne era op sielkundige navorsing en praktyk (Denzin, 1989; McAdams, 2006). Alhoewel die postmodernisme reeds meer as 30 jaar 'n impak het op navorsing in verskeie dissiplines, is daar steeds nie konsensus oor die spesifieke betekenis en implikasies van die term nie. Dit hou egter nou verband met 'n invloedryke literêre beweging wat veral tussen 1970-1990 baie veld gewen het, naamlik die *dekonstruksionisme*. Dekonstruksionisme word veral met die filosoof Jacques Derrida geassosieer (McAdams, 2006) en maak onder andere daarop aanspraak dat literêre tekste nie oor enige inherente, stabiele betekenis beskik nie. Die aanspraak impliseer dat woorde, taal en tekste dubbelsinnig is en dat die betekenis daarvan bepaal word deur die verband tussen die woorde en tekste wat daarmee saam voorkom of gebruik word. Die postmodernisme bepaal dat mense se identiteit, net soos woorde en tekste, nie oor inherente betekenis beskik nie, maar vloeierend en onstabiel is (McAdams, 2006).

Alhoewel individue dus dink dat hulle hulself verstaan en dat hul lewens iets bepaalds verteenwoordig, berus sulke denke volgens die postmodernisme op vals aannames. Gergen (in McAdams, 2001) het die dilemma as volg verwoord:

*Under postmodern conditions, persons exist in a state of continuous construction and reconstruction; it is a world where anything goes that can be negotiated. Each reality of self gives way to reflexive questioning, irony, and ultimately the playful probing of yet another reality. The center fails to hold.* (p.675)

Vir die doel van hierdie studie, word die postmodernisme voorgehou as 'n denkrigting wat (McAdams, 2001):

- Teorieë, wetmatighede, waarhede, konvensionele gewoontes, universele aansprake en waardes met skeptisisme bejeën;
- Openlikheid en verdraagsaamheid voorstaan met betrekking tot die dubbelsinnigheid ("ambiguity") en veelvuldigheid van die lewe;
- Waardering het vir uiteenlopende weergawes van ervarings en gebeure;
- Fokus op subjektiewe perspektiewe en menings.

Alhoewel die postmodernisme 'n dinamiese denkriktiging en era verteenwoordig, bied sommige navorsers en praktisyns daarteen weerstand omdat die beginsels daarvan nie voorsiening maak vir sekerhede of wetmatighede nie (McAdams, 2001). Die belangrikste implikasie wat die postmodernisme vir psigobiografiese navorsing inhou, is dat lewens en identiteite van nature veranderlik is en voortdurend in sosiale kontekste konstrueer en herkonstrueer word.

Die **narratiewe benadering** is 'n postmodernistiese kwalitatiewe navorsingsmetode wat gebaseer is op die idee dat individue 'n narratief vir hul lewens konstrueer en uitleef (Terre Blanche et al., 2006). Die narratiewe of verhalende benadering het ontstaan as gevolg van mense se natuurlike neiging om hulself deur middel van stories uit te druk (McAdams, 2006). Polkinghorne (in McAdams, 2001) het dit as volg gestel:

*We live immersed in narrative, recounting and reassessing the meanings of our past actions, anticipating the outcomes of our future projects, situating ourselves at the intersection of several stories not yet completed. We explain our actions in terms of plots, and often no other form of explanation can produce sensible statements.* (p.667)

Verhale verteenwoordig 'n natuurlike en spontane vorm waarin mense verskillende tipes inligting organiseer. Dit verrig ook 'n aantal belangrike sielkundige funksies. Daarom kom stories sedert antieke tye in alle kulture en in talle gedaantes voor (byvoorbeeld, mite, legende, epos, geskiedenis, rolprent, volksverhaal, nuusberig). Die primêre funksie van stories is integrasie, of die organisering van uiteenlopende aspekte van gedrag of ervarings in 'n samehangende geheel. Stories speel daarom 'n kritiese rol in mense se pogings om sin en kontinuïteit ten opsigte van hul verlede, hede, en toekoms te ervaar (Elms, 1994; Erikson, 1958; McAdams, 2006). Mense span stories in om moeilike en problematiese lewenservarings te verstaan. Buitendien integrerende funksie voed stories ook op, bied vermaak, inspireer, oortuig, verduidelik en stimuleer:

*One of the main things that stories do is to integrate disparate elements of human experience into a more-or-less coherent whole... Stories integrate human action and consciousness in time, providing a sequence of events that specifies beginning, middle, and*

*ending... Stories help to organize the chaos of raw experience into a more-or-less followable narrative form.* (McAdams, 1999, p. 482)

Die narratiewe beweging neem tans 'n prominente posisie in die menswetenskappe in (Roberts, 2002). Die gewildheid hou gedeeltelik verband met die narratiewe benadering se verbintenis met postmodernisme. Die benadering het aanvanklik binne die literatuurstudie ontwikkel, maar het intussen na heelwat ander dissiplines soos filosofie, geskiedenis, opvoedkunde, sosiologie, teologie en sielkunde versprei (McAdams, 2006).

Sielkundiges het gedurende die 1980s die waarde van narratiewe of verhale herontdek. Sedertdien trek die lewensverhale van gewone, beroemde, berugte of enigmatische individue die aandag van sielkundige navorsers (Howe, 1997; McAdams, 1988; 2006). Die narratiewe bestudering van lewens verteenwoordig (soos psigobiografiese navorsing) 'n gekoördineerde interdissiplinêre poging om lewens in hul natuurlike konteks te ontleed, beskryf, interpreteer en te versprei. Sarbin (in McAdams, 2006) het narratiewe beskou as 'n "...root metaphor for contemporary psychology" (p.464) aangesien dit sielkundiges help om mense te bestudeer in hul sosiale en historiese kontekste.

### 2.3.2 Navorsingstipes

Durrheim (2006) het tien navorsingstipes onderskei. Die kategorieë oorvleuel met mekaar en daar bestaan nie konsensus tussen navorsers oor die gebruik van die kategorieë nie. Alhoewel dit tot aansienlike verwarring aanleiding gee, dien die kategorieë tog as nuttige agtergrondinligting tydens die bespreking van die doelwitte van navorsingsprojekte (sien afdeling 4.2). Nadat navorsers hul ondersoekse paradigmaties konseptualiseer het, moet hulle noukeurig oorweging skenk aan die doelwitte van die studie aangesien dit 'n invloed het op die tipe navorsing wat gedoen gaan word. Die navorsingstipes sluit die volgende in: basiese-, toegepaste-, ondersoekende-, beskrywende-, verklarende-, evaluerende-, kwantitatiewe-, kwalitatiewe-, fundamentele- en strategiese navorsing.

Psigobiografiese navorsing toon ooreenkomste met drie navorsingstipes, naamlik basiese-, beskrywende- en kwalitatiewe navorsing. Die tipes word vervolgens kortliks bespreek.

**Basiese navorsing** het ten doel om fundamentele vrae oor menslike gedrag te beantwoord en het daarom dikwels 'n teoretiese aanslag. **Beskrywende navorsing** fokus gewoonlik op die akkurate en geldige beskrywing van 'n verskynsel, gebeurtenis, of proses. Beskrywende navorsing is veral nuttig tydens die aanvang van 'n projek of program (verklarende navorsing is gewoonlik later in 'n projek meer gepas). Die beskrywings neem gewoonlik 'n narratiewe vorm aan, maar kan ook klassifiserend van aard wees.

Data wat in die vorm van geskrewe of gesproke taal opgeteken word, word in **kwalitatiewe navorsing** gebruik. Die data-ontledingstegnieke wat hier gebruik word behels die identifisering en kategorisering van tema's. Kwalitatiewe navorsing stel navorsers in staat om verskynsels in besonderhede te bestudeer. Kwalitatiewe navorsers bemoei hul veral met individuele ervarings asook die betekenis wat daaraan geheg word (Denzin & Lincoln, 2005; Roberts, 2002).

Die verhouding tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing het ongelukkig in die verlede kenmerke van 'n ideologiese konflik vertoon (Edwards, 1990; 1998). Dit het tot gevolg gehad dat die verskille tussen die strategieë oorbeklemtoon is. Die kwantitatiewe strategie het deur die gebruik van ingewikkelde eksperimentele ontwerpe en statistiese berekenings sedert 1950 baie daartoe bygedra dat die *wetenskaplikheid* van die sielkundige dissipline bevorder is. Die erkenning wat kwantitatiewe navorsers ontvang het, het ongelukkig twee ongelukkige gevolge gehad. In die eerste plek het daar 'n kloof tussen navorsing en praktyk ontwikkel (Bromley, 1986; Yin, 2003). In die tweede plek het sielkundiges vir dekades weggeskram van intensieve gevalstudies. In die proses is die invloed van unieke en individuele veranderlikes onderbeklemtoon (Runyan, 1982; 1988b). Die tendens het 'n negatiewe impak gehad op psigobiografiese navorsing.

## 2.4 Beginsels van psigobiografieskrywing

Soos in die geval van ander navorsingsmetodes, is sekere slaggate inherent aan psigobiografiese navorsing. Navorsers kan die risiko verminder deur sekere beginsels te implementeer (Alexander, 1988, 1990; Elms, 1994; Runyan, 1982, 1988a; 2005). Die beginsels word vervolgens bespreek.

### 2.4.1 Wetenskaplikheid

Alhoewel psigobiograwe dikwels in die verlede gekritiseer is op grond van hul *onwetenskaplike* navorsingsmetodes, het hierdie kritiek meesal gespruit uit ‘n eng en verouderde wetenskapsbeskouing (McAdams, 2006; Roberts, 2002; Runyan, 1982). Biografiese navorsing is weliswaar nie gebaseer op die basiese beginsels van positivisme en empirisisme nie. Die beginsels het sedert die middel van die vorige eeu vir dekades hoogty gevier en alle benaderings wat nie daarby ingepas het nie, is summier afgemaak as onwetenskaplik (Stroud, 2004; Willig, 2001). Daar het egter wereldwyd ‘n houdingsverandering ingetree. Terselfdertyd het kwalitatiewe navorsers aansienlike metodologiese vooruitgang gemaak wat veroorsaak het dat kwalitatiewe studies meer wetenskaplik en gewild geraak het (Simonton 2003). Die verandering in navorsingsbenadering het daar toe bygedra dat psigobiografiese navorsing – wat gebaseer is op sosiaal-konstruktionsistiese en kwalitatiewe navorsingsbeginsels – tans op gelyke vlak beskou word met positivistiese navorsing (McAdams, 2006; Roberts, 2002).

### 2.4.2 Integrasie van biografiese data en teoretiese modelle

In afdeling 1.2 is daarop gewys dat psigobiografieë uit ten minste drie komponente bestaan, naamlik ‘n omvattende lewensbeskrywing, ‘n sielkundige teorie waarmee die lewensbeskrywing interpreteer word en ‘n beskrywing van die sosio-historiese konteks waarbinne die lewensverloop plaasgevind het (Runyan, 1982; 1988b). Navorsers moet poog om gelyke status te verleen aan die biografiese data en teoretiese model en verseker dat wederkerige beïnvloeding tussen die komponente plaasvind. Die wedersydse beïnvloeding kan op ten minste drie vlakke plaasvind.

Eerstens kan teorieë as riglyne dien tydens data-insameling met betrekking tot die doelwitte en ontwerp van die studie. Hierdie studie fokus op die loopbaanontwikkeling van Barnard en Greenhaus et al. (2000) se teoretiese model het gevolglik die formulering van die studie se doelwitt asook die ontwerp van 'n gepaste data-insamelingstrategie gerig. Tweedens kan teorieë ook as konseptuele modelle dien waarteen die data vergelyk of ontleed word. In die huidige studie word biografiese data wat op Barnard se loopbaan betrekking het, vergelyk met die teoretiese model om te bepaal of die hipoteses wel van toepassing is op Barnard se loopbaanontwikkeling. Derdens kan teorieë ook 'n rol speel by die veralgemening van die bevindinge na bestaande teorieë (*analitiese veralgemening*). Biografiese data wat nie deur die hipoteses gedek word nie kan aanleiding gee tot die uitbreiding van bestaande teorieë. Op die wyse kan bestaande teorieë verfyn en getoets word. Talle navorsers het hierdie bydrae van psigobiografiese data tot teorie-ontwikkeling en – verfynning bevestig (Alexander, 1988; Bromley, 1986; Carlson, 1988; McAdams, 2001; Runyan, 1988a; Stake, 2005).

Navorsers mag soms vind dat die wederkerige beïnvloeding van biografiese data en teoretiese model naatloos verloop en dat die teorie interessante lig werp op insidente of ervarings. Dit mag egter gebeur dat die biografiese data besonder kompleks of teenstrydig is en dat die teorie en biografiese data nie bymekaar aansluit nie. In sulke gevalle moet voorrang gegee word aan die lewensdata en die gapings of tekortkominge van die teorie aangestip word.

Psigobiograwe moet deurgaans poog om sielkundige teorieë buigsaam toe te pas. Daar moet terselfdertyd daarteen gewaak word om biografiese data in rigiede, voorafbepaalde kategorieë in te forseer. Weinig teorieë sal daarin slaag om 'n lewe volledig te belig en dit sal gewoonlik onmoontlik wees om die meeste aspekte van 'n individuele lewe in te pas in 'n bestaande teoretiese model.

#### **2.4.3 Holistiese perspektief**

Die ontleding van biografiese data stel psigobiograwe in staat om onderwerpe na te vors wat beswaarlik met behulp van ander navorsingsmetodes bestudeer kan word (Simonton 2003). Psigobiografieë fokus meesal op voltooide lewensverhale, maar

lewensveranderinge of prosesse wat oor 'n lang periode plaasvind word ook soms afsonderlik bestudeer (Fiske, 1988; Mouton, 2001). Die holistiese benadering wat kenmerkend is van psigobiografiese data kan bydra tot beter begrip van natuurlike, lewensgetroue verskynsels wat nie in gekontroleerde laboratoriumtoestande bestudeer kan word nie. Psigobiografiese ondersoek is boonop minder opsigtelik en nie-reaktief en daarom is data-kontaminasie, wat gewoonlik met eksperimentele navorsing gepaard gaan, nie 'n probleem by hierdie tipe navorsing nie (Simonton, 2003).

Die holistiese aard van psigobiografiese navorsing stel egter eiesortige eise aan navorsers. Dit is moeilik om genoeg data in te samel sodat 'n individu se lewe volledig daardeur gedek word. Beperkte data lei noodwendig tot minder akkurate interpretasies of gevolgtrekkings. Psigobiografiese navorsing word soms gekritiseer omdat dit die kompleksiteit van hierdie werklikheid onderskat (McAdams, 2006) en moet waak teen die oorvereenvoudiging van lewensverhale bloot omdat hulle nie oor voldoende data en insig beskik nie. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van biograwe om omvattende biografiese en historiese data van veelvuldige databronne te integreer voordat interpretasies gewaag word.

Psigobiografiese navorsing fokus egter nie net op die persoonlike aspekte van individuele lewensverhale nie. Veelvuldige en komplekse kombinasies van sosiale-, historiese- en kulturele faktore moet in aanmerking geneem wanneer die konteks waarin 'n bepaalde lewe afgespeel het, beskryf word. Dit beklemtoon terselfdertyd die groter sosio-kulturele konteks waarbinne die subjek se lewe afgespeel het. Die konteks sluit ontwikkelingsprosesse (byvoorbeeld sosialisering), geskiedenis (byvoorbeeld internasionale-, nasionale- of familiegeskiedenis) en sosio-kulturele omstandighede in (Carlson, 1988; Roberts, 2002). Die voordeel van hierdie benadering is dat dit 'n omvattende beskrywing verskaf omdat veelvuldige invloede in ag geneem word.

Die holistiese aard van psigobiografiese navorsing hou verband met twee tipes probleme. Die eerste probleem is *reduksionisme*. Talle navorsers het die impak van reduksionisme op psigobiografiese navorsing breedvoerig ondersoek en beskryf (Anderson, 1981a; 1981b; Elms, 1988, 1994; Runyan, 1988b). Die navorsers het

daarop gewys dat die komplekse invloed van historiese, sosiale en kulturele veranderlikes op individuele lewens soms nie voldoende in ag neem nie en gevvolglik tot vier reduksionistiese foute aanleiding gee. Die eerste reduksionistiese fout het tot gevvolg dat navorsers sielkundige faktore oorbeklemtoon ten koste van eksterne sosiale of historiese faktore. Die tweede fout behels dat navorsers oormatige klem op psigopatologiese prosesse plaas ten koste van normaliteit en gesondheid. Die derde reduksionistiese fout is wanneer navorsers tydens die interpretasie of verklaring van volwasse gedrag oormatig waarde heg aan die invloed van gebeure wat tydens die kinderjare plaasgevind het (Elms, 1994). Gevolglik skenk die navorsers nie voldoende aandag aan belangrike vormende invloede wat gedurende latere ontwikkelingsfases plaasgevind het nie. Erik Erikson het na hierdie tipe reduksionisme verwys as ontstaansleer oftewel *originology* (Anderson, 1981a). Die vierde reduksionistiese fout toon oorenkomste met die vorige een. Dit behels dat navorsers die invloed van spesifieke lewenservarings oorbeklemtoon. Sulke lewenservarings mag byvoorbeeld 'n enkele besluit, teleurstelling, of gelukskoot wees. Sommige lewenservarings is sonder twyfel belangriker as ander en hou gevvolglik groter implikasies vir die res van 'n individu se lewensverloop in. Psigobiografiese navorsers moet egter die volledige lewe beskou as 'n komplekse eenheid wat beïnvloed word deur veelvuldige faktore (McAdams, 2006).

Die tweede probleem wat met die holistiese aard van psigobiografiese navorsing verband hou is *herkonstruksie* (McAdams, 2006). Herkonstruksie is 'n tegniek wat uit psigoanalitiese teorie ontstaan het. Psigoanaliste onderskryf die beginsel van psigiese determinasie en is daarom geneig om gapings in die lewensverloop aan te vul deur herkonstruksies te maak op grond van volwasse kenmerke wat wel bekend is. Hierdie praktyk is onaanvaarbaar in psigobiografiese navorsing. Herkonstruksie is te wyte aan groot gapings wat dikwels bestaan in die biografiese data van buitengewone individue. Die meeste buitengewone individue se lewens verloop vir jare gewoon totdat 'n uitsonderlike ervaring of prestasie dit uiteindelik onherroeplik verander. Dit is te verwagte dat die vroeëre gewone gedeelte van die lewe meesal nie gedek word deur akkurate en gedetailleerde biografiese rekords nie. Sulke rekords is gewoonlik net beskikbaar vir daardie gedeeltes van die lewe wat as buitengewoon beskou kan word. Psigobiografe stel egter ook belang in hoe individue ontwikkel het voordat

hulle buitengewone status bereik het en hul pogings om die tydperke volledig te ondersoek word dikwels belemmer deur ‘n gebrek aan biografiese data.

Navorsers kan die risiko vir reduksionisme en herkonstruksie vermy deur die psigobiografiese subjek deurgaans op ‘n holistiese wyse te benader en noukeurig te let op beide individuele- sowel as sosio-historiese invloede (Anderson, 1981a; Howe, 1997). Voorts moet navorsers veelvuldige bronne gebruik tydens data-insameling (Runyan, 1988b) en die psigobiografiese subjek gebalanceerd – eerder as met die oog op dramatiese effek – benader (byvoorbeeld met ‘n salutogenetiese- sowel as patologiese orientasie) (Elms, 1994; McAdams, 2006).

#### **2.4.4 Omvattende databronne**

Die kritiek word soms teen psigobiografiese navorsing uitgespreek dat dit ‘n maklike navorsingsgenre is. In dié verband het Runyan (1988b) verklaar dat oppervlakkige psigobiografieë inderdaad maklik en vinnig geskryf kan word, maar dat wetenskaplike psigobiografieë hoë eise aan navorsers stel. Runyan het aangedui dat psigobiografiese navorsers aan die volgende vereistes moet voldoen:

- raadpleging van veelvuldige bronne;
- insameling van omvattende data oor sosio-kulturele en historiese kontekste;
- bemeesterung van sielkundige teorieë;
- bemeesterung van literêre vaardighede.

Die kritiek dat psigobiografiese navorsing maklik is, kom ironies voor in die lig van die oorweldigende hoeveelheid biografiese data wat beskikbaar is oor sommige buitengewone individue (McAdams, 2006). Die omvattendheid van beschikbare data het sommige navorsers gemotiveer om riglyne te formuleer waarvolgens biografiese data verminder kan word tot ‘n hanteerbare hoeveelheid (Alexander, 1988; Anderson, 1981a; Huberman & Miles, 1994). Die riglyne fokus onder meer op die kwaliteit (*quality*), belangrikheid (*salience*), beklemtoning (*emphasis*), voorrang (*primacy*), frekwensie (*frequency*), uniekheid (*uniqueness*), ontkenning (*negation*), weglatting (*omission*), foute (*errors*), afsondering (*isolation*) en onvoltooidheid (*incompletion*)

van spesifieke data. Die riglyne vir die vermindering van biografiese data moet noodwendig die eise in ag neem wat deur bepaalde data-ontledingsprosedures gestel word.

Dit is egter nie net die hoeveelheid data wat tot probleme kan aanleiding gee nie. Die aard van die beskikbare databronne kan ook probleme veroorsaak. Psigobiografieë word dikwels gebaseer op retrospektiewe en introspektiewe data waarvan die geldigheid bevraagteken word. Die navorsingdata wat gebruik word, kom voor in 'n reeks gedaantes, onder meer kommentaar, persoonlike korrepondensie, publieke dokumente, skeppende werk, sowel as biografiese en outobiografiese materiaal. Beide die geldigheid en betrouwbaarheid van die tipe data is moeilik bepaalbaar, hoofsaaklik as gevolg van die invloed van subjektiwiteit of navorser-vooroordeel (Mouton, 2001). Die subjektiwiteit onderliggend aan biografiese data dra waarskynlik die meeste by tot kritiek op psigobiografiese navorsing en die persepsie dat dit inherent onwetenskaplik is (Runyan, 1982).

Vir die doeleindes van psigobiografiese navorsing is die mees betroubare data, soos byvoorbeeld geboorte-, trou-, of sterfdatums, die minste insiggewend. Daarenteen is fassinerende data, soos byvoorbeeld outobiografiese materiaal, die minste betrouwbaar en die moeilikste om te interpreteer.

Psigobiografiese navorsing fokus op die lewens van individue wat in uiteenlopende kontekste bydraes gemaak het. Die kontekste sluit onder ander die kunste, letterkunde, politiek of geskiedenis in. Tydens sulke studies het psigobiograwe toegang tot teorieë en agtergrondsinligting wat deur die spesifieke dissiplines verskaf word en wat kan bydra tot 'n akkurater en vollediger begrip vir die betrokke individu. Psigobiograwe steun gevvolglik op data-bronne afkomstig van die dissiplines. Die samewerking tussen psigobiograwe en geskiedkundiges ontlok veral kritiek (McAdams, 2006; Roberts, 2002). Die kritiek herinner psigobiograwe daaraan dat historiese data soms eensydig, onvolledig of onakkuraat is en gevvolglik psigobiografiese data-ontleding kan ondermyn (Simonton, 2003). Die hoeveelheid historiese data wat beskikbaar is, kan boonop oorweldigend wees en besondere data-seleksie eise aan die psigobiograaf stel. Daarbenewens is dit moeilik omveralgemenings te maak op grond van historiese data (Mouton, 2001).

Die beginsel dat psigiobiograwe van omvattende databronne gebruik moet maak, hou verband met nog ‘n dilemma. Een van die onderskeidende kenmerke van psigobiografiese navorsing is dat die individue oor wie se lewens die studies handel meesal oorlede is en gevolglik nie genader kan word om ontbrekende data bekend te stel of op bestaande data kommentaar te lewer nie. Die implikasie hiervan is dat die interne geldigheid van psigobiografiese navorsing met reg bevraagteken kan word aangesien alternatiewe verklarings gewoonlik aangebied kan word. In dié verband het McAdams (2006) herinner dat psigobiografiese navorsing meermale slegs die eerste stap in die wetenskaplike proses verteenwoordig. As sulks is dit ‘n nuttige tipe navorsing met die oog op die generering van hipoteses, maar van beperkte waarde met die oog op die verifikasie van hipoteses.

Psigobiografiese navorsers kan die beginsel van omvattende databronne implementeer deur hoofsaaklik van openbare dokumentêre bronne gebruik te maak, op beperkte aspekte van ‘n individu se lewe te fokus (byvoorbeeld loopbaanontwikkeling, eerder as die volledige lewe), maar nogtans die lewe vanuit ‘n longitudinale perspektief te benader.

#### **2.4.5 Fenomenologie**

Heelwat sielkundige navorsing fokus op die identifisering van gedragspatrone wat by groepe mense, of selfs universeel voorkom (Howe, 1997). Die soort navorsing produseer kennis wat na bepaalde populasies van die samelewing veralgemeen kan word. Daarenteen heg psigobiografiese navorsers meer waarde aan die unieke eienskappe en subjektiewe ervarings wat individuele lewens kenmerk.

Gordon Allport (1942) het 65 jaar gelede die onderskeid getref tussen die sogenaamde *nomotetiese* en *idiografiese* navorsingsbenaderings. Eenvoudig gestel poog die nomotetiese benadering om universele eienskappe te bestudeer wat alle individue, of groepe individue, kenmerk. Die benadering lei tot die formulering van algemene wetmatighede wat redelik universeel op sielkundige funksionering toegepas kan word. Daarenteen poog die idiografiese benadering om verskille tussen individue, of individuele uniekheid te beklemtoon. Omdat die term idiografies baie kritiek ontlok het, het Allport (1961) dit byna twee dekades later vervang met die term *morfogenies*.

Morfogenies beklemtoon individualiteit binne holistiese konteks, met ander woorde, die unieke eienskappe wat 'n totale persoon kenmerk. Dit beklemtoon nie die tipe individualiteit wat slegs gekoppel word aan enkele sielkundige trekke of veranderlikes nie (Carlson, 1988; Elms, 1994; Runyan, 1982; 1988b).

Psigobiografiese navorsers poog om empatie met 'n individu te ontwikkel sodat dit moontlik is om diepgaande begrip te ontwikkel vir die subjektiewe werklikheid (d.i., gedagtes, gevoelens, innerlike ervarings) van die individu se lewe (Runyan, 1982). Indien hulle hiermee suksesvol is, stel dit psigobiograue in staat om lewensgetroue lewensbeskrywings te formuleer (Mouton, 2001).

## **2.5 Ontwikkeling van psigobiografiese navorsing**

Alhoewel psigobiografiese navorsing eers gedurende die laaste 100 jaar ontwikkel het, dateer die tradisie waaruit psigobiografiese navorsing ontwikkel het 2000 jaar terug. Gedurende die era van die Romeinse Ryk het Plutargos (ongeveer 46-120 A.D.) die lewensverhale van bekende Griekse en Romeine aangeteken. Plutargos het byvoorbeeld karakterketse van Julius Caesar, Perikles, Xenophon en Theukides geskep. Hierdie karakterketse het volgens McAdams (2006) meermale morele eienskappe soos eerlikheid en moed uitgebeeld. Gedurende dieselfde era het die vier evangelies verskyn waarin die lewe, gedrag en lewensfilosofie van Jesus Christus beskryf is. Hierna het godsdienstige beweegredes dikwels die opskrifstelling van lewensverhale motiveer. Gedurende die Middeleeue (400-1300 A.D.) het Christelike geleerde byvoorbeeld *hagiografieë* geskryf waarin hulle die lewensverhale van heiliges beskryf het. Hierdie verhale het die ervarings van geloofshelde beskryf en was daarop gemik om gelowiges aan te spoor met geloofs- en sedelesse.

Dit was eers ongeveer vier eeue later dat biografieskrywing 'n meer gesofistikeerde vorm aangeneem het. Biograue het mettertyd meer klem begin plaas op die letterkundige aspekte van lewensverhale. In 1791 het James Boswell, 'n Skotse skrywer, vir 'n deurbraak gesorg. Hy het 'n biografie die lig laat sien wat deur McAdams (2006) beskou word as die beste vroeë biografie. Die biografie, *The life of Samuel Johnson*, het gefokus op die lewe van 'n prominente Britse skrywer, kritikus en leksikograaf.

Wilhelm Wundt het in 1879 met eksperimentele navorsing in die eerste sielkundige laboratorium begin. Wundt se vestiging van hierdie laboratorium word dikwels beskou as die “geboorte” van sielkunde as wetenskaplike dissipline. ‘n Britse antropoloog en metereoloog, Francis Galton (1822-1911), het egter tien jaar voor Wundt se mylpaal reeds ‘n boek *Hereditary genius* gepubliseer. Galton het in die boek geniale individue beskryf in ‘n poging om die ooreflikheid van intellektuele vermoë te bepaal met behulp van die sogenaamde gesinsagtergrond-metode (*family pedigree method*) (Simonton, 2003). Galton het vyf jaar later in 1874 sy baanbrekerswerk opgevolg met ‘n ewe indrukwekkende boek *English men of science*. Net soos Wundt se eksperimentele werk beskou word as die voorloper van moderne sielkunde, kan Galton se ontledings van buitengewone individue beskou word as die voorloper van psigobiografiese navorsing (Simonton, 2003).

Binne die moderne era was Sigmund Freud en later Erik Erikson die pioniers wat sielkundige teorieë op lewensverhale toegepas het (Simonton, 2003). Freud het in 1910 *Leonardo da Vinci and a memory of his childhood* geskryf. Die boek word allerwee beskou as die eerste psigobiografie. Alhoewel psigoanalitiese teorieë aanvanklik ‘n prominente rol binne psigobiografiese navorsing gespeel het, het navorsers mettertyd ook ander teorieë begin gebruik (McAdams, 2006).

‘n Aantal skrywers het pogings aangewend om die ontwikkeling van psigobiografiese navorsing so volledig as moontlik aan te bied (Gilmore, 1984; Runyan, 1982; 1988a; Schultz, 2005a) Die bronre dui daarop dat daar ‘n relatief konstante stroom psigobiografiese publikasies verskyn het sedert 1910. Die dekade tussen 1930-1940 was ‘n besonder produktiewe era, hoofsaaklik as gevolg van die bydraes van ‘n groep navorsers wat verbonde was aan die Harvard Universiteit in die VSA (byvoorbeeld, Henry Murray, Gordon Allport en Robert White). Daarenteen was die dekades tussen 1940-1960 minder produktief. Dit was waarskynlik te wyte aan dramatiese vooruitgang wat gemaak is op die gebied van rekenaartegnologie wat geleei het tot toenemende belangstelling in kwantitatiewe navorsingsmetodes (wat die belangstelling in kwalitatiewe navorsing verdwerg het).

Sedert 1960 het psigobiografiese navorsing egter weer aansienlik veld gewen. Die toename in belangstelling is aangehelp deur die wêreldwye herbevestiging van die

waarde van kwalitatiewe navorsing. Alhoewel daar vroeër besorgdheid geheers het oor akademici se huiwerigheid om by psigobiografiese navorsing betrokke te raak, dui die toename in navorsingsuitsette in wetenskaplike publikasies daarop dat die huiwerigheid sedertdien baie afgeneem het (Schultz, 2005b).

Die bekendste proponente van psigobiografiese navorsing is tans Irving Alexander (1988; 1990; 2005), James Anderson (1981a; 1981b; 2005), Alan Elms (1976; 1988; 1994; 2005; Elms & Song, 2005), Dan McAdams (1988; 2001; 2005, 2006), William Runyan (1982; 1983; 1988a; 1988b; 1988c; 1988d; 2003; 2005; 2006) en Todd Schultz (2005a; 2005b; 2005c). Enkele universiteite in die VSA se reputasie op die gebied van psigobiografiese navorsing is indrukwekkend. Die universiteite is *Duke University*, *Harvard University (Henry Murray Research Center)*, *Northwestern University (Foley Center for the Study of Lives)*, *Pacific University*, *Rutgers University* en die *University of California*.

Die status van psigobiografiese navorsing het gedurende die afgelope 25 jaar gebaat by publikasies wat spesifiek gefokus het op die akademiese en empiriese aspekte van die tipe navorsing:

- Kritiese oorsig van basiese metodologiese en konseptuele probleme wat met psigobiografiese navorsing en gevalstudies gepaard gaan (Elms, 1994; Runyan, 1982; 1983; 1988a);
- Spesiale uitgawe van die *Journal of Personality* wat in 1988 verskyn het en wat uitsluitlik gefokus het op psigobiografiese en narratiewe navorsing (McAdams & Ochberg, 1988);
- Uitensetting van beginsels en riglyne vir psigobiografiese interpretasie (Alexander, 1988; 1990);
- Publikasie van die *Handbook of psychobiography* (Schultz, 2005) wat beginsels en riglyne verskaf vir die skryf van psigobiografieë, insameling en ontleding van biografiese data, keuse van teorie sowel as die beoordeling van die meriete van psigobiografiese interpretasies.

## **2.6 Suid-Afrikaanse psigobiografiese navorsing**

Die eerste sielkundige ontleding van ‘n buitengewone individu se lewe wat in Suid-Afrika voltooи is, het gefokus op die lewe van Cornelis Jacobus Langenhoven (Burgers, 1939). Burgers het daarna nog ‘n studie voltooи wat gefokus het op die lewe van Louis Leipoldt (1960). Van der Merwe (1977) het die derde sielkundige ontleding voltooи wat op die lewe van Ingrid Jonker gefokus het. Na die studie het daar vir ‘n periode van twintig jaar in Suid Afrika geen noemenswaardige psigobiografiese navorsing plaasgevind nie. Net voor die eeuwenteling het Fouché (1999) ‘n studie oor Generaal Jan Smuts voltooи. Die studie was die voorloper van ‘n reeks akademiese studies wat sedertdien by die Universiteite van Port Elizabeth (tans bekend as die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit) en Rhodes voltooи is (sien Bylaag A).

## **2.7 Hoofstukopsomming**

Die hoofstuk het ‘n oorsig van psigobiografiese navorsing aangebied. Eerstens is die begrip psigobiografie omskryf deur die basiese terme onderliggend aan die begrip (d.i., psigologie, biografie en outobiografie) te beskryf. Die navorsingskonteks waarbinne psigobiografiese navorsing plaasvind, is daarna beskryf. In die derde afdeling is die beginsels van psigobiografiese navorsing bespreek. Daarna is ‘n oorsig aangebied van die ontwikkeling van psigobiografiese navorsing. In hierdie afdeling is die belangrikste rolspelers, publikasies en invloede bespreek. Daarna is ‘n kort oorsig aangebied van psigobiografiese navorsing wat in Suid-Afrika voltooи is.

Die volgende hoofstuk bespreek die teoretiese model van Greenhaus et al. (2000) wat in die studie gebruik is om Barnard se loopbaan te interpreteer.

## HOOFTUK 3

### LOOPBAANONTWIKKELING

Afd	Opskrif	Pg
3.1	Hoofstukoorsig	28
3.2	Loopbaansielkundige terminologie	29
3.3	Oorsig van teoretiese loopbaanmodelle	32
3.3.1	Persoonlikheidstrekk-modelle	33
3.3.2	Persoonlikheidstipe-modelle	34
3.3.3	Sosiale leer- en sosiaal-kognitiewe-modelle	34
3.3.4	Besluitneming-modelle	35
3.3.5	Loopbaankonstruksie- en kontekstuele-modelle	36
3.3.6	Loopbaanontwikkelingmodelle	37
3.3.6.1	Donald Super se loopbaanontwikkelingmodel (1953; 1980)	38
3.3.6.2	Edgar Schein se loopbaanontwikkelingmodel (1978)	40
3.3.6.3	Linda Gottfredson se loopbaanontwikkelingmodel (1981)	41
3.4	Greenhaus et al. se loopbaanontwikkelingmodel (2000)	42
3.4.1	Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk ( <i>Occupational choice: Preparation for work</i> )	45
3.4.2	Toetrede tot organisasie ( <i>Organizational entry</i> )	47
3.4.3	Vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie ( <i>Early career: Establishment and achievement</i> )	49
3.4.3.1	Vestigingsfase	49
3.4.3.2	Prestasiefase	52
3.4.4	Middel-loopbaan ( <i>Midcareer</i> )	53
3.4.5	Laat-loopbaan ( <i>Late career</i> )	55
3.5	Hoofstukopsomming	57
Tabel		
3.1	Loopbaanontwikkelingmodel van Donald Super (1953)	40
3.2	Loopbaanontwikkelingmodel van Greenhaus et al. (2000)	44

### 3.1 Hoofstukoorsig

Die sub-dissipline loopbaansielkunde/loopbaanontwikkeling hou implikasies in vir individuele werkers, werkgewers, bestuurders en loopbaannavorsers. Die modelle wat deel uitmaak van die sub-dissipline stel sielkundiges in staat om werkers se gedrag te verstaan, te verklaar en te voorspel en dit dra by tot beter begrip van die veranderlikes wat daarop 'n invloed uitoefen. Hierdie hoofstuk fokus hoofsaaklik op die teoretiese model wat in die studie gebruik word om Chris Barnard se loopbaanontwikkeling te interpreteer.

Die hoofstuk bestaan uit drie afdelings. Eerstens word die term loopbaansielkunde asook ‘n aantal verwante terme definieer en kortlik bespreek. Daarna word ‘n oorsig aangebied van enkele van die bekendste loopbaanmodelle. In hierdie afdeling word die klem op loopbaanontwikkelingmodelle geplaas omdat die teoretiese model wat in hierdie studie gebruik word, as sulks gekategoriseer word. In die laaste afdeling word Greenhaus et al. (2000) se loopbaanontwikkelingmodel bespreek.

### **3.2 Loopbaansielkundige terminologie**

Die term **loopbaan** fokus op die verhouding tussen individue en die werk wat hul doen. Die definiëring van die konsep is problematies omdat die betekenis daarvan gedurende die afgelope dekades verander het namate werkomgewings verander het. Vyftig jaar gelede het Super (1957) dit as volg definieer: “*the sequence of occupations, jobs, and positions...throughout a person’s working life*” (p.131). Super (1980) het die definisie egter ‘n kwarteeu later gewysig na die “*combination and sequence of roles played by a person during the course of a lifetime*” (p.282).

Die volgende definisies van die term loopbaan dui die verskille aan wat tussen verskillende outeurs bestaan:

- a. “...*the individual’s work and leisure that take place over his or her lifespan*” (National Career Development Association, in Sharf, 2006, p.3);
- b. “...*the meaning of work-related experiences in relation to the individual’s life roles across the lifespan*” (Stead & Watson, 1999, p.viii);
- c. “...*the lifetime pursuits of the individual*” (Sharf, 2006, p.3);
- d. “*Careers are unique to each person and created by what one chooses or does not choose. They are dynamic and unfold throughout life. They include not only occupations but prevocational and postvocational concerns as well as integration of work with other roles: family, community, leisure*” (Herr & Cramer, in Isaacson & Brown, 1997, p.11);
- e. “...*the combinations and sequences of life roles, the settings in which life roles unfold, and the events that occur in the lives of individuals all through the life span*” (Gysbers, in Osipow & Fitzgerald, 1996, p.xvii).

Alhoewel die definisies heelwat van mekaar verskil, beklemtoon dit die sentrale elemente wat met die term loopbaan verband hou. Die term loopbaan is nou verweef met die lewensstyl van 'n individu en verwys na interafhanglike patronen van werkverwante aspirasies, verwagtinge, aktiwiteite, ervarings, rolle, posisies, kontekste, waardes, behoeftes en gevoelens wat gedurende 'n individu se lewensverloop voorkom.

Die sub-dissipline loopbaansielkunde fokus noodwendig op die bestudering van loopbaanverskynsels en -prosesse. Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997) het die term **loopbaan-** of **beroepsielkunde** beskryf as die "...studie van beroepe, die vaardighede en eienskappe wat nodig is om 'n beroep te kan beoefen, asook vraagstukke rakende die rol van werk in die lewensiklus" (p.41). Die term **loopbaanontwikkeling** verwys na 'n multi-dimensionele proses waartydens individue deur 'n reeks stadia ontwikkel tot loopbaanvolwassenheid of -rypheid. Loopbaanontwikkeling behels:

*...the total constellation of psychological, sociological, educational, physical, economic and chance factors that combine to influence the nature and significance of work in the total life span of any given individual.*  
(Zunker, 2006, p.9)

Die term verwys na beide objektiewe en subjektiewe ervarings, take en prosesse. Hieronder tel behoefteformulering, doelwitstelling, besluitneming, strategie-implementering, verwerking van terugvoer en probleemoplossing (Greenhaus et al., 2000; Zunker, 2006). Alhoewel Greenhaus et al. (2000) se konseptualisering van loopbaanontwikkeling individuele en persoonlike aspekte benadruk, beklemtoon ander definisies (wat veral in bedryfsielkundige literatuur voorkom) die organisatoriese aspekte. Hieronder tel Byars en Rue (2000) wat loopbaanontwikkeling as volg gedefinieer het:

*Career development is an ongoing, formalized effort by an organization that focuses on developing and enriching the organization's human resources in light of both the employees' and the organization's needs.*  
(p.248)

Volgens die perspektief wat deur Byars en Rue (2000) asook Mondy en Noe (1996) verteenwoordig word, is die doel van loopbaanontwikkeling om die:

- menslike hulpbronbehoeftes van ‘n organisasie te bevredig;
- organisasie en individu in te lig oor potensiële loopbaanroetes binne die organisasie;
- bestaande menslike hulpbronprogramme optimaal te gebruik deur aktiwiteite te integreer wat gemik is op die keuring, ontwikkeling en bestuur van individuele loopbane in ooreenstemming met die organisasie se doelwitte.

Die loopbaansielkundige terminologie moes die afgelope dekades tred hou met samelewingsveranderinge wat ‘n impak gehad het op die werkkonteks. Volgens Nicholas, Pretorius en Naidoo (1999) het loopbaankonsepte en -modelle uitdagings op drie vlakke trotseer, naamlik sosio-ekonomiese veranderinge, veranderinge in waardes en oortuigings, sowel as veranderinge in die werksomgewing. Daarbenewens moes loopbaanteoretici aanvaar dat individue nie meer werk beskou as die enigste of belangrikste lewensrol waarbinne sin en betekenis gevind of ervaar word nie. Behalwe die samelewingsveranderinge, het bestaande konsepte en modelle ook toenemend deurgeloop onder kritiek van navorsers en praktisyns wat die geldigheid daarvan betwyfel het. In dié verband het Osipow en Fitzgerald (1996) byvoorbeeld aangevoer dat talle tekortkominge in loopbaanmodelle voorkom. Volgens die outeurs is loopbaan modelle se omvang te wyd en dit het tot gevolg dat konsepte nie spesifiek of gedetailleerd genoeg formuleer of operasionaliseer word nie.

Vervolgens word ‘n beknopte oorsig aangebied van bestaande loopbaanmodelle. Dit is buite die bestek van die studie om ‘n volledige oorsig te bied van die ontwikkeling van loopbaanmodelle. Lesers word met die oog op ‘n vollediger oorsig verwys na Greenhaus et al (2000), Isaacson en Brown (1997); Nicholas et al. (1999); Osipow en Fitzgerald (1996); Schreuder en Theron (1997), Sharf (2006), Stead en Watson (2006), sowel as Zunker (2006).

### 3.3 Oorsig van teoretiese loopbaanmodelle

Daar bestaan 'n groot aantal loopbaanmodelle, maar 'n eeu nadat die eerste teoretiese model die lig gesien het, bestaan daar nog nie 'n algemeen aanvaarde klassifisering van die modelle nie. Die navorsingsbevindinge wat tans tot ons beskikking is, stel navorsers ook nie in staat om die bestaande modelle in enige rangorde te rangskik nie (Zunker, 2006). Navorsers, skrywers en praktisyens gebruik dus hul diskresie of persoonlike voorkeure wanneer hulle loopbaanmodelle rangskik. Ten spyte van die gebrek aan konsensus vervul die reeks loopbaanmodelle nogtans 'n aantal nuttige funksies (Watson & Stead, 1999):

- a. Loopbaanmodelle verskaf riglyne wat aandui wanneer, hoekom en watter loopbaankwessies en -take in bepaalde kontekste relevant is;
- b. Die modelle stel navorsers en praktisyens in staat om voorspellings te waag oor toekomstige loopbaangedrag;
- c. Die modelle stel navorsers in staat om hipoteses te formuleer oor die faktore wat loopbaangedrag beïnvloed;
- d. Laastens stel die modelle loopbaanpraktisyens in staat om gepaste voorligting te verskaf en ingrepe te beplan.

Loopbaansielkunde het in die begin van die vorige eeu in die VSA ontstaan, hoofsaaklik deur die toedoen van Frank Parsons wat algemeen as die vader van die sub-dissipline beskou word. Pope (2000) het die geskiedenis van loopbaansielkunde in die VSA tussen 1890 en 2000 in ses stadia onderverdeel:

- a. Stadium 1 (1890-1919) wat gekenmerk is deur die ontwikkeling van plasingsdienste wat gemik was op die behoeftes van groeiende industriële organisasies;
- b. Stadium 2 (1920-1939) wat gekenmerk is deur die ontwikkeling van opvoedkundige voorligting in primêre en sekondêre skole;
- c. Stadium 3 (1940-1959) wat gekenmerk is deur beduidende groei in voorligtingsbehoeftes by tersiêre inrigtings;
- d. Stadium 4 (1960-1979) wat gekenmerk is deur groter bewustheid van loopbaanontwikkeling in organisasies;

- e. Stadium 5 (1980-1989) wat gekenmerk is deur ontwikkeling op die gebied van inligtingstegnologie;
- f. Stadium 6 (1990-2000) wat gekenmerk is deur ingrypende demografiese veranderinge en die ontwikkeling van multi-kulturele loopbaanvoorligting.

Die tydperke tussen 1950-1970 en die 1990s was besonder produktiewe era's in terme van teoretiese modelontwikkeling. Daarbenewens het die twee wereldoorloë, sowel as die ontwikkeling van psigometriese instrumente aansienlik bygedra tot die vestiging van loopbaansielskunde as prominente sielkundige sub-dissipline.

Die bekendste teoretiese modelle word vervolgens kortliks bespreek.

### **3.3.1 Persoonlikheidstrek-modelle**

Frank Parsons het die eerste persoonlikheidstrek-model gedurende die eerste dekade van die vorige eeu bekendgestel. Die sogenoamde psigometriese beweging het 'n belangrike rol gespeel tydens die ontwikkeling van die model. Parsons se trek-faktormodel het die eerste helfte van die vorige eeu domineer. Buitensy was DG Paterson en Edmund Williamson ook bydraes tot die persoonlikheidstrek-modelle gemaak (Zunker, 2006).

Volgens die trek-faktor-model beskik individue oor unieke kombinasies vermoëns en eienskappe wat gemeet kan word (bv. houdings, vermoëns, belangstellings en aspirasies). Die trekke kan in verband gebring word met die vereistes wat deur spesifieke beroepe of werkkontekste gestel word (vereistes en voorwaardes van sukses; voor- en nadele; vergoeding, geleenthede en vooruitsigte). Volgens die model word loopbaanaanpassing en werktevredenheid bepaal deur die mate waarin individue daarin slaag om ooreenstemming (passing) tussen persoonlike- en werkkonteksveranderlikes te bereik.

Alhoewel die model reeds 'n honderd jaar bestaan, word dit steeds baie wyd toegepas (Sharf, 2006). Dit model het ook 'n bydrae gemaak tot die ontwikkeling van ander teoretiese modelle soos dié van John Holland (1985) sowel as René Lofquist en Lloyd Dawis (Lofquist & Dawis, 1984, 1991).

### **3.3.2 Persoonlikheidstipe-modelle**

Hierdie modelle het aanvanklik in die 1950s die lig gesien. Die bekendste proponent daarvan is John Holland (1985).

Volgens Holland se model is loopbaankeuse ‘n uitdrukking (of verlengstuk) van individuele persoonlikheid in ‘n bepaalde werkomgewing. Daarom soek individue doelbewus werkomgewings uit waarin hulle hul voorkeurrolle kan vervul en uitdrukking kan gee aan hul vaardighede, vermoëns, houdings en waardes. Aangesien individue normaalweg beter presteer in beroepsvelde waarvoor hulle sielkundig geskik is, lei kongruensie tussen persoonlikeidseienskappe en werkomgewings tot loopbaantevredenheid, stabiliteit en sukses.

Holland het ses persoonlikheidstipes en werkomgewings identifiseer. Individue wat dieselfde persoonlikheidstrekte en -tipes deel, word hiervolgens deur dieselfde beroep aangetrek. Wanneer sulke groepe individue saamwerk, skep hulle werkomgewings wat hulle gedeelde kenmerke weerspieël.

Holland se model (1985) is hoofsaaklik beskrywend van aard en verklaar nie die oorsake of ontwikkeling van voorkeure en keuses nie. Die model is egter op intensiewe navorsing baseer en is gevvolglik logies gestructureer aan die hand van basiese beginsels en proposisies. Dit is een van die invloedrykste modelle en het ‘n enorme impak gehad op die praktiese meting van loopbaanbelangstellings, sowel as loopbaanvoorligting en loopbaannavorsing. Volgens Isaacson en Brown (1997) stimuleer die model baie navorsingsprojekte. Boonop vind praktisyns aanklank by die model, waarskynlik omdat die “*Self-Directed Search*” meetinstrument (Holland, 1987) besonder gewild is.

### **3.3.3 Sosiale leer- en sosiaal-kognitiewe modelle**

Hierdie modelle het aanvanklik in die 1970s die lig gesien en is sedertdien aansienlik uitgebrei. Die bekendste proponente van die model is onder andere Nancy Betz (Betz, 1992), Steven Brown (Brown & Associates, 2002), John Krumboltz (1996), Robert Lent (Lent, Brown, & Hackett, 2002) en Barry Zimmerman (1995). Die modelle is

gebaseer op Albert Bandura se sosiale leerteorie (1977) wat aandui dat gedrag op drie maniere aangeleer word, naamlik versterking, sosiale- en kognitiewe leerprosesse.

Die modelle bestaan meesal uit twee afdelings. Die eerste fokus op loopbaankeuse terwyl die tweede riglyne verskaf aan loopbaanvoorligters. Die modelle voer aan dat gedrag en kognisies dwarsdeur die lewe aangeleer word en dat hierdie individuele leerervarings ‘n belangrike invloed uitoefen op latere loopbaankeuses. Loopbaanontwikkeling word hoofsaaklik deur vier faktore beïnvloed, naamlik oorerflikheid (fisiiese eienskappe en vermoëns wat perke op loopbaankeuse mag stel), omgewingstoestande (gebeure en toestande wat dikwels buite die individu se beheer is), leerervarings (instrumentele of assosiatiewe leerervarings) sowel as taakbenaderingsvaardighede (werkgewoontes, probleemoplossingvaardighede, denkpatrone, self-regulering, motivering, emosionele en kognitiewe response). Laastens beskou die model loopbaanbesluitneming as ‘n belangrike vaardigheid wat dwarsdeur die lewensverloop van individue nuttig aangewend kan word.

In teenstelling met Holland (1985) se model is die sosiale leer-modelle beide beskrywend en verklarend. Die modelle is egter besonder kompleks as gevolg van die groot aantal konsepte en proposisies wat daarin vervat is. Alhoewel baie van die proposisies nog nie empiries ondersoek is nie, stel dit wel operasionele strategieë voor waarmee loopbaanprobleme hanteer kan word. Laastens, alhoewel hierdie modelle wye dekking in teksboeke geniet, het dit nie huis ‘n beduidende invloed op navorsing en praktyk uitgeoefen nie (Isaacson & Brown, 1997).

### **3.3.4 Besluitneming-modelle**

Die besluitneming-modelle het tussen 1960 en 1980 die lig gesien. Sharf (2006) het twee strominge identifiseer waarvan die bekendste proponente onderskeidelik David Tiedeman (Tiedeman & O’Hara, 1963) en Gary Peterson is (Peterson, Sampson, & Reardon, 1991; Reardon, Lenz, Sampson, & Perterson, 2000).

Die besluitneming-modelle fokus noodwendig op die prosesse wat betrokke is by loopbaanbesluitneming. Sharf (2006) het onderskei tussen beskrywende en voorskriftelike teoretiese modelle. Beskrywende (*descriptive*) modelle beskryf of

verklaar die keuses wat individue maak tydens die besluitnemingsprosesse. Voorskriftelike (*prescriptive*) modelle, daaranteen, beskryf ideale sielkundige (hoofsaaklik kognitiewe) benaderings tot besluitneming.

David Tiedeman (Tiedeman & O'Hara, 1963) se beskrywende besluitneming-model onderskei tussen vier stadia, naamlik eksplorasie, kristallisering, verheldering (*clarification*) en die uiteindelike keuseproses. Gary Peterson se voorskriftelike besluitneming-model beskryf hoe besluitnemingsvaardighede benut kan word om kliënte te help om inligting omtrent hulself en beroepe te integreer en gesikte loopbankeuses te maak (Peterson et al., 1991).

Osipow en Fitzgerald (1996) het aangedui dat alhoewel die modelle nie maklik in die praktyk toegepas word nie, aspekte daarvan tog opgeneem is in ander loopbaanontwikkelingmodelle. Volgens hulle is die besluitneming-modelle:

*...very complicated, quasi-mathematical, and often difficult to understand...there seems to be serious problems in using the system...Another problem is the lack of adequate instrumentation for the theory.* (pp.33-34)

### **3.3.5 Loopbaankonstruksie- en kontekstuele-modelle**

Loopbaankonstruksie-modelle het in die 1980s vanuit die postmodernisme ontwikkel. Die belangrikste proponent van die modelle is Savickas (2001; 2002). Die postmodernisme was 'n reaksie op tradisionele modernistiese denke (logiese positivisme) wat empiriese data gebruik om hipoteses en modelle reg of verkeerd te bewys. Alhoewel die logiese positivisme maklik toegepas kan word in die natuurwetenskappe, het sosiaal wetenskaplikes hul in die 1980s toenemend na ander paradigma's gewend in hul pogings om menslike gedrag beter te verstaan.

Volgens die loopbaankonstruksie-model ontwikkel individue konstrukte in 'n poging om sin te maak van gebeure en interaksies (Savickas, 2001; 2002). Volgens die model is individue se konstrukte, oftewel subjektiewe verwysingsraamwerk, die enigste regmatige bron van kennis en bestaan daar geen absolute wette, beginsels, of

oorsaak-gevolg verbindings nie. Met ander woorde, individue konstrueer hul eie werklikheid of waarheid, ook wat hul loopbane aanbetrif. Die uitdaging wat individue hier konfronteer is om 'n sinvolle en samehangende roete vir hul loopbaanontwikkeling te konstrueer.

Die kontekstuele-modelle is nou verwant aan die konstruktivistiese benadering. Die modelle verteenwoordig 'n metode waarvolgens individue se loopbane sowel as die faktore wat dit beïnvloed benader word vanuit 'n loopbaanontwikkelingperspektief wat fokus op die interaksie tussen individue en hul omgewing. Die narratiewe of biografiese benadering is 'n praktiese uitvloeisel hiervan en is besig om veld te wen as prominente benaderingswyse (Cochran, 1997; Sigelman & Rider, 2003). Die narratiewe model fokus op die stories van individue se lewens eerder as op konstrukte. Hiervolgens word loopbane beskou as verhale.

Die loopbaankonstruksie- en kontekstuele-modelle het aansienlik aandag getrek sedert hul verskyn het. Die modelle beklemtoon die rol van konteks, subjektiewe interpretasie en individuele betekenis (Savickas, 2001; 2002). Alhoewel die modelle talle implikasies inhoud vir loopbaanpraktisyns (Cochran, 1997), stimuleer dit relatief min navorsingsbelangstelling (Isaacson & Brown, 1997).

### **3.3.6 Loopbaanontwikkelingmodelle**

Hierdie modelle het soos Holland se model sedert die 1950s die lig gesien. Die bekendste proponente van die model is Linda Gottfredson (1981; 2002), Jeffrey Greenhaus (Greenhaus et al., 2000), Edgar Schein (1978) en Donald Super (1953; 1957; 1980). Super was die eerste teoretikus wat 'n lewensduurperspektief op loopbaanontwikkeling toegepas het. Hy het die eerste loopbaanontwikkelingmodel in 1953 publiseer. 'n Aantal teoretici wat op algemene sielkundige ontwikkeling fokus, het ook 'n belangrike invloed op loopbaanontwikkelingmodelle gehad. Die teoretici sluit in Erik Erikson (1963), Roger Gould (1972), Daniel Levinson (Levinson, 1996; Levinson, Darrow, Klein, Levinson, & McKee, 1978), Gail Sheehy (1976) en George Vaillant (1977).

Schein (1978) het die ontwikkelingsperspektief se implikasies vir organisasies as volg gestel:

*...one cannot understand fully the complex interaction which occurs between people and their employing organizations without a perspective that ties them together conceptually from the outset...The essence of the career development perspective is its focus on the interaction of the individual and the organization over time.* (pp.1-2)

Die loopbaanontwikkeling-teoretici beskou loopbaanontwikkeling as ‘n lewenslange en multi-dimensionele proses. Loopbaanontwikkelingmodelle differensieer relatief voorspelbare ontwikkelingsfases waardeur individue vorder tydens hul loopbane. Die multi-dimensionaliteit van die proses dui daarop dat die fases betrekking het op die totale individu, insluitende fisiese-, psigiese-, emosionele-, sosiale-, gesins- en loopbaanontwikkeling. Daarbenewens spesifiseer die modelle ook talle ontwikkelingstake (tema’s, besluite, krisisse, uitdagings) wat gedurende die verskillende stadia voorkom en dit kenmerk. Individue wat daarin slaag om die take suksesvol te bemeester, ontwikkel in die proses spesifieke loopbaanvaardighede en houdings en bereik uitendelik loopbaanrypheid of –volwassenheid. Alhoewel samelewings-, biologiese en sielkundige faktore almal loopbaanontwikkeling beïnvloed, word die individu se selfbeeld beskou as die primêre dryfkrag wat loopbaanpatrone vestig en vorm.

### **3.3.6.1 Donald Super se loopbaanontwikkelingmodel (1953; 1980)**

Super (1953; 1980) het aangevoer dat loopbane lewenslange prosesse is en stelselmatig ontwikkel namate individue bepaalde loopbaanuitdagings die hoof bied. Die uitdagings hou min of meer verband met kronologiese ouderdom en dit het hoofsaaklik betrekking op psigososiale ontwikkeling en kulturele aanpassing.

Super (Super, Savickas, & Super, 1996) het nie sy bydrae tot loopbaansielkunde beskou as ‘n teoretiese model in die ware sin van die woord nie, maar eerder as ‘n reeks konstrukte wat loopbaanmodelle en –praktyk verryk en uitbrei. Die belangrikste konstrukte van sy “*lifespan, life-space theory of career development*” (Super, 1980, p.282) sluit in selfkonsep (‘n kern-aspek van Super se model),

lewensruimte, lewensduurte, loopbaanvolwassenheid, aanpasbaarheid, waardes, lewensrolle, en lewenstema's. Super se teoretiese nalatenskap sluit veertien proposisies in wat sy model opsom. Vir die doel van hierdie literatuuroorsig word hier slegs aandag gegee aan die proposisies wat spesifiek met loopbaanontwikkeling verband hou.

Volgens Super et al. (1996) bestaan loopbaanontwikkeling hoofsaaklik uit die ontwikkeling en implementering van beroeps-selfkonsep. Individue projekteer of implementeer hulle selfkonsepte inderwaarheid in hul werkomgewings ('n vorm van selfuitdrukking). Uiteindelik is selfkonsep 'n produk van die interaksie tussen die volgende interne en eksterne faktore:

- aangebore vermoëns;
- fisiese vermoëns;
- geleentheid om verskeie rolle te vervul;
- die mate waarin die rolovervulling deur ander persone goedgekeur word.

Volgens Super et al. (1996) is daar vyf lewensstadia wat min of meer met spesifieke ouerdomskategorieë verband hou. Alhoewel die stadia mekaar normaalweg die een na die ander opvolg, kom uitsonderings wel voor. Die stadia word in Tabel 3.1 opgesom.

Super (1980) het erkenning gegee aan die invloed van 'n aantal faktore op loopbaanontwikkeling. Dit sluit in sosio-ekonomiese status, verstandelike vermoë, onderwysgeleenthede, persoonlikheidseienskappe (behoeftes, waardes, belangstellings, en selfkonsepte), loopbaanvolwassenheid en geleenthede wat tot individue se beskikking is. Volgens Super word sukses met die bemeestering van loopbaanontwikkelingstake tydens enige stadium bepaal deur die loopbaanvolwassenheid van individue.

Super se model het tot gevolg gehad dat talle loopbaan-meetinstrumente ontwikkel is. Die instrumente sluit die Lewensrvaelys (Langley, 1992), Loopbaanontwikkelingsvraelys (Langley, 1990), en Waardevraelys (Langley, Du

Toit, & Herbst, 1992) in. Die model het ook tot heelwat navorsing aanleiding gegee. Volgens Zunker (2006) het die studies nie aanleiding gegee tot definitiewe gevolgtrekkings nie. Dit is te wyte aan die indrukwekkende omvang van Super (1980) se model asook probleme met die operasionele definiëring van konstrukte. Oor die algemeen het Super egter 'n enorme bydrae gemaak tot loopbaansielkunde. Sy model word internasionaal voorgehou as 'n invloedryke loopbaanontwikkelingmodel (Isaacson & Brown, 1997; Langley, 1996; Osipow & Fitzgerald, 1996).

**Tabel 3.1: Loopbaanontwikkelingmodel van Donald Super (1980; 1996)**

Stadia	Ouderdomskategoriee	Ontwikkelingstake
Groei [Growth]	4-13 jaar	Ontwikkeling van toekomsgerigtheid Formulering van algemene beroepsdoelwit deur bewusheid van hulpbronne, voorkeure en beplanning Toenemende persoonlike beheer oor lewe Onderneming om te presteer op skool en in werk Aanleer van effektiewe werkvaardighede en – houdings
Eksplorasie [Exploration]	14-24 jaar	Kristallisering en spesifisering Implementering van voorlopige loopbaankeuse Vermindering van opsies sonder om keuses te finaliseer
Vestiging [Establishment]	25-44 jaar	Proefneming, stabilisering en konsolidering Vestiging en bevordering
Handhawing [Maintenance]	45-65 jaar	Volgehoue aanpassing om posisie en situasie te verbeter Handhawing en innovasie (indien nodig)
Ontkoppeling [Disengagement]	65+ jaar	Verlangsaming Aftredebeplanning Aftrede

### 3.3.6.2 Edgar Schein se loopbaanontwikkelingmodel (1978)

Schein (1978) was 'n voorstander van 'n evolusionêre en ekologiese benadering tot loopbaanontwikkeling. Sy benadering tot loopbaanontwikkeling is beïnvloed deur sy interdissiplinêre benadering tot organisasiedrag. Schein het loopbaanontwikkeling benader beide vanuit die oogpunt van die individu (wat hunker na loopbaanbevrediging en prestasie) sowel as die organisasie (wat gemik is op produktiwiteit, wins en oorlewing). Hy het organisasies gevolglik aangeraai om tred te hou met die veranderende behoeftes van werkers sowel as die veranderende eise wat organisasies aan die produktiwiteit van werkers stel.

Die stadia van Schein (1978) se loopbaanontwikkelingmodel is meer gedifferensieërd as die van Super et al. (1996). Hy het tien stadia identifiseer wat onderskei word op grond van ouderdomskategorieë, rolle, kenmerkende kwessies sowel as spesifieke take. Ten spyte van die groter besonderhede van Schein (1978) se model en die aanhang wat dit tussen bedyfisielkundiges geniet, het dit nie dieselfde impak op loopbaannavorsing gehad as byvoorbeeld Super se model nie. Die spesifieke stadia, ouderdomskategorieë, rolle, algemene kwessies en spesifieke loopbaantake van Schein se model word in Bylaag B opgesom.

### **3.3.6.3 Linda Gottfredson se loopbaanontwikkelingmodel (1981)**

Gottfredson (1981) se “*circumscription and compromise*” (p.85) model fokus op die proses waardeur individue aangetrek word na spesifieke beroepe. Die model heg dus meer waarde aan die ontwikkeling van loopbaanaspirasies as aan loopbaanontwikkelingstadia en -take. Haar model toon ooreenkomste met die modelle van Super (1980) en Holland (1985). Die model is in hooftrekke gebaseer op vier teoretiese aannames:

- a. loopbaanontwikkelling begin gedurende die kinderjare;
- b. loopbaanaspirasies verteenwoordig individue se pogings om hul selfkonsepte te implementeer;
- c. loopbaantevredenheid is afhanklik van die mate waarin individue ooreenstemming bereik tussen hulle loopbane en selfpersepsies;
- d. individue se gedrag tydens die loopbaanontwikkelingproses word deur beroepstereotipes gerig.

Anders as Super (1980), beskou Gottfredson (1981) selfkonsep as ‘n twee-ledige konstruk wat bestaan uit ‘n *sosiale self* (persepsies oor intelligensie, sosiale status, geslag) en ‘n *sielkundige self* (persepsies oor waardes en persoonlikheidstrekke). Volgens Gottfredson speel die sosiale self ‘n belangricker rol as die sielkundige self tydens die ontwikkeling van loopbaanaspirasies. Gottfredson het voorts aangevoer dat individue beroepe konseptualiseer op *kognitiewe kaarte (cognitive maps)* wat uit drie dimensies bestaan: die manlikheid/vroulikheid van die beroep, die prestige wat daaraan gekoppel word, asook die vlak van belangstelling in die onderskeie

beroepsvelde. Individue sal hiervolgens geneig wees om aandag te gee aan beroepe wat ooreenstem met hulle persepsies van die dimensies.

Gedurende loopbaankeuse-prosesse bepaal individue die mate waarin hulself versoenbaar is met spesifieke beroepe. Loopbaanaspirasies is gebaseer op die toeganklikheid van beroepe en die mate van versoenbaarheid wat tussen die individu en die beroep bestaan. Dikwels verteenwoordig finale beroepskeuses ‘n kompromis tussen voorkeur aan die een kant en toeganklikheid aan die ander. Wanneer individue gedwing word om kompromieë aan te gaan, gee hulle gewoonlik eers voorkeur aan beroepe se manlikheid/vroulikheid, dan aan prestige en laastens aan hulle belangstelling in die beroepe. Hiervolgens is individue minder geneë om kompromieë aan te gaan wat betref die eerste twee dimensies aangesien die dimensies nouer verband hou met individue se selfbeeld. Deur so aan die dimensies aandag te gee, ontwikkel individue ‘n “*zone of acceptable occupations within their cognitive map of the occupational structure*” (Isaacson & Brown, 1997, p.37).

Volgens Isaacson en Brown (1997) het Gottfredson (1981) se model op twee vlakke ‘n impak gemaak. Eerstens het die model ‘n aansienlike hoeveelheid navorsing gestimuleer (sien ook Armstrong & Crombie, 2000; Gottfredson, 2002; McLennan & Arthur, 1999) en tweedens het dit aanleiding gegee tot programme wat daarop gemik is om geslagstipering te elimineer of te verminder (byvoorbeeld Lapan, Loehr-Lapan, & Tupper, 1993).

### **3.4 Greenhaus et al. se loopbaanontwikkelingmodel (2000)**

Die loopbaanontwikkeling van Barnard is aan die hand van Greenhaus et al (2000) se model ontleed. Die model word daarom nou in meer besonderhede bespreek.

Soos reeds in Hoofstuk 1 gemeld, is Greenhaus et al. (2000) se model onder andere gebaseer op die werk van Erik Erikson (1963), Roger Gould (1972), Daniel Levinson (Levinson, 1996; Levinson et al., 1978), Abraham Maslow (1954; 1968; 1970), Edgar Schein (1978), Donald Super (1953; 1980) en George Vaillant (1977). Die teoretici se benadering tot loopbaanontwikkeling is gebaseer op die volgende ooreenkoms:

- a. loopbaanontwikkeling vind ordelik en stelselmatig plaas deur 'n aantal stadia
- b. elke stadium konfronteer individue met spesifieke take en uitdagings;
- c. alhoewel ouderdomsvariasies en -oorvleueling erken word, word elke stadium geassosieer met 'n benaderde ouderdomsperiode;
- d. die loopbaanontwikkeling van individue word beskou teen die agtergrond van hul totale lewens waar werk, familie, en selfontwikkeling interafhanklik funksioneer.

Greenhaus et al (2000) se model sluit vyf loopbaanontwikkelingstadia in:

- beroepskeuse: Voorbereiding vir werk,
- toetrede tot organisasie,
- vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie,
- middel-loopbaan en
- laat-loopbaan.

Die stadia word in Tabel 3.2 opgesom en daarna in meer besonderhede aan die hand van Greenhaus et al. (2000) se uiteensetting daarvan bespreek.

**Tabel 3.2: Loopbaanontwikkelingmodel van Greenhaus et al. (2000)**

Stadia	Stadium 1	Stadium 2	Stadium 3	Stadium 4	Stadium 5
	Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk	Toetrede tot organisasie	Vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie	Middel-loopbaan	Laat-loopbaan
Ouderdom (Jare)	0 – 25	18 – 25	25 – 40	40 – 55	55 →
Ontwik- kelingstake	Ontwikkeling en verfyning van beroepsselfbeeld Oorweging van alternatiewe beroepe Ontwikkeling van tentatiewe beroepskeuse Aanvanklike beroepskeuse Voltooiing van vereiste opeidings-programme	Ontvangs van werkbaarbieding van gewensde organisasie Keuse van gesikte posisie	Vestiging in beroep Verwerwing van vaardighede Bemeestering van werkseise Verwerwing van kennis oor organisatoriese reëls, norms, waardes en verwagtinge Aanleer van organisasie se reëls en norme Aanpassing by werk en organisasie Verwerwing van toenemende bekwaamheid Vordering / Bevordering Nastrewing van loopbaandrome	Herevaluering van vroeë loopbaan en vroeë volwassenheid Herbevestiging of wysiging van droom Besluitneming wat pas by middeljare Handhawing van produktiwiteit	Handhawing van produktiwiteit Handhawing van self-agting en self-waarde Voorbereiding vir effektiewe aftrede
Vereistes	Self-kennis (vaardighede, waardes, belangstellings, lewensstyl) Beroepskennis Insig in eise en belonings wat met beroeps-veldelike verband hou Beïnvloeding deur agtergrond, ekonomiese, politieke en tegnologiese omgewing Ooreenstemming tussen beroepskeuse en doelwit	Keuse wat loopbaanwaardes en vermoëns bevredig	Vestiging in beroep Prestasie Aanvaarding as bekwame lid van organisasie	Hantering van middeljare-oorgang Handhawing van produktiwiteit Herbesluitneming indien vorige struktuur onbevredigend is	Hantering van vooroordeel ten opsigte van toenemende ouderdom Beplanning vir aftrede Ontkoppeling van werk

### 3.4.1 Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk (*Occupational choice: Preparation for work*)

*...one's self-concept is formed, clarified, and modified over an extended period of time. It takes time and experience for talents to emerge and for interests and values to crystallize. Time is also required for people to learn about the world of work...it is proper to view occupational choice as an unfolding, gradual, evolving process.*

(Greenhaus et al., 2000, p.131)

Die eerste stadium van Greenhaus et al. (2000) se teoretiese model dek ongeveer die eerste 25 jaar van die lewensverloop. Die take wat kenmerkend is van die stadium kan egter later weer herhaal word. Die stadium fokus in 'n groot mate op die ontwikkeling en verfyning van die beroepsselfkonsep. Dit vereis dat die gevolge van alternatiewe beroepskeuses oorweeg word. Greenhaus et al. (2000) het beroepskeuse dus as 'n passingsproses (*matching process*) beskou:

*...people develop expectancies regarding the likelihood that they could successfully enter a particular occupation if they put forth sufficient effort...They then choose the occupation with the highest expected attractiveness.* (p.134)

Tydens die passingsproses word twee tipes inligting met mekaar in verband gebring. Eerstens is dit belangrik dat individue oor voldoende selfkennis beskik. Selfkennis word beskou as die hoeksteen van effektiewe loopbaanbestuur en beroepsbesluitneming. Dit betrek 'n aantal aspekte soos byvoorbeeld persoonlikheid, vermoëns, belangstellings, waardes, lewensstyl, motiewe, voorkeure, sowel as sterken swakpunte. Die ontwikkeling van selfkennis wat al die aspekte dek, duur geruime tyd en daarom is die ontwikkeling en verfyning van beroepsselfbeeld 'n geleidelike en tydsame proses.

Selfkennis moet egter komplementeer word met kennis van die werkkonteks of die sogenaamde "*world of work*" (Greenhaus et al., 2000, p.118). Dit behels dat individue hulle deur middel van 'n geleidelike eksplorasieproses moet vergewis van die vereistes wat deur alternatiewe beroepe gestel word sowel as die geleenhede wat daardeur geskep word. Die eksplorasieproses vind tuis, by die skool sowel as plekke

waar deeltydse werk verrig word, plaas. In die proses speel familie, rolmodelle en opvoedkundige ervarings ‘n belangrike rol.

Beroepskeuse word beïnvloed deur individue se sosiale agtergrond sowel as die heersende ekonomiese, politiese en tegnologiese omstandighede. Dit bereik uiteindelik ‘n hoogtepunt wanneer die individu ‘n bepaalde keuse maak. Die keuse behels inderwaarheid die implementering van die selfkonsep waartydens ‘n beroep gekies word wat:

- pas by die individu se unieke kombinasie van behoeftes, waardes en vermoë; en
- die individu in staat sal stel om rolle te speel wat pas by die selfkonsep.

Individue benader beroepskeuse met redelik gevvestigde idees oor die uitkomste wat gepaard gaan met sekere beroepe (byvoorbeeld, in terme van bevorderingsmoontlikhede, vergoeding en interessantheidswaarde). Meeste individue oorweeg ‘n aantal beroepe en bepaal dan watter beroepe die gewensde uitkomste sal oplewer mits hulle hard genoeg werk. Die finale keuse val gewoonlik op die aantreklikste werk wat realisties gesproke binne die individu se bereik is.

Greenhaus et al. (2000) sowel as Osborn (1990) het erken dat beroepskeuses nie in alle gevalle die gevolg is van ‘n rasionele of stelselmatige besluitnemingsproses nie. Beroepskeuse is dus ‘n bewuste sowel as ‘n onbewuste besluitnemingsproses. Greenhaus et al. (2000) het dit as volg beskryf:

*First, people do not initially assess a job on a long list of outcomes but rather focus on one or two significant outcomes. Jobs that fail to reach an acceptable level on these significant outcomes are rejected from further consideration...jobs that survive this cut would not be compared with one another (as expectancy theory would suggest), but rather are placed on an “active roster” of acceptable alternatives. From this active roster, the person often makes an “implicit” decision (unknown even to oneself) to favor one alternative over the others, based on just one or two outcomes.*

(p.134)

Deur 'n beroep te kies, implementeer individue hul selfkonsepte, met ander woorde, hulle kies 'n beroep wat die meeste versoenbaar is met belangrike aspekte van die selfkonsep.

### 3.4.2 Toetrede tot organisasie (*Organizational entry*)

*The organizational entry process consists of two simultaneous activities. On the one hand, individuals assess organizations to determine which one is most likely to meet their career needs and values. On the other hand, organizations assess candidates' talents so they can select those with the highest likelihood of succeeding in the firm...The ultimate objective of organizational entry is to attain a match between the individual and the organization.*

(Greenhaus et al., 2000, p.155)

Die tweede stadium van Greenhaus et al. (2000) se teoretiese model duur van 18 tot 25 jaar, maar word beïnvloed deur die duur van tersiêre opleidingprogramme wat individue volg. Die toetrede-stadium bestaan uit twee gelyktydige aktiwiteite. Aan die een kant oorweeg individue organisasies om te bepaal watter een die meeste van hul loopbaanbehoeftes en -waardes sal bevredig. Aan die ander kant evalueer organisasies individue om te verseker dat die geskikste kandidaat identifiseer en in diens geneem word.

Die toetrede-stadium kan onderverdeel word in vier fases. Tydens die *werwingsfase* ontwikkel 'n individu en 'n organisasie wedersydse belangstelling. Die daaropvolgende *keuringsfase* behels dat 'n wedersydse keuse gemaak word. Daarna vind 'n aanvanklike aanpassingsfase of *oriënteringsfase* plaas. Gedurende die fase moet die individu die druk hanteer wat gepaard gaan met aansluiting by 'n organisasie. Terselfdertyd moet die organisasie na die emosionele- en inligtingsbehoeftes van nuwelinge omsien. Die vierde fase behels 'n proses van wedersydse aanpassing, beïnvloeding en assimilering en staan bekend as die *sosialiseringsfase*.

Die toetrede-stadium gaan gepaard met 'n aantal ontwikkelingstake. Dit is eerstens belangrik dat individue realistiese verwagtings koester oor die potensiële interessantheidswaarde van verskillende beroepe asook die bevorderingsmoontlikhede, finansiële voordele sowel as die sekuriteit wat die beroepe

kan meebring. Individue moet terselfdertyd oorweging skenk aan die hindernisse wat kongruensie tussen individuele behoeftes en organisasies mag belemmer. Hieronder tel onvoldoende vryheid, outonomie, stimulasie en verantwoordelikheid; oormatige (of onvoldoende) werkstruktuur of toesig; sowel as die politieke atmosfeer binne die organisasie.

Greenhaus et al. (2000) het aangedui dat die oorgang tussen die studente- en beroepslewe ingrypend is en dat werksoekers se verwagtings gevvolglik soms onrealisties kan wees. Daarbenewens is hul besluitnemingstyl soms vatbaar vir onbewustelike distorsie (byvoorbeeld, individue mag 'n oordrewe gunstige beeld voorhou van 'n organisasie terwyl hulle hulself nogtans oortuig dat hulle indrukke realistes is). Sulke onrealistiese verwagtings kan versterk word deur die gedrag van werwingsagente, stereotipering, sowel as vorige opvoedkundige- of werkervarings. In sommige gevalle maak werksoekers keuses wat op baie beperkte inligting gebaseer is met die veronderstelling dat die organisasie wel aan hulle verwagtinge sal voldoen. Greenhaus et al. (2000) het in dié verband verklaar: "*There is a subjective, emotional element in job choice that should not be suppressed...the decision to accept one job over the other also has to 'feel' right*" (p.176). Alhoewel 'n mate van onrealisme dus te verwagte is, kan 'n meer realistiese houding kandidate beskerm teen die gevolge van gebrekkige passing, soos teleurstelling, frustrasie, werkverandering, sowel as verlaagde produktiwiteit, effektiwiteit of selfagtiging.

Benewens die aankweek van realistiese beroepsverwagtings, moet individue ook gedurende dié stadium geskikte werkgewers identifiseer. Alhoewel 'n subjektiewe element altyd betrokke is by beroepskeuses, dra 'n planmatige of berekende benadering by tot sukses tydens die stadium. Nadat geskikte werkgewers identifiseer is, moet individue daarin slaag om werkaanbiedinge te kry. Hiervoor is 'n aantal vaardighede (byvoorbeeld onderhoudsaardighede) noodwendig nodig.

### **3.4.3 Vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie (*Early career: Establishment and achievement*)**

*Organizations can help new employees establish their careers by developing effective recruitment and orientation practices, offering important early job challenges, providing constructive performance feedback, and helping employees develop supportive relationships with their supervisor and other important members of the organization. At the same time, individual employees can engage in career exploration to understand themselves and their new environment and can develop strategies to help them influence their work situation.*

(Greenhaus et al., 2000, p. 211)

Die derde stadium van Greenhaus et al. (2000) se teoretiese model duur tussen die ouderdom van 25-40 jaar. Dit kan egter (soos die ander stadia) tydens die middeljare of laat-loopbaan heraktiveer word mits loopbaanskuiwe gemaak word. Die stadium stem ooreen met Levinson et al. (1978) se vroeë volwassestadium en behels ‘n wederkerige proses waartydens beide die nuwelinge en die organisasie waarby hul aangesluit het, bepaal in watter mate passing wel bereik is.

Die stadium bestaan uit twee fases. Eerstens moet individue hulself vestig in die organisasie, aanpas by die werkroetine, opdragte bemeester, aanvaarding deur kollega’s verwerf en terselfdertyd gevoelens van bekwaamheid, produktiwiteit, selfvertroue en tevredenheid ervaar. Nadat individue hulself gevvestig het, kan hulle hulself begin toespits op werkprestasie en bevordering binne die organisasie.

#### **3.4.3.1 Vestigingsfase**

Gedurende die vestigingsfase ervaar individue dikwels ‘n behoefte aan sekuriteit en vertrou hulle daarom op die organisasie vir leiding. Namate hulle ervaring, selfvertroue, onafhanklikheid en behoefte om te presteer egter toeneem, raak die individue geleidelik minder afhanklik van die goedkeuring van hul toesighouers en tree selfaktualisering behoeftes na die voorgrond. Suksesvolle sosialisering tydens die stadium word gekenmerk deur wedersydse aanvaarding. Individue moet eerstens hul eie waardes, belangstellings en talente sowel as die vereistes en geleenthede wat in die organisasie bestaan, ondersoek. Hulle moet dan bepaal of hul persoonlike doelwitte versoenbaar is met dit wat die organisasie hulle bied. Dit word van

individue verwag om hul aanvaarding van die organisasie te kommunikeer deur betrokkenheid, motivering en lojaliteit te demonstreer. Terselfdertyd kan organisasies hul aanvaarding van werknemers kommunikeer deur middel van waardering en vertroue.

Die ontwikkelingstake wat hierdie stadium kenmerk, vereis eerstens dat individue:

- a. suksesvol by die organisasie aanpas;
- b. hulself vestig deur deskundigheid aan te kweek en gesikte loopbaanstrategieë te gebruik (byvoorbeeld gesprekke met supervisor, hulpverlening aan kollega's, deelname aan programme en vestiging van informele kontakte);
- c. organisatoriese waardes en norms aan te leer; en uiteindelik
- d. as gewaardeerde werknemer aanvaar te word.

Terselfdertyd kan organisasies hulp verleen aan individue wat met die take besig is deur hulle aan te moedig en uit te daag, hulp te verleen met loopbaanbeplanning asook deur konstruktiewe prestasiebeoordelings te doen.

Tweedens vereis die stadium dat individue hul loobaanbehoeftes verstaan en hul loopbaandoelwitte gereeld hersien. Individue moet byvoorbeeld besluit of hulle verkies om te spesialiseer of om eerder bestuursvaardighede aan te kweek. Dit is voor die hand liggend dat individue in die stadium hul werkverantwoordelikhede moet bemeester. Individue moet terselfdertyd besef dat werkervaring wat hulle gedurende die stadium opdoen 'n kritiese rol kan speel by latere loopbaanprestasie en bevordering.

Mobiliteit is gedurende die stadium besonder belangrik. Daarom moet werknemers self verantwoordelikheid aanvaar om ondersteuning en borgskappe van senior kollega's en mentors te bekom. Die doelwit kan bereik word deur sigbaarheid, blootstelling, prestasie, lojaliteit en betrouwbaarheid te demonstreer. Individue kan hulself ook nomineer vir posisies of geleenthede.

Individuele loopbane volg verskillende vestigingspatrone. In sommige gevalle voltooi individue die vestigingstadium binne 'n enkele beroepsveld en by dieselfde

organisasie. Vir heelwat individue verloop die vestigingsperiode egter anders. Hulle mag 'n aantal proefnemings in verskillende beroepsrigtings en by verskillende organisasies benodig voordat vestiging kan plaasvind. Greenhaus et al. (2000) het dit as volg gestel:

*...there may be considerable floundering and trial before a person finds a suitable line of work and a compatible organization in which to pursue the chosen work. Therefore, many people try to establish themselves a couple of times before they find a satisfying connection to the work world...Finding a fit does not always come easily. Chronic career indecision, unrealistic expectations, personal shortcomings, lack of self-insight, organizational turmoil and economic fluctuations can introduce considerable uncertainty and frustration into careers and lives.*

(pp.190-191)

Sommige individue bevind hulle as gevolg van die kleitrappery in situasies waarin hulle as gevolg van loopbaanprobleme en terugslae (byvoorbeeld foute en mislukkings, werkfrustrasie, gebrekkige bevorderingsmoontlikhede, of persoonlike probleme) hulself by herhaling moet vestig alvorens hulle daarin slaag om 'n bevredigende en stabiele verbintenis in die werkkonteks aan te gaan. In die verband het Brousseau, Driver, Eneroth en Larsson (1996) sowel as Greenhaus et al. (2000) dit beklemtoon dat die vestigingsfase verskillend verloop vir verskillende individue. Hulle het vier verskillende patronen identifiseer. Die eerste patroon verteenwoordig die *linière loopbaan* wat gekenmerk word deur vertikale mobiliteit (deur middel van gereelde bevordering en werkveranderinge). Die tweede patroon verteenwoordig die *deskundige loopbaan* wat gekenmerk word deur 'n verbintenis tot 'n enkele beroepsveld of spesialiteitsrigting. Die patroon maak nie voorsiening vir dieselfde mate van verandering en bevordering as die linière loopbaan nie, maar fokus eerder op volgehoue ontwikkeling van bekwaamheid binne 'n enkele spesialiteitsrigting. Die derde patroon verteenwoordig die *oorgangsloopbaan* wat gekenmerk word deur gereelde werkveranderinge wat met weinig groei of ontwikkeling gepaard gaan. Die laaste patroon verteenwoordig die *spirale loopbaan*. Die patroon word gekenmerk deur sikliese veranderinge (wat 5-7 jaar duur) in beroepsrigtings waardeur individue groei en verskeidenheid nastreef.

Alhoewel dit op die oppervlak voorkom asof sommige van bogemelde vestigingsgedrag kan bydra tot 'n onnodig uitgerekte proses, is daar soms voordele

verbonde aan 'n verlengde vestigingsfase. Greenhaus et al. (2000) het aangedui dat loopbaanprobleme en -frustrasies kan bydra tot individuele loopbaanontwikkeling mits die individu suksesvol reageer op sulke probleme (byvoorbeeld om persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar vir loopbaanontwikkeling sowel as die ontwikkeling van gepaste hanteringstrategieë).

### **3.4.3.2 Prestasiefase**

Daar is gewoonlik 'n tydstip in die vestigingsfase wanneer individue minder besorg raak daaroor of hulle inpas by die organisasie of nie. Die aanvanklike afhanklikheid en goedkeuringsoekende gedrag sal dus gaandeweg plek maak vir 'n meer onafhanklike en selfgeldende styl. Die individu se fokus word in die proses vervang deur 'n strewe om te presteer en gesag in die werkplek af te dwing. Die fokus stem ooreen met die sogenaamde "*becoming one's own man*" of "*BOOM*" periode wat deur Levinson et al. (1978, p.191) beskryf is. Die periode word gekenmerk deur 'n sterk behoefte om prestasie-georiënteerde doelwitte te verwesenlik.

Die prestasiefase konfronteer individue met ten minste ses verantwoordelikhede. Individue moet eerstens toenemende bekwaamheid in hul werk en opdragte demonstreer. Hulle moet tweedens besluit wat die geskikste bydrae is wat gemaak kan word tot hul eie loopbane sowel as die organisasie (byvoorbeeld, deur te besluit om te spesialiseer of om 'n bestuurder te word). Derdens moet oorweging geskenk word aan geleenthede wat binne en buite die organisasie mag bestaan. Vierdens moet individue lang- en korttermyn loopbaandoelwitte formuleer wat inpas by hul loopbaanaspirasies. Laastens moet individue loopbaanstrategieë ontwikkel en implementeer waarmee hulle loopbaandoelwitte kan verwesenlik. Die strategieë kan byvoorbeeld die inisiëring van gesprekke met toesighouers of die vestiging van informele netwerke binne die organisasie insluit.

Die risiko bestaan dat individue te veel tyd en energie aan hul loopbane wy tydens die prestasiefase:

*Extensive work involvement, intense competition, and frequent relocations may provide career success but at the expense of personal failure.*

*Excessive levels of organizational and career commitment can have adverse consequences for the individual, including stress and tension in social and family relationships and limited time for family and leisure activities.*

(Greenhaus et al., 2000, p.209)

### 3.4.4 Middel-loopbaan (Midcareer)

*In essence, the individual at midlife is increasingly forced to recognize that he or she has stopped growing up and has begun growing old...entrance into middle adulthood raises certain issues that may produce crisis reactions in some people, although they may not be able to recognize the reasons behind their feelings until later. Moreover, these issues need to be acknowledged and confronted whether they reach crisis proportions or not.*

(Greenhaus et al., 2000, pp.220-221)

Die vierde stadium van Greenhaus et al. (2000) se teoretiese model duur gewoonlik 40 tot 55 jaar. Die stadium stem ooreen met Levinson et al. (1978) se middelvolwassenheidstadium en word gewoonlik ingelei deur 'n middeljarekrisis. Die krisis gaan gepaard gaan met 'n reeks kenmerkende verskynsels wat dikwels half- of onbewustelik ervaar word (Greenhaus et al., 2000):

- vrees vir verlies van jeugdigheid;
- bewustheid van veroudering en sterflikheid;
- afswering van jeugdige illusies wat vroeër as motivering gedien het;
- teleurstelling omdat drome wat vroeër nagestreef is nooit verwesenlik is nie;
- gevoelens van mislukking, rusteloosheid, twyfel en skuld;
- konflik oor opoffering van gesinsverhoudinge ter wille van ambisie en sukses; en
- gevoelens van bedreiging deur jonger, energieke, ambisieuse kollega's.

Drie ontwikkelingstake kenmerk die stadium. Eerstens moet individue die middeljare-oorgang konfronteer. Dit behels onder ander 'n herevaluering van die verstrekke loopbaan asook die vroeë-volwassenheidsfase.

Die tweede ontwikkelingstaak wat met die middel-loopbaanstadium gepaard gaan, behels die handhawing van produktiwiteitsvlakke wat vereis dat individue hul

vaardighede opdateer of onderneem om as mentor op te tree vir jonger kollega's. Wat produktiwiteitsvlakte tydens die middelloopbaan aanbetrif, is daar veral twee ervarings wat aansienlike probleme en stress kan veroorsaak, naamlik die bereiking van 'n loopbaanplato of oortolligheid (*obsolescence*). *Loopbaanplato*'s kom feitlik universeel in loopbane voor, maar dit kom veral na die ouderdom van 40 jaar voor in gevalle waar die geleentheid vir bevordering skraal is. Plato's kom daarom veral voor in organisasies met 'n piramidestruktuur waar die kompetisie vir senior posisies besonder straf is. In sulke organisasies sal daar dus noodwendig heelwat individue werk wat nie bevorderbaar is nie. Plato's sal by sulke individue noodwendig aanleiding gee tot aansienlike frustrasie, woede, verveeldheid en 'n verlies van motivering. *Oortolligheid* kom voor by individue wat nalaat om hulle loopbaanovaoldighede gereeld te hernu. Dit is dus daaraan te wyte dat sommige middeljarige individue kennis en vaardighede (tegniese- of bestuursvaardighede) kortkom om effektiel te funksioneer in hul huidige of toekomstige werkrolle. Oortolligheid is meermale die gevolg van twee tipes verandering, naamlik persoonlike- ('n afname in prestasiebehoeftes of belangstelling) of werkverwante veranderinge (tegnologiese veranderinge).

Derdens moet veranderinge oorweeg word in beide individuele en omgewingsfaktore. Die middeljare-oorgang skep by sommige individue 'n gretigheid om drastiese loopbaanveranderinge te oorweeg of 'n alternatiewe lewenstyl te begin volg. Dit is egter vir alle individue belangrik om hul loopbane in heroorweging te neem. Sulke veranderinge mag geringe of dramatiese aanpassing aan die lewensstruktuur noodsaak. Suksesvolle aanpassings vereis dat individue eerstens glo dat verandering moontlik is en dat hulle ook oor voldoende sosiale ondersteuning beskik. Suksesvolle loopbaanveranderinge gedurende die middel-loopbaanstadium kan bydra tot beter passing tussen individuele en loopbaanfaktore asook 'n toename in ervaring van sin en betekenis.

Loopbaanveranderinge gedurende die middeljare kan die individu se gesin, status, reputasie en gemoedstoestand beïnvloed en moet dus nie goedsmoeds aangepak word nie. Daarbenewens kan sulke veranderinge verder bemoeilik word deur finansiële-, tyd- (byvoorbeeld indien te min tyd vir heropleiding beskikbaar is) of sielkundige faktore (byvoorbeeld persoonlike insekuriteit).

Levinson et al. (1978) het gemeld dat loopbaanveranderinge gemotiveer word deur beide gepaste-/onvanpaste- sowel as individuele-/omgewingsfaktore. Die gepaste individuele faktore wat oorweging verdien sluit loopbaanfrustrasie, bereiking van 'n loopbaanplato met gepaardgaande gevoelens van onderbenutting of verveligheid, of veranderde belangstellings en waardes in. Die onvanpaste individuele faktore sluit angs oor die dood, self-oorskattting, of statusbeheptheid in. Loopbaanveranderinge moet ook oorweeg word aan die hand van bepaalde omgewingsfaktore, soos byvoorbeeld werklike of potensiële werkverlies, toenemende werksdruk, tegnologiese veranderinge, ekonomiese faktore, of korporatiewe herstrukturering.

### **3.4.5 Laat-loopbaan (*Late career*)**

*...two major tasks dominate this stage. First, the individual must continue to be a productive contributor to the organization and maintain his or her sense of self-worth and dignity. However, the maintenance of productivity and self-esteem is often hindered by changes within the individual and by society's bias against older people. Second, the individual in late career must anticipate and plan for an effective retirement, so that disengagement from work is not devastating to the individual and that the postretirement years are meaningful and satisfying.* (Greenhaus et al., 2000, p.121)

Die vyfde stadium van Greenhaus et al. (2000) se teoretiese model begin gewoonlik na die ouderdom van 55 jaar. Die stadium stem min of meer ooreen met Levinson et al. (1978) se laat-volwassenheid.

Net soos individue gedurende die tweede loopbaanstadium toetree tot organisasies, moet hulle gedurende die laaste stadium weer uittree. Gedurende die laaste loopbaanstadium moet 'n aantal veeleisende ontwikkelingstake hanteer word. Vir sommige individue bied die laat-loopbaanstadium geleentheid vir senior leierskapposities. Die stadium konfronteer individue steeds met tegnologiese en organisatoriese veranderinge waarby hulle moet aanpas. Daarbenewens word verwag dat individue enersyds hulle produktiwiteitsvlakke handhaaf, maar andersyds hulle sielkundige verbintenis met hul beroep en organisasie inkort. Dit is in meer as een opsig ironies dat van individue verwag word – op 'n tydstip wanneer hulle loopbane die kruin bereik het – om met die psigiese ontkoppelingsproses te begin. Dit

konfronteer individue met die prysgawe van ‘n aantal betekenisvolle aspekte wat met hulle loopbane gepaard gegaan het.

Die laat-loopbaanstadium konfronteer individue ook met ander persoonlike veranderinge. Dit sluit veranderinge aan die selfbeeld, reputasie en waardigheid in asook wissellende mate van samelewingsvooroordeel wat mag voorkom. Aftrede verteenwoordig vir die meeste werkers ‘n beduidende oorgang omdat dit ‘n aaneenlopende diensperiode van soveel as vier dekades of meer beëindig. Feldman (in Greenhaus et al., 2000) het aftrede as volg definieer:

*...the exit from an organizational position or career path of considerable duration, taken by individuals after middle age, and taken with the intention of reduced psychological commitment to work thereafter.*

(p.236)

Effektiewe aftrede word deur ‘n aantal faktore bepaal, onder andere gesondheid, finansiële sekuriteit, status wat aan die beroep gekoppel was, vroeëre motiveringsvlak, sosiale druk van gesinslede, asook individuele houdings ten opsigte van aftrede. Laasgenoemde houdings is gewortel in individue se houding ten opsigte van werk en speel veral ‘n belangrike rol indien werk ‘n belangrike deel van ‘n individu se identiteit uitgemaak het. Soms verteenwoordig aftrede die aflegging van ‘n belangrike gedeelte van die selfbeeld sowel as die opgee van ‘n posisie of rol wat hul in die samelewing beklee het. In dié sin behels aftrede ‘n prysgawe van loopbaandoelwitte, gevoelens van nuttigheid, verhoudings, prestasies, invloed en mag, finansiële sekuriteit, prestige en ‘n geroetineerde daaglikse bestaan.

Dit is egter belangrik om teen die agtergrond van bogemelde ontkoppelingsroses aan te dui dat nie alle individue hulself volledig van die werkkonteks ontkoppel nie. Aftrede skep vir sommige individue geleenthede om ‘n tweede of nuwe loopbaan te inisieer. So ‘n tweede loopbaan neem individue weer terug na die beroepskeuse of toetrede stadia wat behels dat ‘n nuwe loopbaanontwikkelingsiklus vir hulle begin.

### **3.5 Hoofstukopsomming**

In hierdie hoofstuk is eerstens ‘n oorsig aangebied van die terminologie wat algemeen in loopbaansielkunde gebruik word. Daarna is ‘n oorsig aangebied van modelle waarmee teoretici loopbaanverskynsels en -prosesse beskryf. In dié afdeling is die klem geplaas op die loopbaanontwikkelingmodelle. Die laaste afdeling is gewy aan Greenhaus et al. (2000) se loopbaanontwikkelingmodel. Die volgende hoofstuk beskryf die metode wat gevolg is tydens die studie.

## HOOFSTUK 4

### METODOLOGIE

Afd	Opskrif	Pg
4.1	Hoofstukoorsig	58
4.2	Navorsingsdoelwitte	58
4.3	Navorsingsontwerp	59
4.4	Ontledingseenheid	64
4.5	Psigobiografiese subjek	64
4.6	Data-insameling	66
4.7	Data-verwerking	68
4.8	Data-ontleding	69
4.9	Navorsingsprosedure	71
4.10	Etiese oorwegings	72
4.11	Hoofstukopsomming	72
Tabel		
4.1	Prominente bronne wat geraadpleeg is oor Barnard se loopbaan	68
4.2	Kwalitatiewe data-verwerkings tabel	69
4.3	Data-ontledingsriglyne	70
4.4	Navorsingsprosedure	71

#### **4.1 Hoofstukoorsig**

Hierdie hoofstuk verskaf ‘n uiteensetting van die navorsingsmetodologie wat in die studie gevvolg is. Psigobiografiese navorsing konfonneer navorsers met eiesoortige metodologiese uitdagings en probleme. Die hoofstuk dek die tradisionele metodologiese aspekte, maar fokus ook op die maatreëls wat getref is om die uitdagings wat kenmerkend is van psigobiografiese studies die hoof te bied.

#### **4.2 Navorsingsdoelwitte**

Die primêre doelwit van die studie is om Barnard se loopbaanontwikkeling aan die hand van Greenhaus et al. (2000) se teoretiese model te ondersoek en te beskryf. Geen poging sal aangewend word om op grond van die ondersoek se bevindinge veralgemenings te maak na ‘n groter populasie nie. Met ander woorde, die ondersoek streef nie na *statistiese veralgemening* nie. Die studie sal egter wel poog om *teoretiese veralgemenings* te maak. In hierdie sin sal die studie poog om die

praktiese toepassingswaarde van ‘n bepaalde loopbaanontwikkelingmodel te illustreer.

Yin (2003) het na hierdie tipe veralgemening as *analitiese veralgemening* verwys terwyl Mitchell (1983) daarna verwys het as *analitiese induksie*. Analitiese veralgemening skep die geleentheid om sekere aspekte of dimensies van teoretiese modelle informeel aan toetsing te onderwerp. Boonop stimuleer dit die verdere ontwikkeling of verfyning van bestaande modelle. Die ontleding van Barnard se loopbaanontwikkeling aan die hand van ‘n geskikte model mag byvoorbeeld lig werp op die waarde van sulke modelle om die verloop van buitengewone individue se loopbane akkuraat te beskryf.

### **4.3 Navorsingsontwerp**

Hierdie studie is gebaseer op ‘n navorsingsontwerp wat met behulp van ses sleutelwoorde beskryf kan word:

- psigobiografies,
- gevalstudie,
- ondersoekend-beskrywend,
- kwalitatief,
- idiografies-morfogenies,
- narratief.

Die sleutelwoorde word vervolgens bespreek.

Die term **psigobiografies** dui daarop dat Barnard se loopbaan bestudeer word binne sy sosio-historiese konteks aan die hand van ‘n sielkundige teorie (McAdams, 2006). Die sentrale aspekte van Barnard se loopbaan word hiervolgens aan die hand van ‘n bepaalde sielkundige model ondersoek en beskryf met die doel om ‘n samehangende en insiggewende beskrywing te formuleer.

Die term **gevalstudie** verwys na ‘n veelsydige benadering tot navorsing. Gevalstudies kan ingespan word om psigiese verskynsels te beskryf, konsepte te verfyn, teoretiese

modelle te ontwikkel (deur middel van hipoteseformulering), of om bekende konstrukte of verbande te ondersoek (Cavaye, 1996; Edwards, 1990; 1998; McLeod, 1994). Die teoretiese oogmerke van gevalstudies word bereik deur hipoteses te genereer en verklaars vir waargenome verhoudings te formuleer. Daarenteen word die toetsing oogmerke bereik deur bestaande modelle te bevestig of te weerlê met behulp van stelselmatige waarnemings en data-insameling (Fouche, 1999). Bromley (1986) het aangevoer dat dit in die geval van psigobiografiese gevalstudies gepas is indien die navorsing beide navorsingsoogmerke in dieselfde gevalstudie nastreef. Hiervolgens is psigobiografiese navorsers in staat om terselfdertyd verskynsels waar te neem en te beskryf (deur middel van induktiewe metodes) asook om bestaande teoretiese modelle te toets (deur middel van deduktiewe metodes). Alhoewel sommige gevalstudies in laboratoriumkontekste gedoen word (byvoorbeeld, deur middel van *enkelgeval, eksperimentele navorsingsontwerpe*), vind ander in natuurlike kontekste plaas waar dit onmoontlik is om veranderlikes te isoleer van die konteks waarbinne dit voorkom.

Gevalstudie-ontwerpe moet noodwendig voldoen aan sekere kriteria. Dit is veral belangrik omdat die geldigheid van gevalstudie-navorsing dikwels bevraagteken word. Bromley (1986) het ses beginsels in sy invloedryke publikasie formuleer wat gedurende hierdie studie geïmplementeer is:

- a. Die doelwitte van die studie moet duidelik en ondubbelzinnig formuleer word;
- b. Die data-insameling moet stelselmatig plaasvind en dit moet data insluit wat die individu (geval) se gevoelens en gedagtes uitbeeld;
- c. Die bevindinge moet akkuraat geformuleer word;
- d. Die mate waarin die doelwitte uiteindelik bereik is moet geëvalueer word en die faktore wat daarmee ingemeng het, moet geïdentifiseer en beskryf word;
- e. Die individu se ekologiese konteks moet ook bestudeer word (met ander woorde, rekenskap moet gegee word van persone, gebeure, en voorwerpe in die omgewing; ongeag of hul betekenis of invloed van fisiese, sosiale, of simboliese belang is);
- f. Die formulering van die gevalstudie moet eenvoudig, direk, feitelik, objektief en simpatiek wees en reg laat geskied aan die menslikheid van die lewensverhaal.

Die **ondersoekend-beskrywende** kenmerke van die navorsingsontwerp maak voorsiening vir gedetailleerde, in-diepte bestudering van individuele kenmerke en ervarings sowel as gebeure en prosesse wat 'n kronologiese verloop het (Bromley, 1986; Clandinin & Connely, 1994; Huysamen, 1994). Die kenmerke vereis dat 'n aspek van die psigobiografiese subjek se lewe geherkonstrueer word om 'n betekenisvolle en insiggewende lewensverhaal te vorm deur middel van die stelselmatige toepassing van 'n sielkundige teorie (McAdams, 1988; 2006).

Die navorsingsontwerp wat in die studie gebruik word, is voorts gebaseer op die insameling en ontleding van **kwalitatiewe** teksdata (sien afdeling 2.3.2). Volgens Delport en Fouché (2002) word kwantitatiewe data verteenwoordig deur temas, motiewe, en kategorieë, terwyl kwalitatiewe data verteenwoordig word deur woorde, tekste en transkripsies. Kwalitatiewe navorsing is egter nie 'n homogene entiteit nie. Dit sluit 'n aantal verskillende benaderings in, elk met 'n oorvleuelende, maar tog verskillende stel teoretiese en metodologiese kenmerke. Die gemene deler van kwalitatiewe navorsing is egter dat dit fokus op individuele ervarings en die betekenis wat daaraan geheg word (Denzin & Lincoln, 2005; Roberts, 2002). In hierdie studie is beskryf hoe Barnard binne spesifieke kontekste loopbaanervarings geskep en beleef het, asook hoe hy individuele betekenis daaraan geheg het.

Omdat sommige kwantitatiewe navorsers steeds geneig is om skepties te staan teenoor kwalitatiewe navorsing, is dit noodsaaklik dat kwalitatiewe navorsers die empiriese standaard van hul studies bo verdenking plaas. In dié verband het Guba (in Poggenpoel, 1998) en Yardley (2000) belangrike strategieë beskryf waarmee die gehalte van kwalitatiewe navorsingsresultate verbeter kan word, naamlik geloofwaardigheid (*credibility*), oordraagbaarheid (*transferability*), vertroubaarheid (*dependability*) en bevestigbaarheid (*confirmability*).

In hierdie studie is daarna gestreef om die bevindinge se *geloofwaardigheid* te verseker deur drie strategieë te implementeer. Eerstens is die rol van die navorser as navorsingsinstrument erken (Stroud, 2004). Tweedens is pogings aangewend om die data en konsepte wat Barnard se loopbaan beskryf, akkuraat aan te teken. Derdens is die beginsel *triangulasie* op die data-insamelingsproses van toepassing gemaak

(byvoorbeeld, deur beide primêre en sekondêre data te oorweeg voordat bevindinge geformuleer word).

Die *oordraagbaarheid* van die bevindinge is bevorder deur te demonstreer hoe die bevindinge wel in ander kontekste toegepas kan word (deur middel van teoretiese of analitiese veralgemening (sien afdeling 4.2). Om die rede is daar tydens die studie noukeurig gelet op die invloed van kontekstuele faktore op Barnard se loopbaanontwikkeling. Daar is ook gepoog om die data en bevindinge so aan te bied dat dit ‘n bydrae maak tot sielkundige kennis en begrip van loopbaan-ontwikkeling.

Die *vertroubaarheid* van die bevindinge is bevorder deur drie strategieë te implementeer. Eerstens is daar stappe geneem om te verseker dat die studie voltooi is aan die hand van gepaste navorsingsmetodologie en -prosedure. Tweedens is gepoog om die data-insameling, -verwerking, en -ontleding so noukeurig en deursigtig as moontlik te doen. Laastens is gepoog om, waar aangedui, oorweging te skenk aan alternatiewe verklarings en negatiewe bewyse.

Die navorser het gepoog om die *bevestigbaarheid* van die bevindinge te verseker deur aan te toon hoe die data en bevindinge op bevredigende wyse deur ander navorsers ondersoek kan word. Die navorser het voorts gepoog om die bevindinge van hierdie studie geïntegreerd en samehangend aan te bied. Daar is ook stappe gedoen om teenstrydighede en uitsonderings te rapporteer.

Die navorsingsontwerp het voorts van ‘n **idiografiese-morfogeniese** navorsingstrategie (sien afdeling 2.4.5) gebruik gemaak. Anders as die nomotetiese navorsingstrategie waar die klem geplaas word op die formulering van algemeen geldige wetmatighede, beklemtoon die idiografiese-morfogeniese navorsingstrategie die beskrywing van enkele, unieke of onderskeidende gebeure, verskynsels, of prosesse binne ‘n holistiese konteks (Carlson, 1988; Elms, 1984; Runyan, 1982; 1983). Stake (1995) het hom as volg uitgelaat oor die aspek van gevalstudies:

*The real business of case study research is particularisation, not generalisation...There is emphasis on uniqueness, and that implies knowledge of others that the case is different from, but the first emphasis is on understanding the case itself.* (p.8)

Ten spyte van die verskillende aard van nomotetiese en idiografiese-morfogeniese navorsing, is beide strategieë geldig want byna alle navorsing sluit die beskrywing van beide ooreenkomsste en verskille in. Inderwaarheid is die twee strategieë wedersyds afhanklik en kan hulle as die twee pole op dieselfde kontinuum voorgehou word (Mouton, 2001).

Die digotomie wat steeds in sommige sielkundige kringe bestaan tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing kan volgens Edwards (1990; 1998) gelykgestel word aan ‘n ideologiese konflik waarin ‘n onvanpaste klem op laasgenoemde geplaas word. Die eensydige beklemtoning van kwantitatiewe navorsing is waarskynlik nou verwant aan die pogings van sielkundiges om hul dissipline se wetenskaplikheid te bevorder. Die vordering wat sedert die 1950s op die gebied van rekenaartegnologie gemaak is en wat gesofistikeerde statistiese berekenings binne sielkundiges se bereik geplaas het, het waarskynlik ook tot die eensydigheid bygedra. Sielkundige navorsers is gevvolglik aangemoedig en beloon daarvoor om navorsing te doen met groot groepe proefpersone wat statisties vergelyk kon word.

Die ingewikkeld navorsingsontwerpe en statistiese berekenings wat kwantitatiewe navorsers ingespan het in hul ondersoeke na die aard, oorsake, beheer van, en verandering in menslike gedrag, het sonder twyfel baie bygedra tot die erkenning van sielkunde as ‘n *wetenskaplike* dissipline. Die ongelukkige gevolge hiervan was egter dat sielkundiges vir jare weggeskram het van ‘n meer intensieve en indringende bestudering van individuele gevalle. In die proses het hulle die invloed van unieke en individuele veranderlikes onderbeklemtoon (Runyan, 1997) en onopsetlik bygedra tot die ontwikkeling van ‘n gaping tussen sielkundige navorsing, praktyk en selfs opleiding. Hierdie gaping het die afgelope vier dekades sommige sielkundige navorsers motiveer om kwalitatiewe benaderings in te span as alternatief en sodoende die groeiende wanbalans aan te spreek (Bromley, 1986; Eckstein, 1975; Kazdin, 1981; Mitchell, 1983; Yin, 2003).

Die **narratiewe** aspek van die navorsingsontwerp fokus op die wyse waarop Barnard tydens sy loopbaan ‘n unieke loopbaannarratief konstrueer het. Die narratiewe aspek het ‘n benadering tot die navorser se beskikking gestel om Barnard se losstaande

loopbaangedrag en ervarings te organiseer en te integreer in ‘n samehangende geheel (Kelly, 2006).

Samevattend kan die navorsingsontwerp wat in die studie implementeer is dus beskryf word as ‘n ondersoekend-beskrywende, psigobiografiese gevalstudie waarin ‘n idiografies-morfogeniese navorsingstrategie sowel as kwalitatiewe data benut is om ‘n samehangende narratief van Barnard se loopbaanontwikkeling aan te bied.

#### **4.4 Ontledingseenheid**

Gevalstudies word gekenmerk deur ‘n fokus op ‘n enkele geval as ontledingseenheid (Edwards, 1990; 1998; Stake, 2005). ‘n Geval kan ‘n individu, klient, organisasie, stad of dorp, groep, gemeenskap, intervensie, incident, of ervaring wees. Vir die doel van hierdie studie is die ontledingseenheid ‘n enkele voltooide lewe. Die studie behels dat biografiese en outobiografiese data wat betrekking het op Barnard se loopbaan ingesamel en ontleed word.

#### **4.5 Psigobiografiese subjek**

Barnard is as psigobiografiese subjek identifiseer deur middel van doelgerigte steekproeftrekking (*purposive sampling*). In gevalstudienavorsing word die keuse van die geval meesal baseer op die buitengewone rol of bydrae wat met ‘n beroemde, voorbeeldige of enigmatiese individu verband hou (Howe, 1997; McAdams, 2006; Strydom & Venter, 2002). Barnard is vir die doel van hierdie studie beskou as ‘n gesikte buitengewone individu op grond van sy baanbrekerswerk in die konteks van orgaanoorplantings. Die volgende spesifieke oorwegings het die deurslag gegee tydens die oorweging van Barnard as potensiële psigobiografiese subjek:

- a. Hy word wêreldwyd as ‘n buitengewone individu beskou vanweë sy pioniersbydraes tot die geneeskundige dissipline.
- b. Sy loopbaan het op die oog af ‘n buitengewone verloop gehad wat onder meer deur baanbrekersprestasie, roem, omstredenheid en kroniese gesondheidsprobleme beïnvloed is.

- c. Die belangstelling in sy lewe duur steeds voort en twee biografieë het in November 2003 die lig gesien, naamlik dié deur Barnard se dogter (D. Barnard, 2003) en 'n joernalis (Logan, 2003).
- d. 'n Groot hoeveelheid biografiese- en outobiografiese materiaal is beskikbaar wat vanuit uiteenlopende perspektiewe geskryf is.
- e. Ten spyte van die breeë dekking wat sy lewe geniet, bestaan daar geen akademies-sielkundige, of psigobiografiese beskrywing van sy lewe of loopbaan nie.
- f. Sedert die eerste hartoorplanting in 1967 was die lewe van Barnard dikwels gekenmerk deur spekulasié en omstredenheid. In hierdie opsig was sy lewe nie uniek nie, maar in dieselfde kategorie as dié van ander Suid-Afrikaners wie se buitengewone lewens en indrukwekkende bydraes weens vooroordeel, gebrekkige kennis of begrip misverstaan, ignoreer, of onderskat word.

Benewens die buitengewone rol of bydrae van psigobiografiese subjekte, moet die keuse van navorsingssubjek ook beïnvloed word deur die teoretiese belang van die individu (McLeod, 1994). In hierdie verband is Barnard gekies aangesien 'n noukeurige ontleding van sy lewe waarskynlik 'n betekenisvolle bydrae kan maak tot sielkundiges se begrip van loopbaanontwikkeling (en terselfdertyd lig werp op talle tot dusver nagelate aspekte van sy gedrag en bydraes). Beter begrip van Barnard se persoonlikheid, lewensverloop, en geneeskundige baanbrekerbydraes kan dus verkry word deur middel van 'n herinterpretasie van sy lewe met behulp van sielkundige teorieë.

Die volgende beskrywing weerspieël Barnard se veelsydigheid en hoë mate van onpeilbaarheid (*elusiveness*) wat hom by uitstek 'n interessante keuse as psigobiografiese subjek maak:

*Chris Barnard is one of those controversial characters who we either love or hate, who balances the fence between being an international (and our personal) hero and a fallen idol...It is the contrasts of his character and behaviour that make him of special interest to us, that intrigue us. He is*

*the archetypal hero who is placed on a pinnacle by his peers and the public at large, lauded and praised, adulated and honoured, and then, because he does not always behave in a way expected of the professional man or scientist, those who placed him there step back and watch – awaiting his fall. Some expect, and even hope for, a catastrophic fall; others pray that he will not let them down but will cling to the pinnacle for all he is worth, even if at times he balances there somewhat precariously.*

(Cooper, 1992c, p.130)

#### 4.6 Data-insameling

Berg (1995) het twee tipes databronne onderskei wat tot psigobiografiese navorsers se beskikking is. Primêre (of oorspronklike) bronne behels die mondeline of geskrewe data wat deur die subjek self, of ooggetuies teenwoordig tydens die gebeure, gelewer is. Outobiografieë of persoonlike dokumente val in die kategorie. Sekondêre bronne, daarenteen, behels mondeline of geskrewe data wat deur individue gelewer is wat nie teenwoordig was tydens die gebeure nie. Biografieë, teksboeke, artikels, of mondeline oorleweringe val in die kategorie.

Die algemeenste primêre bron is geskrewe dokumente. Sommige geskrewe dokumente is openbare dokumente soos verkiesingstoesprake, intreeredes, diplomatiiese kommunikasie, hofbesluite, gedigte, stories, tydskrifartikels en ander publikasies. Ander is private dokumente soos persoonlike korrepondensie en dagboeke. Nie-verbale materiaal verteenwoordig ook primêre bronne en sluit kunswerke, komposisies, beeldende kuns en ‘n verskeidenheid kulturele artefakte in.

Sekondêre bronne verteenwoordig inligting wat deur geschiedkundiges en ander navorsers ingesamel word. Die algemeenste bronne hier is biografieë, ensiklopedieë, biografiese woordeboeke, bibliografieë, en doodberigte (Simonton, 2003).

Die data wat tydens hierdie studie ingesamel is, was kwalitatief van aard en sluit beide primêre (outobiografiese materiaal) en sekondêre data (biografiese materiaal) in. Die benutting van veelvuldige data-bronne het daar toe bygedra dat die potensiële impak van navorser-vooroordeel verminder kon word. Dit het voorts kruisverwysing en data-triangulasie moontlik gemaak wat die data se interne geldigheid verhoog het.

Yin (2003) het die gebruik van gepubliseerde data in psigobiografiese navorsing aanbeveel vanweë die volgende kenmerke daarvan:

- Dokumente is stabiele data-bronne wat herhaaldelik ontleed kan word;
- Dokumente stel navorsers in staat om data wat daarin voorkom (byvoorbeeld, datums, spelling en titels) met behulp van ander bronne te bevestig;
- Dokumente is toeganklik en relatief maklik bekombaar;
- Dokumente stel navorsers in staat om dit te raadleeg op tye en plekke wat gerieflik is.

Die data-insameling en –ontleding van hierdie studie is baseer op ‘n benadering wat deur Yin (2003) voorgestel is. Yin het twee algemene strategieë formuleer. Die eerste strategie behels dat teoretiese modelle gebruik word om te bepaal watter data relevant is en die bereiking van die navorsingsdoelwit sal bevorder. Die tweede strategie behels dat ‘n beskrywende raamwerk ontwikkel word waarmee die ingesamelde data aangeteken, organiseer en integreer word. Die eerste strategie is in hierdie studie gevolg. Die strategie is implementeer deur vrae (wat op die navorsingsprobleem baseer is) aan die data te stel. Die volgende vrae is formuleer om bepaalde data te teiken:

Vraag 1: Hoe word die konstruksie loopbaanontwikkeling gekonseptualiseer en geoperasionaliseer?

Vraag 2: Aan die hand van watter primêre en sekondêre data kan Barnard se loopbaanontwikkeling volledig beskryf word?

Vraag 3: Watter raamwerk leen hom tot die koherente en stelselmatige beskrywing van Barnard se loopbaanontwikkeling?

Vraag 4: Hoe kan die bevindinge analities veralgemeen word (Yin, 2003)?

Vraag 5: Hoe vergelyk Barnard se loopbaanontwikkeling met die teoretiese konseptualisering van loopbaanontwikkeling wat deur Greenhaus et al. (2000) formuleer is.

Die bronre wat geraadpleeg is om ‘n omvattende en gedetailleerde narratief van Barnard se loopbaan te formuleer word in Tabel 4.1 aangebied.

**Tabel 4.1: Prominente bronre wat geraadpleeg is oor Barnard se loopbaan**

Outeurs	Titel	Datum
Barnard, C.N. & Pepper, C.B.	Een lewe	1969
Barnard, C.N. & Brewer, C.	Die tweede lewe	1993
Barnard, D.	Fat, fame and life with father	2003
Barnard, L.	‘n Hart verwerp	1971
Blaiberg, P.	Looking at my heart	1968
Cooper, D. (Ed.)	Chris Barnard by those who know him	1992a
Hawthorne, P	Die oorgeplante hart	1968
Logan, C.	Celebrity surgeon: Christiaan Banard – A life	2003

Alhoewel die bronre die navorsing in staat gestel het om Barnard se volledige loopbaan in besonderhede te dek, betreur die navorsing dit dat hy nie direkte toegang tot Barnard gehad het om bevestiging vir interpretasies te kry of gapings in die data aan te vul nie.

#### **4.7 Data-verwerking**

Die derde vraag wat geformuleer is in afdeling 4.6 verwys na ‘n koherente, stelselmatige raamwerk. In hierdie studie is ‘n tabel gebruik om die data te organiseer met die oog op data-analise. Die tabel is gebaseer op die model van Greenhaus et al. (2000) en word vervolgens aangebied.

Behalwe dat die tabel ‘n eenvoudige hulpmiddel is waarmee ‘n groot hoeveelheid kwalitatiewe data georganiseer kan word, laat dit toe vir kruisverwysings, data-

triangulering en data-verifikasie. Sodoende bevorder die raamwerk die data se interne geldigheid.

**Tabel 4.2: Kwalitatiewe data-verwerkingstabel**

<b>Loopbaanstadia</b>					
	<b>Stadium 1</b>	<b>Stadium 2</b>	<b>Stadium 3</b>	<b>Stadium 4</b>	<b>Stadium 5</b>
Stadia	Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk	Toetrede tot organisasie	Vroeë loopbaan: Vestiging en prestasie	Middelloopbaan	Laat loopbaan
Ouderdom (Jare)	0 – 25	18 – 25	25 – 40	40 – 55	55 →
Ontwikkelingstake	Sien Tabel 3.2 vir besonderhede	Sien Tabel 3.2 vir besonderhede	Sien Tabel 3.2 vir besonderhede	Sien Tabel 3.2 vir besonderhede	Sien Tabel 3.2 vir besonderhede
Vereistes	Sien Tabel 3.2 vir besonderhede	Sien Tabel 3.2 vir besonderhede	Sien Tabel 3.2 vir besonderhede	Sien Tabel 3.2 vir besonderhede	Sien Tabel 3.2 vir besonderhede
Biografiese en outobiografiese data	Sien Afdeling 5.2	Sien Afdeling 5.3	Sien Afdeling 5.4	Sien Afdeling 5.5	Sien Afdeling 5.6

#### **4.8 Data-ontleding**

Die navorser het 'n aantal riglyne geformuleer wat geïmplementeer is tydens die data-ontledingsprosedure. Die riglyne is gebaseer op die aanbevelings van Anderson (1981a; 1981b), Elms (1988; 1994), Fouché (1999), Rudestam en Newton (1992), Runyan (1982; 2005), Schurink (1988; 1998) en Stroud (2004) en word in Tabel 4.3 aangebied.

**Tabel 4.3: Data-ontledingsriglyne**

Nommer	Riglyn	Rede
Riglyn 1	Barnard se loopbaanontwikkeling is ontleed teen die agtergrond van die destyds-heersende historiese, sosiale en kulturele konteks (sien Hoofstuk 5).	Vermyding van reduksionisme
Riglyn 2	Barnard se loopbaanontwikkeling is ontleed aan die hand van veelvuldige data-bronne (sien Tabel 4.1).	Data-triangulasie Verhoging van interne geldigheid
Riglyn 3	Barnard se loopbaanontwikkeling is ontleed aan die hand van 'n omvattende en stelselmatige data-verwerkings tabel (sien Tabel 4.2).	Replisering van studie Verhoging van betroubaarheid
Riglyn 4	Barnard se loopbaanontwikkeling is ontleed aan die hand van 'n enkele teoretiese model (Greenhaus et al., 2000) (sien Hoofstuk 5).	Vermyding van oor-ambisieuse navorsingsdoelwitte
Riglyn 5	'n Enkele dimensie van Barnard se lewe (loopbaanontwikkeling) is ontleed aan die hand van data wat in die publieke domein beskikbaar is (sien Tabel 4.1).	Vermyding van kontroversiële en sensitiewe aspekte wat geneig is om ongewenste etiese kwessies te aktiveer Verhoging van betroubaarheid
Riglyn 6	Objektiwiteit sowel as empatie tydens die data-ontledingsfase is bevorder deur gereeld gesprekke te voer met kollega's wat ook spesialiseer in psigobiografiese navorsing.	Vermyding van onbewustelike en onopsetlike oordragreaksies (byvoorbeeld idealisering, patologisering en navorser-vooroordeel)
Riglyn 7	Akkurate en ondubbel sinnige operasionele beskrywings en definisies is geformuleer vir Greenhaus et al. (2000) se teoretiese fases, prosesse en konsepte (sien afdeling 3.4).	Verhoging van konstrukgeldigheid
Riglyn 8	Geen veralgemening vanaf die studie se bevindinge na ander individue is gedoen nie, maar analitiese veralgemening vanaf die bevindinge na Greenhaus et al. (2000) se loopbaanontwikkeling model is met omsigtigheid gedoen (sien Hoofstuk 6).	Verhoging van eksterne geldigheid

Die data-ontleding is gedoen volgens die benadering wat deur Huberman en Miles (1994) voorgestel is. Die benadering is reeds met vrug tydens talle psigobiografiese studies aangewend (byvoorbeeld, Green, 2006; Smeeton, 2005; Stroud, 2004). Die benadering behels drie fases, naamlik data-reduksie (*data reduction*), data-voorstelling (*data display*) en gevolgtrekkings of verifikasie (*conclusion drawing or verification*).

*Data-reduksie* verwys na die proses waartydens die beskikbare data verminder of meer hanteerbaar gemaak word (byvoorbeeld, deur die keuse van 'n konseptuele model, formulering van navorsingsprobleme en versigtige steekproeftrekking). *Data-voorstelling* verwys na die proses waartydens die data akkuraat en stelselmatig saamgevat en aangebied word met die oog op die formulering van bevindinge en gevolgtrekkings. *Gevolgtrekkings en verifikasie* behels 'n proses waartydens die navorser interpretasies maak en oor die essensiële betekenis en implikasies van die data besluit. Gedurende die proses word patronen en tema's gewoonlik onderskei.

#### 4.9 Navorsingsprosedure

Die navorsingsprosedure wat in hierdie studie gevolg is, het uit 15 stappe bestaan. Die stappe word in Tabel 4.4 opgesom.

**Tabel 4.4: Navorsingsprosedure**

Stap	Beskrywing
Stap 1	Formulering van navorsingsprobleem
Stap 2	Bepaling van ondersoekmetode
Stap 3	Literatuuroorsig: Psigobiografie
Stap 4	Literatuuroorsig: Loopbaanontwikkeling
Stap 5	Literatuuroorsig: Barnard se loopbaanontwikkeling
Stap 6	Teoretiese konseptualisering: Greenhaus et al. (2000)
Stap 7	Identifisering van gepaste navorsingsontwerp
Stap 8	Beskrywing van navorsingsmetode
Stap 9	Navorsingsvoorstel
Stap 10	Data-insameling
Stap 11	Data-ontleding en -verifikasie
Stap 12	Formulering van bevindinge
Stap 13	Bespreking van bevindinge
Stap 14	Verslagskrywing
Stap 15	Eksamining

#### 4.10 Etiese oorwegings

Psigobiografiese navorsing word deur 'n aantal eiesoortige etiese dilemma's gekonfronteer (American Psychiatric Association, 1976; Fouche, 1999; Stroud, 2004). Dit sluit kwessies in soos ondermyning van individue se privaatheid, potensiële verleentheid of skade vir individue of hul naasbestaandes en toestemming dat die navorsing gedoen mag word. Die navorser het tydens die beplanning van die studie oorweging geskenk aan hierdie etiese kwessies.

Die navorser het vier stappe geïmplementeer om te verseker dat etiese standaarde gehandhaaf word tydens die studie. Eerstens het die navorser Barnard in 2001 ('n maand voor sy dood) genader met 'n versoek om toestemming te verleen dat die studie met sy goedkeuring onderneem word. 'n Afskrif van Barnard se skriftelike toestemming is op aanvraag beskikbaar. Daarbenewens het die navorser pogings aangewend om persoonlike inligting met respek, empatie, deernis en omsigtigheid te hanteer. Derdens het die navorser slegs data wat beskikbaar is in die publieke domein (gepubliseerde biografiese en outobiografiese materiaal) geraadpleeg tydens die data-ontledingsfase. Laastens het die navorser pogings aangewend om die beskikbare data op 'n verantwoordbare en deursigtige wyse te interpreteer.

#### **4.11 Hoofstukopsomming**

Hierdie hoofstuk het 'n uiteensetting verskaf van die navorsingsmetodologie wat in die studie gevolg is. Die navorsingsdoelwitte, -ontwerp, ontledingseenheid, psigobiografiese subjek, data-insameling, -verwerking, -ontleding, navorsingsprosedure en etiese oorwegings is bespreek. Daar is ook aandag gegee aan die eiesoortige metodologiese uitdagings en probleme wat psigobiografiese navorsers gewoonlik konfronteer. Psigobiografiese navorsing verteenwoordig tegelykertyd 'n opwindende en omstrede navorsingsbenadering en daarom is dit belangrik om maatreëls te tref om kenmerk

## HOOFSTUK 5

### BEVINDINGE

Afd	Opskrif	Pg
5.1	Hoofstukoorsig	73
5.2	Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk (1922-1946)	73
5.3	Toetrede tot organisasie (1947-1953)	81
5.4	Vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie (1953-1962)	84
5.5	Middel-loopbaan (1963-1976)	99
5.6	Laat-loopbaan (1977-2001)	116
5.7	Hoofstukopsomming	128
Tabel		Pg
5.1	Barnard se familiekronologie	74
5.2	Barnard se studiekronologie	79
5.3	Barnard se gesinskronologie	83
5.4	Barnard se publikasiekronologie	109
5.5	Orgaanoorplantingskronologie	114

#### **5.1 Hoofstukoorsig**

Hierdie hoofstuk fokus op Barnard se loopbaanontwikkeling. Die hoofstuk se struktuur is gebaseer op die loopbaanontwikkeling-fases van Greenhaus et al. (2000).

#### **5.2 Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk (1922-1946)**

*My father was a missionary among the coloured, or mixed-race people of Beaufort-West in an area of scrubland...Next door is the church where my father preached, my mother played the organ and I pumped the bellows for it...when they rang the bell in Beaufort-West at 9 o'clock...all the coloured people had to leave town for the night. My father, however, would not accept any difference between white people and black or coloured people. I learned that tolerance from my father who said to me, "Son, for some people the mills of God grind slowly but surely."...My mother taught me ambition. You must always be first, she used to say. But she also tempered that with humility.* (Heart to heart, 2001, p.158)

Barnard het sy kinderjare in ‘n plattelandse dorp in die Groot Karoo deurgebring. Die dorp was toe, soos die res van die Suid-Afrikaanse samelewing, georden deur ‘n beleid van rassegelasie. Vir die Barnard-gesin het die beleid direkte implikasies gehad aangesien hulle as blankes, vanweë Barnard se pa se beroep, ‘n prominente rol

gespeel het in die bruin gemeenskap. Barnard se ervarings gedurende sy skoolopleiding word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

Barnard was die derde van vyf seuns (Sien Tabel 5.1). Sy ouers het in Beaufort-Wes geestelike leiding verskaf aan die plaaslike bruin gemeenskap. Barnard se ouers het voor sy geboorte twee kinders aan die dood afgestaan (onderskeidelik elf en ses jaar voor sy geboorte). Abraham (1914-1916) het gesterf as gevolg van ‘n aangebore hartsiekte terwyl ‘n tweelingsuster van Johannes, die oudste broer, by geboorte gesterf het (18 Julie 1911).

**Tabel 5.1: Barnard se familiekronologie**

NAAM	VERWANTSKAP	GEBOORTEDATUM	STERFTEDATUM
Adam Hendrik	Vader	20 Maart 1875	17 Julie 1958
Maria Elizabeth (De Swardt)	Moeder	27 Desember 1884	25 Februarie 1977
Johannes T (Barney)	Broer	18 Julie 1911	Onbekend
	Suster	18 Julie 1911	18 Julie 1911
Abraham Siegfried Nel	Broer	8 April 1914	15 Desember 1916
Dodsley Retief	Broer	15 Julie 1918	13 Julie 1975
Christiaan Neethling		8 November 1922	2 September 2001
Marius Stephanus	Broer	3 November 1927	

Barnard se ouers het uiteenlopende persoonlikhede gehad. Hy het na sy pa verwys as ‘n versneller terwyl hy sy ma met ‘n rem vergelyk het. Sy vader, Adam Hendrik Barnard (20 Maart 1875 – 17 Julie 1958) het op 20-jarige ouderdom by die Heilsleer aangesluit en was by hulpverlening aan armes betrokke. Nadat hy ingewandskoors opgedoen het, was hy egter verplig om sy betrokkenheid by die Heilsleer te staak. Hy het daarna by die Huguenote Kollege in Wellington opleiding as sendeling ondergaan en is in 1909 in die amp van Eerwaarde van die Nederduits-Gereformeerde Sendingkerk bevestig. Adam Barnard het mense met sy geloof en menslikheid beindruk. Sy skoondogter, Louwtjie, het dit as volg gestel: “As iemand my ooit sou vra of ek op hierdie aarde ‘n heilige ontmoet het, sal ek ‘ja’ kan sê – ‘n klein ou mannetjie, die sendeling Adam Hendrik Barnard” (L. Barnard, 1971, p.67). Barnard se jongste broer, Marius, het die mening gedeel:

*I sincerely believe he went straight to heaven when he died. He was a man whose consideration was only for others. He was the kind of person who would give someone in need the last crumb out of his own mouth.*

(in Logan, 2003, p.26)

Barnard se moeder, Maria Elizabeth Barnard (gebore De Swardt: 27 Desember 1884 – 25 Februarie 1977), was ‘n opgeleide onderwyseres. Sy was egter gedurende Barnard se kinderjare die orrelis van die Sendingkerk in Beaufort-Wes wat deur haar eggenoot bedien is. Louwtjie Barnard het haar as volg beskryf: “*Sy was altyd in haarself gekeer, koel, afsydig en heeltemal die teenoorgestelde van Klein Oupa. Ons kon nooit met mekaar kommunikeer nie*” (L. Barnard, 1971, p.69). Barnard het ‘n soortgelyke mening oor haar gehad:

*I could never please my mother...She was a strongly determined woman – insisting everything be perfect, that the boys be first in school, and that we never admit defeat. I was afraid of my mother, of displeasing her and making her angry.*

(in Logan, 2003, p.24)

Daar is aanduidings dat Barnard se ontwikellingsjare weinig verskil het van sy portuurgroep wat saam met hom tussen 1922-1940 in Beaufort-Wes grootgeword het. Die enigste werklike onderskeid was waarskynlik dat die blanke kinders soms vir Barnard en sy broers geterg het omdat sy vader bruinmense in sy gemeente bedien het. Dit het minderwaardigheidsgevoelens en ‘n mate van woede en wrokkigheid by Barnard veroorsaak. Een van Barnard se skoolvriendinne, Stella Oosthuizen, het dit bevestig: “*He had a chip on his shoulder, an inferiority complex because his family were poor and his father worked with coloured people*” (in Logan, 2003, p.32).

Die Barnard-gesin was nie welgesteld nie. Sy pa se salaris was byvoorbeeld net een-derde van die salaris van die predikant wat die blanke Nederduits-Gereformeerde gemeente bedien het. Die gesin was egter nie naastenby so behoeftig soos die gemeenteledle van die Sendingkerk nie. Die Barnards het ‘n vakansiehuis by die Wildernis sowel as ‘n motor besit en vier van die vyf broers het universiteitsopleiding ondergaan. ‘n Skoolvriend, Pieta Fourie, het Barnard se kleredrag as volg beskryf:

*He usually wore hand-me-down khaki shorts, cut from his father's trousers and often worn first by his older brothers... Whenever there were birthday parties Christiaan would arrive in his khaki shirt and shorts,*

*always with a patch on the seat. I used to feel sorry for him, so I asked my father to make him some shorts for free.* (in Logan, 2003, p.32)

Gedurende die eerste agtien jaar van Barnard se lewe was die gemeenskapslewe in die Groot-Karoo deur die volgende gekenmerk (Barnard & Pepper, 1969; Logan, 2003; Murray & Stadler, 1986; Spies, 1986):

- 'n beleid van segregasie wat die interaksie tussen rassegroepe reguleer het (dit het 'n aandklokreeël vir bruin- en swartmense ingesluit);
- 'n fel stryd tussen die ondersteuners van drie politieke partye (Suid-Afrikaanse-, Nasionale- en Verenigde Partye) wat die blanke gemeenskap verdeel het;
- die emosionele nasleep van die Anglo-Boereoorlog wat steeds tot aansienlike bitterheid aanleiding gegee het;
- ontevredenheid onder blanke werkers wat in 1922 aanleiding gegee het tot die *Randse opstand* waartydens 200 gedood en 1200 gewond is;
- armoede as gevolg van droogte en die wêreldwye *Groot Depressie* wat die vroeë 1930s gekenmerk het;
- die nasleep van Eerste Wêreldoorlog wat die Suid-Afrikaners in twee kampe verdeel het;
- die Tweede Wêreldoorlog (ten tye waarvan Barnard matrikuleer het) wat die vroeëre verdeeldheid weer laat opvlam het;
- die geleidelike ontwikkeling van Nasionalisme.

In weerwil van die sosio-politieke klimaat, het Barnard se ouers konserwatiewe Calvinistiese geloofs- en lewensoortuigings nagestreef. Die plaaslike skole het boonop 'n streng dissiplinêre kode en konserwatiewe waardestelsel by die leerders ingeprent. Daar is aanduidings dat Barnard gedurende sy skoolloopbaan goed aangepas het en veelsydig was. Hy was akademies suksesvol (met eerste klas gematrikuleer) en het in sport (middelfastandatleet) sowel as ander buitemuurse aktiwiteite (sersant-majoor in skolkadette, lid van musiektrio) uitgeblink. Die gewildheid wat Barnard in sy portuurgroep geniet het, kan afgelei word daarvan dat sy klasmaats hom genomineer het om 'n toespraak namens hulle by die matriekafskeid te lewer.

Drie keerpunte in Barnard se skoolloopbaan verdien verdere vermelding. In 1936 het die wêreldbekende Prof Robert Broom (1866-1951) Beaufort-Wes besoek. Tydens die besoek het die 14-jarige Barnard en 'n vriend, Fanie Bekker, die geleentheid gekry om vir Broom te help tydens 'n veldwerk-eksedisie. Dit was Barnard se vroegste eerstehandse kennismaking met 'n individu wat as akademikus en navorser bekend was (twee rolle wat later in Barnard se eie loopbaan prominent sou wees). Die ander twee insidente was eintlik 'n herhaling van dieselfde tipe sportervaring. Barnard het gedurende 1939 en 1940 die geleentheid gehad om in twee mylwedlope kragte te meet teen Daantjie Rabie. Laasgenoemde was die seun van Dominee Rabie, die predikant van Beaufort-Wes se Nederduits-Gereformeerde Kerk. Daantjie het gedurende sy studentejare op Stellenbosch bekendheid verwerf as die Westelike Provincie se mylkampioen en het jaarliks as lid van 'n universiteitspan tydens die Uniedag-byeenkoms op Beaufort-Wes deelgeneem. As gevolg van die ouderdomsverskil tussen Barnard en Rabie, het die wedloop op 'n voorgee-basis plaasgevind. Nadat Barnard die eerste wedloop verloor het, het Dominee Rabie aan hom 'n nuwe paar spykerskoene geskenk. Barnard het egter die tweede wedloop 'n jaar later ook verloor. Hy het egter by beide byeenkomste 'n buitengewone sterk kompetisiedrang ervaar. Sy herinneringe aan die twee wedlope het hom lewenslank bygebly en aangespoor om met oorgawe te kompeteer (die insidente is volledig beskryf in Barnard & Pepper, 1969, pp.33-34 en 37).

Daar bestaan verskeie weergawes van wat Barnard inspireer het om medies te studeer. Barnard se eie weergawe het gelui dat hy gemotiveer is deur ekonomiese oorwegings. Sy weergawe is deur 'n skoolvriendin, Stella Oosthuizen, bevestig: "*He was obsessed with money – he always said he was going to make something of himself that would bring him money, he was sick of being poor*" (in Logan, 2003, p.32). Barnard se moeder se weergawe, daarenteen, het die verband tussen sy beroepskeuse en sy broer, Abraham, se dood as gevolg van 'n hartsiekte beklemtoon. Logan (2003) het 'n alternatiewe perspektief verskaf wat ook moontlik 'n rol gespeel het by Barnard se beroepskeuse. Hiervolgens het die Suid-Afrikaanse regering gedurende die Tweede Wêreldoorlog leerders aangemoedig om medies of ingenieurswese te studeer. Die Smuts-regering het studente wat in die twee rigtings gestudeer het, vrygestel van militêre diens. Volgens Logan (2003) het die vrystelling van sleutelberoep tot 'n aansienlike toename in studentgetalle in die beroepe geleei.

Barnard se ouer broer (Barney) het meganiese ingenieurswese studeer. Hy het ook bygedra tot Barnard se belangstelling in geneeskunde. Alhoewel Barney later in sy loopbaan suksesvol was, was hy nie as student ewe suksesvol nie:

*When my brother failed two years of his studies, the house was in mourning. He told me medicine was a better choice than engineering, and when I went to university, I vowed I'd never have to tell my parents I had failed. And I never did.* (Heart to heart, 2001, p.158)

Barnard het sy beroepskeuse in 1940 gefinaliseer toe hy gematrikuleer en ingeskryf het as mediese student aan die Universiteit van Kaapstad (UK). Barnard se toetrede tot die wêreld van werk het 'n vyfjarige kursus, 'n huisdokterjaar, twee jaar in privaatpraktyk, 'n werklose periode, en twee jaar by die Stadshospitaal ingesluit ('n opsomming van die opleidingsprogramme wat Barnard voltooi het, verskyn in Tabel 5.2). Die stadium het 'n aanvang geneem toe Barnard die Groot Karoo verruil het vir Kaapstad waar hy uiteindelik die grootste deel van sy loopbaan deurgebring het. Barnard is tydens sy studies blootgestel aan rolmodelle wat 'n invloed gehad het op sy persoonlike en professionele ontwikkeling. Benewens die praktiese werk wat deel was van sy mediese opleiding, het Barnard gedurende die toetrede stadium geleentheid gehad om deeltydse werk te verrig. Die stadium het egter ook 'n sosiale sy gehad. Barnard het gedurende sy studiejare sy eerste ernstige liefdesverhouding aangeknood en verloof geraak.

Barnard het in 1941 begin met sy mediese opleiding. Vanweë sy gesin se sosio-ekonomiese status het hy aansienlike finansiële druk ervaar. Volgens Cooper het Barnard deur sy mediese opleiding gekom "...on a financial 'shoe-string'" (1992b, p.39). Hy het egter wel hulp ontvang van die *Helpmekaar Studiefonds* en die *Bolus Beursskema*. Laasgenoemde het sy klasgelde gedurende die eerste drie jaar gedek op voorwaarde dat sy studies suksesvol was.

**Tabel 5.2: Barnard se studiekronologie**

JAARTAL	KWALIFIKASIE	INSTELLING
1940	Matriek	Hoëskool Sentraal, Beaufort-Wes
1946	MB, ChB	Universiteit van Kaapstad
1953	MD	Universiteit van Kaapstad <i>(The treatment of tuberculous meningitis)</i>
1953	MMed	Universiteit van Kaapstad
1958	MSc (Chirurgie)	Universiteit van Minnesota <i>(The aortic valve – Problems in the fabrication and testing of a prosthetic valve)</i>
1958	PhD	Universiteit van Minnesota <i>(The aetiology of congenital intestinal atresia)</i>
1967*	DSc (hc)	Universiteit van Kaapstad

\*Barnard het tussen 1968-2001 nog 14 eredoktorsgrade ontvang.

Barnard se akademiese aanpassing was uit die staanspoor bo-gemiddeld. Hy het gedurende 1941 onderskeidings in botanie, chemie en fisika verwerf en hy het boonop die eerste jaar met lof geslaag (Barnard & Pepper, 1969). In die tweede jaar het Barnard anatomielesings by Prof Maxie Drennan bygewoon. Drennan het 'n besondere indruk op Barnard gemaak en was sy eerste akademiese rolmodel. Barnard was veral beïndruk en inspireer deur Drennan se indukwekkende kennis van anatomie, sy vermoë om te kommunikeer, sy noukeurigheid, asook sy addisionele belangstellings in antropologie, filosofie en jag. Logan (2003) het die invloed van Drennan op Barnard as volg beskryf:

*It was perhaps from Drennan that Barnard learned the art of turning a science-based lecture into a tour-de-force of anecdote, humour, and unexpected visual shocks from slides and illustrations. Barnard's later ability to communicate complex concepts in a vivid and entertaining way would be a major factor in his success as a public speaker, and make him a natural media man.* (p.50)

Barnard het gedurende universiteitsvakansies die geleentheid gehad om Beaufort-Wes se geneesheer, Dr Jacobus van der Merwe, te help. Barnard het belangrike lesse by Dr Van der Merwe geleer: “*It was valuable training...for I learned from him that acute attention to the smallest details, to the tiniest clues, can lead to success – and also that no doctor knows it all*” (in Logan, 2003, p.55). Barnard het sy eerste operasie (verwydering van 'n blindederm) by Dr Van der Merwe bygewoon en tot sy verbasing tydens die prosedure byna flougeword. Ten spye van die onverwagte reaksie en verleenheid, was Barnard se belangstelling geprikkel en hy het uit sy pad gegaan om meer ervaring met operasies op te doen:

*He also assisted in a minor way in some operations at Groote Schuur. While other students were enjoying themselves on the rugby field or in the bar, he spent many hours hanging around the operating theatres; occasionally he would be called upon to help in some small way. His confidence grew.* (Logan, 2003, p.56)

Gedurende Barnard se vyfde jaar (1945) het sy pad met nog ‘n rolmodel s’n gekruis. Prof Crichton het Verloskunde doseer en ten spyte van sy intimiderende styl was hy ‘n uitstekende leermeester. Prof Crichton het baie deernis met sy pasiënte gehad en het – net soos Barnard later in sy eie loopbaan – bekendheid daarvoor verwerf dat hy enige tyd in die saal opgedaan het vir ‘n ongeskeduleerde saalronde. Barnard het Prof Crichton se invloed op sy loopbaan erken en hom later beskryf as “*a man I respected and enjoyed and who often reminded me of my father*” (in Logan, 2003, pp.57-58).

Die dood van Barnard se ouer broer en suster (voor sy eie geboorte) het jare daarna steeds ‘n skaduwee gewerp het op die gesin. Barnard is egter gedurende sy studiejare vir die eerste keer persoonlik gekonfronteer met die onafwendbaarheid van lewensgevaar, siekte en dood. Die eerste konfrontasie het sy broer betrek. Die Tweede Wêreldoorlog was in volle gang gedurende Barnard se eerste vyf studiejare. Sy broer Dodsley was in Noord-Afrika betrokke by die oorlog. Die veldslag by die Libiese hawestad Tobruk het in Barnard se tweede jaar plaasgevind. Tydens hierdie veldslag het baie Suid-Afrikaanse soldate gesneuwel. Dodsley is tydens die veldslag krygsgevangene geneem en daarna in Italië aangehou. Die tweede konfrontasie het die dood behels van ‘n skoolvriend, Michel Rossouw, as gevolg van bilaterale pulmonêre tuberkulose.

Barnard het gedurende 1945 die eerste keer betrokke geraak in ‘n ernstige liefdesverhouding toe hy Aletta Gertruida Louw (Louwtjie) ontmoet het. Louwtjie het die ontmoeting later as volg beskryf:

*...die jong ambisieuse student met die oorborrelende lewenslus en die vasberadenheid om van sy lewe ‘n sukses te maak. Ek het hierdie jong, beskeie mediese student met die groot ore en die pragtige hande in Saal C2 ontmoet – in dieselfde saal waar die eerste hartoorplanting onderneem is.* (L. Barnard, 1971, p.25)

Gedurende dieselfde jaar het Barnard se pad gekruis met die van Prof Jannie Louw. Barnard was gedurende die daaropvolgende jare een van Louw se belangrikste protegés (Louw, 1992). Die twee het vir byna dertig jaar saamgewerk en Louw het as adviseur en mentor ‘n groot bydrae gemaak tot Barnard se loopbaanontwikkeling.

Barnard het gedurende 1946 op 24-jarige ouderdom ‘n Baccalaureusgraad in Genees- en Snykunde (MB, ChB) verwerf en aan Louwtjie verloof geraak. Op hierdie stadium was daar weinig sprake van spesifieke loopbaanbeplanning: “*He did not appear to have a firm goal in mind, and had certainly not expressed any particular ambition to become a surgeon that anyone can remember. Whatever lay ahead, he was in a rush to get started*” (Logan, 2003, p.60). Dit sou nog 21 jaar se studie en navorsing verg voordat Barnard die eerste hartoorplanting kon doen.

### **5.3 Toetrede tot organisasie (1947-1953)**

*Though Chris had some deep feelings that his long-term future was more in the field of hospital practice, possibly in obstetrics and gynecology, he and Louwtjie were planning to marry and were attracted by the increased security and financial rewards of a family practitioner compared with those of a junior hospital doctor.* (Cooper, 1992b, p.39)

Barnard se toetrede tot die wêreld van werk het ‘n huisdokterjaar, twee jaar in privaatpraktyk, ‘n werklose periode, en twee jaar by die Stadshospitaal ingesluit. Die toetrede-stadium word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

Na afloop van die gradeplegtigheid het Barnard sy eerste loopbaanvuurdoop gehad toe hy vir ‘n maand waargeneem het in ‘n privaatpraktyk in Usakos (Namibië). In 1947 het Barnard ‘n jaarlange internskap (huisdokterjaar) voltooi. Hy het helfte van die jaar in die Departement Ginekologie onder Prof Crichton en die ander helfte in die Departement Chirurgie onder Prof Cole Rous gewerk. Hierdie twee plasings het Barnard se loopbaan bevoordeel. In die Departement Ginekologie het Barnard nou saamgewerk met ‘n chirurg, Dr James Louw, wat by hom basiese chirugiese beginsels ingeskerp het. Toe Barnard in die tweede helfte van die jaar in die Departement Chirurgie begin werk het, het hy as gevolg van die chirugiese ervaring ‘n aansienlike voorsprong teenoor sy huisdokter-kollega’s gehad (Louw, 1992).

Barnard het reeds op hierdie stadium aansienlike vertroue in sy geneeskundige- en oordeelsvermoë gehad. Hy het ook reeds tekens begin toon van professionele veeleisendheid. Hy wou ten alle koste sy take korrek uitvoer en het aangedring dat die verpleegpersoneel dieselfde benadering inneem:

*He was just 24, and working with many nurses of much greater experience. But his insistence on getting things right, which marked him throughout his career, was already making him a hard taskmaster...He hadn't been among the very brightest of medical students but he was very firm about what he believed in. He was a go-getter even as a houseman. If the nurses did anything that was not right he told them off.*

(Dr Richenda Fry, in Logan, 2003, p.62)

Aan die einde van 1947 het Barnard sy huisdokterjaar voltooi. In 1948 het hy 'n tydelike aanstelling gekry as senior huisdokter by die *Skiereilandse Kraaminrigting* (die inrigting was geleë in Distrik Ses). Hier het hy die geleentheid gehad om weer met Prof Crichton saam te werk. Alhoewel Prof Crichton hom later die jaar 'n permanente pos aangebied het, het Barnard egter verkies om by 'n privaatpraktyk in Ceres aan te sluit. Barnard het sy voorkeur vir 'n loopbaan in die hospitaalkonteks vroeër duidelik gemaak (Logan, 2003), maar vanweë sy trouplanne en finansiële oorwegings het hy hiervan afgesien.

Barnard het op 6 November 1948, twee dae voor sy 26ste verjaardag, met Louwtjie getrou ('n opsomming van Barnard se gesinskronologie verskyn in Tabel 5.3). Hulle het daarna na Ceres verhuis waar Barnard as venoot by 'n privaatpraktyk aangesluit het. Aanvanklik het Barnard die werk geniet. Hy het gereeld geleentheid gekry om roetine-operasies uit te voer en is van tyd tot tyd gekonfronteer met die perke van sy kennis en ervaring (Cooper, 1992b). Gedurende die tyd is Barnard se eersteling, Deirdré, gebore (28 April 1950).

Ongeveer twee jaar later het wrywing ontstaan tussen Barnard en sy senior venoot, Dr O'Maloney. Dit het daar toe gelei dat Dr O'Maloney vir Barnard gevra het om uit die venootskap te onttrek. Die verwikkeling het Barnard se eerste loopbaankrisis verteenwoordig. Na die uitval met O'Maloney het hy aanvanklik steun probeer werf vir 'n plan om 'n eie praktyk in Ceres te vestig. Hy het egter die planne laat vaar en werkloos na sy skoonouers se vakansiehuis in die Strand vertrek:

*Ons is uit Ceres gedryf en daar was vir ons net een heenkome, een verblyfplek waar ons 'n nuwe lewe kon begin en kon wag op die koms van ons tweede kind... Ons was in 'n klein stoombelaайд motortjie ingeprop, want die groot Chevrolet is vir 'n kleiner Prefect verruil en ons was op pad, 'n klein gesinnetjie, totaal verward en diep gegrief.*

(Barnard & Pepper, 1969, p.145)

**Tabel 5.3: Barnard se gesinskronologie**

NAAM	VERWANTSKAP	GEBOORTE-DATUM	STERF-DATUM	HUWELIKS-DATUM	EGSKEIDINGS-DATUM
Christiaan Neethling		1922	2001		
Louwtjie	Eggenote I	1924		1948	1969
Deirdre Jeanne	Dogter I	1950		1978	
Andre Hendrik	Seun I	1951	1984		
Barbara Maria	Eggenote II		1998	1970	1982
Frederick Christiaan Zoellner	Seun II	1971			
Christiaan Alexander Zoellner	Seun III	1974			
Karin Setzkorn	Eggenote III			1988	2000
Armin	Seun IV	1989			
Lara	Dogter II	1997			

Alhoewel Barnard verontreg gevoel het oor die verwikkeling in sy loopbaan, het hy reeds vroeër daaraan gedink om een of ander tyd na die hospitaalpraktyk terug te keer. Hy het inderwaarheid reeds op Deirdré se geboortedag vir Dr Jannie Louw geraadpleeg oor die moontlikheid van 'n hospitaalpos. Hy het sy hoop nou op 'n hospitaalpos gevvestig (Barnard & Pepper, 1969; Cooper, 1992b).

Terwyl die gesin in die Strand gebly het, het Barnard die tyd produktief verwyld deur voor te berei vir die twee eksamens wat lidmaatskap van die *Royal College of Surgeons* vereis. Barnard se aanstelling as senior huisdokter by die *Stadshospitaal vir Aansteelike Siektes* in Kaapstad het uiteindelik die werklose periode (en die studies) onderbreek. Die aanstelling was vanaf Maart 1951 van krag. Met sy aankoms by die *Stadshospitaal* is Barnard toegewys aan Saal 15. Die saal was berug vir die hoë voorkoms van wanvoeding sowel as *tuberkulese meningitis* (Barnard & Pepper, 1969). Net nadat hy in die pos aangestel is en net elf maande na Deirdré se geboorte, het Louwtjie geboorte geskenk aan André (30 Maart 1951). Hiermee het die einde

van die toetrede-stadium aangebreek. Barnard het homself nou begin vestig en stabiliteit het in sy loopbaan ingetree.

#### **5.4 Vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie (1953-1962)**

*By now, in his early thirties, Barnard had discovered his true talents – the drive to see a way forward where others saw only obstacles, a fascination with research and new ideas, the nerve to take a step others might ponder...now his mind was set on moving on and up, and he found his persistence had paid off.* (Logan, 2003, pp.78-79)

Barnard se vroeë-loopbaanstadium is gekenmerk deur sukses, teleurstellings, hoogte- en laagtepunte. Die toetrede-stadium van sy loopbaan het in 1953 tot 'n einde gekom toe hy as kliniese assistent in die Departement Chirurgie aangestel is. Die aanstelling het Barnard se loopbaan gestabiliseer en was die aanloop tot buitengewone navorsings- en chirurgiese prestasies. Sy vordering in die akademiese hiérargie het Barnard uitermate frustreer, maar hy het wel daarin geslaag om binne die verloop van 'n dekade te vorder van kliniese assistant tot departementshoof (op 39-jarige ouderdom). Die verloop van Barnard se vroeë- loopbaanstadium word vervolgens in besonderhede bespreek.

Op grond van die uitstekende werk wat Barnard by die *Stadshospitaal* gedoen het, het hy in Maart 1953 (twee jaar nadat hy by die Stadshospitaal aangestel is) 'n aanstelling as kliniese assistent in die Departement Chirurgie onder Prof Brock gekry. Barnard het in dieselfde jaar 'n doktorsgraad in medisyne (MD-graad) verwerf op grond van die baanbrekerswerk wat hy by die Stadshospitaal gedoen het. Die titel van sy tesis was *The treatment of tuberculous meningitis*. In dieselfde jaar het Barnard die eksamens gedoen vir die MMed graad. Die eksaminatore wat by die mondelinge eksamen betrokke was, het 'n voorsmaak gekry van die temperament wat later as een van Barnard se uitstaande kenmerke beskou is toe hy gedurende die uitgerekte eksamen opgestaan en verklaar het: "*Here, teen hierdie tyd weet u genoeg van my af om my deur te laat of te laat druiп. Ek laat dit aan u oor*" (Barnard & Pepper, 1969, p.165). Barnard het daarna die eksamenlokaal verlaat.

Op die tydstip het Drr Velva Shrire en Maurice Nellen hulself daarvoor beywer om ‘n harteenheid by die Groote Schuur Hospitaal (GSH) op die been te bring. Dr Shrire het toe reeds aansienlike ervaring in die VSA en Brittanje opgedoen en was besonder geskik vir die taak.

Barnard het hard gewerk tydens sy kliniese assistentskap (hy het toe nog nie met Proff Shrire en Nellen saamgewerk nie). Hy het in die proses opofferings vir sy werk gemaak wat sy lewensstyl en gesinslewe nadelig beïnvloed het. Die Barnards het gereeld verhuis en dit het sy eggenoot en twee jong kinders ontwrig (L. Barnard, 1971). Barnard het egter self opgang gemaak. Hy het baie chirurgiese ervaring opgedoen en tussen-in as navorser baanbrekerswerk gedoen onder leiding van Prof Jannie Louw. Die navorsing het ‘n hoë vlak van tegniese vaardigheid vereis en gefokus op die oorsake van intestinale atresie (‘n aangebore defek wat dermvernouing behels). Na meer as 40 onsuksesvolle operasies op dragtige honde het Barnard daarin geslaag om die oorsaak van intestinale atresie (onvoldoende bloedtoevoer) te identifiseer. Die identifisering het gedurende die 43ste operasie op ‘n dragtige hond plaasgevind (Cooper, 1992b; Logan, 2003).

Hierdie navorsingsprestasie het verreikende gevolge vir sy loopbaan gehad: “*Barnard’s success with intestinal atresia confirmed his growing reputation as a man who was set for big things*” (Logan, 2003, p.84). Volgens Prof Jannie Louw (1992) het dit Barnard se navorsingskundigheid bevestig en vir hom die weg gebaan om in die buiteland te gaan studeer. Die operasie het egter ook op ‘n wyer front dramatiese geneeskundige implikasies gehad deurdat dit oornag ‘n 90% mortaliteitsratio verander het in ‘n 90% oorlewingsratio. Barnard se eksperimentele werk is elders in die wêreld herhaal en dit het so die weg gebaan vir ander intra-uterine chirurgiese procedures (wat in die baarmoeder op ‘n ontwikkelende fetus gedoen word), byvoorbeeld korrektiewe chirurgie vir *obstruktiewe uropatie* (obstruksie van die urinêre kanaal) en *hidrocefalus* (toename in vog binne die skedel as gevolg van die obstruksie van normale dreineringskanale).

Nog ‘n loopbaandebraak het spoedig daarna gevolg toe Prof John Brock aan Barnard gevra het of hy na die Universiteit van Minnesota wil gaan om onder Prof Wangenstein te studeer. Barnard het toe reeds aansoek gedoen om in London te gaan

studeer, maar sy aansoek vir ‘n *Nuffield Studiebeurs* wat die besoek sou moontlik maak, was onsuksesvol. Die onsuksesvolle aansoek het Barnard baie teleurgestel, veral omdat die beurs toegeken is aan ‘n jonger en minder ervare aansoeker.

Ten spyte van die teleurstelling was dit duidelik dat die geleentheid om in die VSA onder Prof Wangenstein te studeer ‘n keerpunt in Barnard se loopbaan sou wees (L. Barnard, 1971). Die studieperiode by die Universiteit van Minnesota is moontlik gemaak deur twee beurse wat Barnard in 1956 ontvang het, naamlik die *Charles Adams Memorial Scholarship* en die *Dazian Foundation Bursary*. Die beurse sou hom in staat stel om twee jaar in die VSA deur te bring. Binne ‘n week nadat Barnard per “kabelgram” ingelig is dat sy aansoek suksesvol was, was hy op pad na Minneapolis, die *Mekka* vir briljante jong chirurge (Cooper, 1992b).

Minneapolis was die stad wat ‘n roemryke loopbaan binne Barnard se bereik geplaas het. Barnard het op 28 Desember 1955 in Minneapolis aangekom nadat hy Kersfees in Londen deurgebring het. Dit was die eerste keer dat hy in die buiteland gereis het. Die opleidingsprogram onder Prof Wangenstein was veeleisend. Dit het ‘n kombinasie van ses komponente ingesluit. Die kliniese assistente moes:

- a. vir twee of drie jaar in teaters en hospitaalsale werk;
- b. vir twee jaar in chirurgiese laboratoria werk;
- c. vir ‘n jaar fokus op ‘n basiese wetenskaplike dissipline;
- d. weer in hul finale jaar chirurgiese pasiënte onder toesig in teaters en hospitaalsale behandel;
- e. gedurende die studieperiode twee vreemde tale aanleer; en
- f. terselfdertyd voldoende krediete verwerf sodat ‘n PhD-graad (in chirurgie of basiese wetenskap) uiteindelik aan hulle toegeken kon word op grond van hul laboratoriumaktiwiteite.

Die reputasie van die Mediese Skool by die Universiteit van Minnesota was grotendeels gebaseer op Prof Wangenstein se filosofie:

*Wangensteen believed that the proper training of surgeons included a strong dose of research. He was convinced that most, if not all of the*

*unsolved problems confronting surgery could be solved in the research laboratory. Under Wangensteen's tutelage, the training programme for surgeons was long and arduous, usually at least seven years in duration. This was two to three years longer than usual for training a surgeon...Wangensteen was convinced this was the way to train the surgical leaders and professors of tomorrow...this was considered by many to be one of the most, if not the most, prestigious training posts to be had in all of academic surgery...Wangensteen's influence was worldwide.*

(Perry, 1992, pp.277-278)

Prof Wangensteen het net na sy kennismaking met Barnard opgemerk dat laasgenoemde oor heelwat meer chirurgiese ervaring as die ander kliniese assistente beskik het. Hy het gevolglik bepaal dat Barnard aanvanklik al sy tyd in die laboratorium (eerder as die sale of teater) moes deurbring. Barnard was egter nie hiervoor te vind nie:

*It became apparent after a few days, however, that Chris was not going to be content for too long on this project...He was very impatient and from the beginning he felt that the project assigned to him, the experiment on the oesophagus, was to lead nowhere. He felt his opportunity was limited and was time-driven. He knew that he had to accomplish something noteworthy with which to return home before the support from his government was exhausted, or return empty-handed.*

(Perry, 1992, pp.280-281)

Nadat Barnard die deurbraak aanskou het wat Prof Wangensteen se kliniese personeel behaal het (Prof Walton Lillehei het sopas sy 100ste opehart-operasie met behulp van 'n hart-longmasien uitgevoer) en Dr Vincent Gott hom blootgestel het aan die hart-longmasjien, het hy versoeke om toegelaat te word om by te dra tot die kliniese werk van die departement:

*Barnard went to Prof Wangensteen and asked to do a number of things in a seemingly impossible period of time. He wanted to become a heart surgeon. He wanted to obtain a PhD from the university. He wanted to expand his experiments on the origin of intestinal atresia to provide material for a thesis for his degree. He wanted to learn to read in two languages to fulfil the requirements for his degree. He wanted to do all of these things in a period of two or three years...Wangensteen never failed to give a bright student every opportunity. It was probably this demonstration of Barnard's ingenuity and industry that convinced him that Barnard's proposal to accomplish all these things in so little time was worth trying and he agreed to it.*

(Perry, 1992, p.282)

Nadat Prof Wangensteen uiteindelik ingestem het, het Barnard vir homself 'n aantal op-die-oog-af onrealistiese take beplan. Om dit te bereik moes hy langer ure werk. Die take het die volgende ingesluit:

- voortgesette eksperimente met intestinale atresie,
- bestudering van chirurgiese patologie,
- bestudering van Duits en Nederlands,
- dienste in kliniese sale.

John Perry, 'n kollega wat dieselfde tyd as Barnard 'n kliniese assistent in Minnesota was, het laasgenoemde se aktiwiteite as volg beskryf: "*He seemed like a man driven to accomplish in two or three years that which for most others was requiring seven years*" (Perry, 1992, p.283). 'n Ander kollega was ewe beindruk:

*He was very assertive and definitely interested in advancing surgery in whatever field he was in. It was clear he was going to prevail, and he couldn't have picked a better place to be. It was a hotbed of innovation...There was an ego there, but he had an enormous amount of drive, energy, and ambition. In the end I sensed an obsession. He could be a very pressing fellow.* (Jim Story, in Logan, 2003, pp.87-88)

'n Vriendin, Trudy Nordstrom het Barnard as volg beskryf: "*Chris was very charming, and he was very ambitious. He wanted to be first in things. He talked about wanting to achieve something in heart surgery. He even talked about wanting to do a heart transplant*" (in Logan, 2003, p.87). 'n Dosent, Prof Walton Lillehei het hom as volg daaroor uitgelaat:

*...he had intense personal drive. In those two and a half years he accomplished what normally takes about five or six years...I think everybody who knew him in those days was struck by his intense ambition and ability to work...* (1992, p.215-216)

Barnard se gesin het by hom in Minnesota aangesluit nadat hy reeds vier maande daar was. Hulle aanpassing is egter bemoeilik deur Barnard se oorbetrokkenheid by sy studies sowel as die Noord-Amerikaanse kultuur en klimaat. Dit het aansienlike ongelukkigheid binne die gesin veroorsaak en daartoe gelei dat hulle 14 maande voor hul bestemde vertrektyd na Suid-Afrika teruggekeer het.

In die tyd toe sy gesin nog in Minnesota was, het Barnard op 'n dag met 'n paar geleende ysskaatse die ysige winterweer trotseer. Hy het agterna onophoudelike pyn in sy enkels ervaar. Toe dit nie opklaar nie het hy 'n geneesheer daaroor geraadpleeg. Die diagnose van *rumatoïde arthritis* is in 1956 deur 'n geneesheer verbonde aan die Mayo-kliniek gemaak en het Barnard se volgende (en kroniese) loopbaankrisis verteenwoordig (Barnard & Evans, 1984).

Ten spyte van die genadelose tempo waaronder Barnard moes werk, het hy aansienlike sukses behaal en werksbevrediging ervaar. Hy het sukses behaal met die ontwikkeling van 'n chirurgiese prosedure waarmee intestinale artresie behandel kon word. Hierna het hy sy aandag toegespits op die vervanging van hartkleppe.

In sy middel-dertigerjare was Barnard ongetwyfeld in die regte plek op die regte tyd: "*Minneapolis was the place where it was 'all happening' in heart surgery at that time*" (Cooper, 1992b, p.43). Barnard het later gemeld dat die 28 maande in Minneapolis en die periode na sy terugkeer in Kaapstad die opwindendste tyd in sy loopbaan was. Dit was volgens hom selfs meer opwindend as die middel 1960s toe hy die eerste hartoorplanting beplan en hom daarvoor voorberei het (Cooper, 1992b).

Gedurende die periode waartydens Barnard in Minneapolis studeer het, was hy by 300 operasies betrokke waartydens die hart-longmasjien gebruik is (Lillehei, 1992). Hy het boonop kontak gehad met talle chirurge en assistente wat almal op die gebied van hartchirurgie wêreldbekend was of later bekendheid verwerf het. Hieronder was Drr Christian Cabrol, Richard de Wall, Vincent Gott, Walton Lillehei, Norman Shumway, Richard Varco en Nazih Zuhdi.

Barnard het Varco uitgesonder as 'n leermeester van wie hy baie geleer het. Volgens hom was Varco:

*...one of the great innovators and teachers of open-heart surgery...From Varco he learned 'respect for the human body and its tissues'...Varco told him: 'Nothing must be crushed or tied or burned unless there is reason for it. Eventually the body must repair every trauma you create. If it has to use energy to recover the damage you have done it cannot use it to fight the essential disease we want to cure'.* (Logan, 2003, p.95)

Prof Lillehei het hom egter geleer hoe om die hart-longmasjien aanmekaar te sit en te gebruik tydens operasies. Hy het later vir Barnard as “*chief resident*” aangestel (Miller, 2000). Barnard het Lillehei beskryf as “*a great teacher, an inspiration – and, above all – a sensitive human being*” (in Logan, 2003, p.95).

Tydens sy verblyf in Minnesota het Barnard ook die geleentheid gehad om besoek aan ander chirurgiese sentra in die VSA te bring. Hy het tydens die besoek belangrike lesse by baanbrekers geleer. Die belangrikste hiervan was Dr John Kirklin wat verbonde was aan die *Mayo Clinic* in Rochester, Minnesota asook Drr De Bakey en Cooley wat beide verbonde was aan die *Texas Heart Institute* in Houston. Barnard het erkenning gegee aan die mate waarin Dr Kirklin hom krities-belangrike kortpaaie en voorsorgmaatreëls geleer het (Logan, 2003). Laasgenoemde het hom ook gewys hoe om ‘n *ventrikulêre septale defek* te herstel. Dit was ‘n besondere ingewikkeld prosedure omdat ‘n groot risiko vir skade aan die hartsenuwees daarmee gepaard gaan. Dr Cooley het jare later vir Barnard onthou as innoverend, leergierig, individualisties en nederig en ook gemeld dat Barnard se buitengewone talente en vaardighede hom opgeval het (Cooper, 1992b).

Aan die einde van die agt-en-twintig maande wat Barnard by die Universiteit van Minnesota deurgebring het, het hy beide ‘n MSc- en ‘n PhD-graad ontvang (Barnard & Pepper, 1969). Prof Wangensteen het Barnard vroeër versoek om ‘n metode na te vors waarmee defektiewe hartkleppe herstel kan word (Die projek is befonds deur die *National Institute of Health*). Hy het ‘n MSc-graad verwerf vir sy verhandeling met die titel “*The aortic valve – Problems in the fabrication and testing of a prosthetic valve*”. Sy PhD-graad was gebaseer op ‘n verhandeling met die titel “*The aetiology of congenital intestinal atresia*”. Die sukses wat Barnard binne die tydperk bereik het, was buitengewoon, veral indien in ag geneem word dat ander briljante chirurgiese assistente normaalweg tussen vyf en sewe jaar benodig het om hul opleiding onder Prof Wangensteen te voltooi.

Prof Wangensteen was noodwendig baie beindruk. Hy het Barnard as volg beskryf: “*He was intensive in his research. He would let nothing interfere and stuck to it until he could see it through*” (in Logan, 2003, p.98). Die verhouding was wederkerig. Volgens Logan (2003) het Barnard op ‘n keer geskryf “*how every pioneer ‘carries*

*others in his heart' and in his was written the name, among others, of Owen Harding Wangensteen – 'father, teacher, friend'" (p.99).*

Voor Barnard se vertrek uit Minnesota het Prof Wangensteen hom versoek om in die VSA aan te bly. Barnard wou egter na sy gesin terugkeer wat reeds veertien maande tevore na Suid-Afrika vertrek het en het die aanbod gevolglik van die hand gewys. Prof Wangensteen het nogtans vir Barnard gehelp (deur middel van 'n telefoonoproep wat blykbaar slegs twee minute geduur het) om 'n *Verenigde State Openbare Gesondheidstoekenning* te ontvang. Barnard het aanvanklik vir 'n bedrag van R4000 aansoek gedoen. Dit sou hom in staat stel om 'n hart-longmasjien te koop en na Suid-Afrika te neem. Deur Prof Wangensteen se toedoen het die toekenning uitendelik R14 000 bedra.

Toe Barnard in April 1958 met die nuwe hart-longmasjien na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy, afgesien van navorsingskundigheid, oor meer hartchirurgie-ervaring beskik as wat elders in Suid-Afrika beskikbaar was (Frater, 1992). Prof Lillehei het dit as volg aan Prof Jannie Louw gestel:

*I am fully convinced that, given the opportunity, and even a modest budget for equipment and facilities, Dr Barnard will soon have open heart surgery thriving in your area and doubtless will be a stimulus to many others in that area.*  
 (Lillehei, 1992, pp.226-227)

Barnard se kollega's het hom in Kaapstad ontvang "*like a triumphant king returning from a crusade*" (Logan, 2003, p.101). Hy het vir meer as twee jaar saam met baanbrekers op die gebied van hartchirurgie gewerk en was op datum met die nuutste verwikkelinge. Boonop kon die hart-longmasjien vir Barnard help om met soortgelyke werk plaaslik voort te gaan.

Na sy terugkeer na die GSH het Barnard dadelik begin om 'n opehart chirurgiese program te vestig. Hy het terselfdertyd n ewe indrukwekkende chirurgiese program wat fokus op kongenitale hartsiektes by die nabijgeleë Rooikruis Hospitaal (RKH) gevestig: "*He was now feted as the rising star of the Groote Schuur cardiac unit. He delivered a 'very exciting, first-rate' lecture to young doctors on what he had learned in America...*" (Saunders, in Logan, 2003, p.102)

Die Suid-Afrika waarna Barnard in 1958 teruggekeer het, was gekenmerk deur die:

- Nasionale Party se groot oorwinning by die stembus in dieselfde jaar;
- toenemende internasionale afkeur en veroordeling van Suid-Afrika se Apartheidsbeleid;
- vervanging van JG Strijdom deur Dr HF Verwoerd as Eerste Minister;
- stigting van *uMkhonto weSizwe* (*Spies van die nasie*);
- Sharpeville-slagting (1960);
- toenemende voorkoms van sabotasievoorvalle;
- aanhouding van groot getalle politieke aktiviste;
- aanslag op Dr Verwoerd se lewe;
- verkrummeling van die koloniale periode;
- referendum onder blanke Suid-Afrikaners oor republiekwording; en die
- hoogverraadverhoor teen onder andere Ahmed Kathrada, Helen Joseph, Lilian Nogoyi, Walter Sisulu en Nelson Mandela.

Op 'n meer persoonlike vlak het Barnard se vader binne drie maande na sy terugkeer na Suid-Afrika op 17 Julie 1958 gesterf.

Nadat Barnard hom weer aangesluit het by die Mediese Skool in Kaapstad, is hy aangestel in die pos van senior spesialis in kardiotorakale chirurgie, voltydse lektor, en direkteur van chirurgiese navorsing. Hy was egter nie hiermee tevrede nie en het sy ongelukkigheid omdat hy nie as medeprofessor aangestel is nie openlik uitgedruk. Hy het Prof Jannie Louw hiervoor blameer en 'n wrokkige houding teenoor die Universiteit van Kaapstad (UK) ingeneem wat vir jare daarna voortgeduur en gereeld opgevlam het (Louw, 1992).

Die ongelukkigheid het egter nie Barnard se loopbaan beïnvloed nie. Hy het op hierdie stadium gefokus op 'n projek oor hartkleppe waarvoor hy internasionale erkenning ontvang het. Die projek was uit die staanspoor suksesvol. Die eerste pasiënt op wie Barnard 'n klepvervanging-operasie gedoen het, het vir langer as 30 jaar na die operasie geleef.

In Junie 1958, twee maande na Barnard se terugkeer na Kaapstad, het die *JS Marais Laboratorium vir Chirurgiese Navorsing* geopen. Die Laboratorium was ‘n belangrike stimulus vir die hart- en chirurgiese personeel en het daartoe bygedra dat die UK/GSH dwarsdeur die geneeskundige wêreld met hoë agting bejeën is. Hawthorne (1968) het die hartspan se werk tussen die jare 1958-1968 as volg beskryf:

- Die span was op hoogte van die stand van wêreld-navorsing;
- Die span het perfeksionistiese standarde nagestreef;
- Die span het aansienlike sukses behaal, byvoorbeeld in die area van hartpasaangeërs;
- Lede van die hartspan het oral in die wêreld referate gelewer en dit het tot gevolg gehad dat die span beskou is as van die beste ter wêreld;
- Die werk van Barnard en sy kollega’s het ook die aandag getrek van politieke amptenare op beide die provinsiale en nasionale vlak.

Barnard het hierdie program op besonder kundige wyse geleei:

*As a heart surgeon he had almost unequalled range; there was no operation he could not perform – from valve replacement, to the correction of complex birth defect, to repair of an aortic aneurism (weakening of the wall of the main blood vessel of the body), and so on.*

(Cooper, 1992b, p.43)

Barnard het tussen 1958 en 1967 internasionale bekendheid verwerf vir talle innoverende chirurgiese prosedures (Lillehei, 1992). Benewens die klepvervangingsoperasies het die posisie van *Direkteur van Chirurgiese Navorsing* vir Barnard die geleentheid geskep om nuwe idees te ondersoek en met chirurgiese tegnieke te eksperimenteer. Hy en Carl Goosen het ‘n nuwe hartklep-prostese ontwikkel en verfyn. Dit het as die *UCT prostese of Barnard-Goosen klep* wêreldwyw bekendheid verwerf (Cooper, 1992b). Daarbenewens het hy nuwe prosedures ontwikkel vir seldsame kongenitale hartdefekte bekend as *Ebstein se anomalie* sowel as *volledige transposisie van die groot hartvate* (Hawthorne, 1968). Die sterftesyfer wat met betrekking tot die toestande by die RKH aangeteken is, was vergelykbaar met die beste sentra elders in die wêreld.

Elf dae nadat sy vader gesterf het, het Barnard op 28 Julie 1958 ‘n besondere mylpaal in sy loopbaan bereik toe hy saam met Drr Phillips en Ozinsky die eerste opehart chirurgiese prosedure met behulp van die nuwe hart-longmasjien in GSH uitgevoer het op Joan Pick (Rose, 1992). ‘n Berig oor die operasie onder die opskrif “*Miracle operation on girl in city*” het twee dae na die operasie in die Cape Times verskyn (Logan, 2003). Na die operasie het Barnard hom daarop toegelê om ‘n toegewyde span tegnici, laboratorium-, hulp-, verpleeg- en chirurgiese personeel saam te stel wat die kern kon vorm van die GSH-hartspan (Barnard & Pepper, 1969).

*One of the major achievements of his career, he believes, was the development of the practice of intensive care of patients at Groote Schuur Hospital and the Red Cross Children’s Hospital. Although commonplace today, intensive care was virtually unknown before the introduction of open heart surgery... The Cape Town heart surgery programme grew from strength to strength, particularly in the field of children’s surgery for congenital heart disease. The results were outstanding, ranking with the best in the world.*

(Cooper, 1992b, p.44)

Alhoewel Barnard die leiding verskaf het, het ander kundige personeel sy taak moontlik gemaak. Een kollega aan wie hy baie dank verskuldig was, was Prof Velva Schrire:

*The success of the heart surgery team at Groote Schuur at this time was in no small part due to the vision and support of Professor Velva Schrire, the professor of cardiology, a quite outstanding clinical physician who acted as Chris’s mentor in this field for many years. Chris had immense respect for Schrire.*

(Cooper, 1992, p.44)

Gedurende 1959 het Prof Jannie Louw sabbatsverlof geneem. Barnard het as gevolg hiervan sy vuurdoop gehad as waarnemende hoof van die Departement Chirurgie. Sommige senior konsultante wat by die Departement betrokke was, het gereken dat Barnard op daardie tydstip nog te onervare vir so ‘n aanstelling was. Dit het by hulle frustrasie en ongelukkigheid veroorsaak. Daar was egter ook ander faktore wat bygedra het tot die ploffbaarheid van die situasie. ‘n Jaar voordat Barnard uit Minnesota teruggekeer het, het ‘n senior chirurg (Dr Walter Phillips) wat in die harteënheid werksaam was ‘n hartoperasie uitgevoer wat tot ‘n pasiënt se dood gelei het. Alle hartoperasies is as gevolg van die ongelukkige incident gestaak. Met Barnard se terugkeer is hy geïdentifiseer as kundige chirurg wat die program weer kon

akteer. Hierdie gebeure het noodwendig tot intense emosie en mag spel binne die departement geleei. Barnard het as waarnemende departementshoof met die nagevolge hiervan te doen gekry. Hy het egter nie sy ongeduld met Dr Phillips verbloem nie en dit het aanleiding gegee tot gereelde konflik (Logan, 2003). ‘n Kollega het Barnard se houding teenoor Phillips beskryf as “*an ill-disguised contempt*” (Swanepoel, in Logan, 2003, p.105).

Daar was ook konflik tussen Barnard en die senior kliniese assistente in die Departement. Barnard het egter die ondersteuning geniet van die hoof van die Departement Kardiologie, Prof Velva Schrire sowel as die hoof van die Departement Chirurgie, Prof Jannie Louw. Prof Schrire het Barnard ondersteun in die talle konflik situasies wat gedurende hierdie periode voorgekom het (Frater, 1992).

Barnard se ambisie was ‘n effektiewe teenvoeter vir die konflik en intense werkdruk wat hierdie periode van sy loopbaan gekenmerk het: “*Chris had a clear determination to get to the top...*” (Hewitson, in Logan, 2003, p.105). Hy het ook daarin geslaag om die standaard van behandeling op dieselfdevlak te hou en homself deeglik in die posisie te laat geld:

*Even in those days he could be a tyrant if he believed that patient care had suffered or if he was crossed by junior staff...By early 1960 Barnard was beginning to take over the Cardiothoracic Department and was very much involved in developing open heart surgery in Cape Town.*

(Terblanche, 1992, pp.340-341)

Ten spyte van Barnard se ongeskonke internasionale reputasie, het hy plaaslik berugtheid as kollega of supervisor verwerf:

*Barnard's impetuous temper in and out of theatre was gaining notoriety...He worked slowly, thoroughly, generating enormous tension during an operation. For some it had the effect of an electric charge that kept them alert. For others, it created unbearable pressure. Many would avoid working with him altogether or eventually left for jobs elsewhere. He sought and expected perfection from the people around him. Those who failed to make the grade suffered abuse.*

(Logan, 2003, p.106)

Gedurende 1959 het Russiese chirurge onder leiding van Dr Vladimir Demikhov aandag getrek met die oorplanting van ‘n tweede kop op ‘n hond se lyf. Barnard het

gedurende hierdie tyd ook ‘n aktiewe belangstelling in orgaan- en weefseloorplantings ontwikkel (Louw, 1992; Terblanche, 1992). Skaars ‘n jaar later het Barnard die Russiese navorsers se prestasie geëwenaar deur ‘n tweede kop suksesvol op ‘n hond oor te plant. Die ontvangerhond se breinfunksies was binne 24 uur normaal en die hond kon toe reeds met beide koppe melk oplek.

Barnard se wisselvallige verhouding met die pers het met die incident in 1960 begin. Hy het die pers ingelig van hierdie prestasie (Louw, 1992), maar die berigte oor die hond met twee koppe het baie kritiek uitgelok. Dit het Barnard vir die eerste keer gedompel in media-omstredenheid (Logan, 2003). Die oorplanting van die hondekop het egter ‘n aktiewe program in eksperimentele nieroorplanting en orgaanberging tot gevolg gehad. Die program het sewe jaar later geleid tot die oorplanting van ‘n nier in Edith Black in Oktober 1967 (Louw, 1992).

Gedurende hierdie tyd het Barnard ontdek dat sy dogter oor buitengewone sporttalent beskik het. Hy het gevolegtlik ure spandeer aan haar betrokkenheid by waterski. Terwyl hy dus besig was om sy internasionale reputasie as innoverende chirurg te vestig, het hy ewe hard daaraan gewerk om sy tienerjarige dogter se internationale sportloopbaan te vestig. Dit is ironies dat hy later na die bedrywige tyd verwys het as een van die gelukkigste tydperke van sy huweliks- en gesinslewe met Louwtjie, Deirdré en André (Barnard & Pepper, 1969).

Barnard het gedurende 1961 met behulp van die “*Oppenheimer Memorial Trust*” Rusland, Brittanje en die VSA besoek:

*As I was completing my training at the Mayo Clinic in 1961, Chris made a prolonged visit to Rochester. He had established cardiac surgery successfully in Cape Town, and had decided that on his first return to the USA he would spend more time at the Mayo Clinic with its special emphasis on making all the new techniques actually work.*

(Frater, 1992, p.161-162)

Op dieselfde reis het Barnard ook in Londen gaan kers opsteek by ‘n pionier op die gebied van oorplantingsnavorsing, Dr Russell Brock. Barnard het met noukeurige beplanning gesorg dat hy op datum bly met die voorste navorsers. Volgens sommige van Barnard se kollega’s was sy sukses gedurende die tyd nie noodwendig toe te skryf

aan uitstekende chirurgiese vaardighede nie, maar eerder sy spesifieke werksbenadering:

*It was obvious, soon, that Chris was not a natural surgeon. The technical manipulations standard to surgery did not come easily to him and when he operated there was clearly both a significant effort of will to perform manoeuvres successfully and a significant element of anxiety while doing so. To counter this, there was a high level of determination, tenacity and resilience. There was no question of not achieving the tasks at the best possible level of surgical execution...Characteristic of his operating was the functioning by instinct...this tendency to inductive rather than deductive reasoning, to instinctive rather than planned thinking and acting, was carried through to the postoperative period.*

(Frater, 1992, pp.163-164)

Gedurende 1961 het Dr Walter Phillips bedank en is Barnard (op 39-jarige ouderdom) op grond van sy buitengewone bydraes tot hartchirurgie en -navorsing in Phillips se plek aangestel as Hoofspesialis en Hoof van die Departement Kardiotorakale Chirurgie (Louw, 1992). In dieselfde jaar het Dr Norman Shumway van die *Stanford Medical Center* in Kalifornië begin met eksperimente waartydens harte oorgeplant is in diere (Hawthorne, 1968). Shumway se eksperimente was die voortsetting van die werk van Prof Wangensteen van die Universiteit van Minnesota (Hawthorne, 1968).

Die jaar 1962 was ewe bedrywig. Barnard het gedurende die periode baie ingewikkelde hartoperasies uitgevoer op jong kinders. Daar was op daardie stadium 'n lang waglys vir hartoperasies en daarom het Dr Vel Schrire Barnard aangemoedig om meer operasies uit te voer. Barnard het dit egter duidelik gestel dat hy nie op statistiek ingestel was nie:

*Chris told him he would rather do 100 cases with 100 per cent success than any more and lose some. He was a perfectionist and he had a remarkable three-dimensional mind – he seemed to know from a difficult perspective exactly where the anatomy led. He could see it in his mind's eye.*

(Logan, 2003, p.110)

Te midde van 1962 se bedrywigheid het Barnard aansteeklike hepatitis opgedoen en is hy hierdeur gedwing om twee maande siekverlof te neem. Dit was egter ook 'n jaar waarin die Barnards ses besondere prestasies gevier het.

Eerstens is Barnard tot medeprofessor bevorder ('n posisie waarop hy reeds in 1958 onsuksesvol aangedring het). Tydens sy professorale intreerede het Barnard sy kommunikasie- en lesingvaardighede skitterend demonstreer. 'n Student (en latere kollega) van Barnard het die intreerede beskryf as "*the most impressive lecture I've ever attended...the hall was packed...the impact was immense*" (De Nobrega, in Logan, 2003, p.109-110). Tweedens het Deirdrè in dieselfde jaar haar Springbokkleure in waterski verwerf. Derdens word sy op 12-jarige ouderdom as Suid-Afrikaanse waterski-kampioen aangewys. Vierdens is Barnard aangewys as spanbestuurder van die Suid-Afrikaanse waterski-span. Vyfdens het Barnard op 8 November 1962 sy 40ste verjaardig gevier. Om alles te kroon was dit die jaar waarin Barnard en twee kollega's (Carl Goosen en Louwtjie Barnard) se pogings om prostetiese hartkleppe te vervaardig, vrugte afgewerp het. Goosen het meer as 800 kleppe in sy motorhuis vervaardig waarna Louwtjie dit oorgetrek het. Die kleppe is sedert die deurbraak in 1962 wêreldwyd gebruik (Louw, 1992).

Die vreugde rondom die prestasies is egter gedeeltelik gedemp deur die konflik tussen Barnard en sommige van sy kollega's. Ten minste twee personeellede, Drr Bob Frater en John Terblanche, het bedank as gevolg van die konflik. Barnard het op die stadium ook meer bewus geraak van die nadele om geografies verwyderd te wees van die sentra wat aan die voorpunt van hart-navorsing gestaan het. Alhoewel hy gereeld met Prof Lillehei korrespondeer het, het die wagperiode vir mediese tydskrifte hom gekwel. Dit was dus 'n groot versoeking toe die *Albert Einstein College of Medicine* (in New York) vir Barnard 'n posisie aanbied nadat Dr Richard Varco aangedui het dat Barnard loopbaanonsekerheid en –frustrasie ervaar. Pas na die eerste aanbod het Dr David Hume – 'n wêreldleier op die gebied van nieroorplantings – ook vir Barnard 'n pos aangebied in Richmond, Virginia. Barnard se twee mentors, Proff Louw en Schrire het egter daarin geslaag om hom te oorreed om in Suid-Afrika aan te bly. In Februarie 1963 het Barnard die aanbiedinge van die hand gewys: "[At Groote Schuur] we have grown up together, as it were, and have gained most of our experience together. Now that we have reached a point of mutual trust and respect, I cannot lightly consider withdrawing" (Barnard, in Logan, 2003, p.113).

Die konflik met kollega's en versoeking om 'n loopbaanverandering te maak het Barnard se vroeë-loopbaanstadium afgesluit en terselfdertyd sy middel-loopbaan stadium ingelei.

### **5.5 Middel-loopbaan (1963-1976)**

*It was an era when boundaries were being rolled back, on earth and in space. America would soon put a man on the moon. The human body was being explored and gradually conquered by courageous surgeons determined to overcome disease and even death. In an age of discovery they were all pioneers: astronauts and surgeons. Failing kidneys had for some years been replaceable. Liver transplants were becoming more successful. But the heart held a unique place in Man's affections... Surgeons in other countries had hesitated to transplant it. Banard had not hesitated.* (Logan, 2003, p.14)

Barnard het die eerste vyf jaar van sy middel-loopbaanstadium daaraan gewy om sy internasionale reputasie te verstewig en voor te berei vir sy bydraes op die gebied van orgaanoorplanting. Sy lewe was steeds grootliks gewy aan sy ontwikkeling as hartchirurg, maar hy het ook heelwat tyd en energie gewy aan die internasionale sportloopbaan van Deirdré. Nadat hy die eerste hartoorplanting gedoen het en internasionale roem daardeur verwerf het, het sy lewe as navorser en akademikus (sowel as die lewens van sy gesinslede) onkeerbaar verander. Daar is aanduidings dat Barnard sy nuut-verworwe status geniet het, maar hy het ook 'n prys daarvoor betaal in die vorm van huweliks-, gesins-, loopbaan-, sowel as gesondheidsprobleme. Die verloop van Barnard se middel-loopbaanstadium word vervolgens in besonderhede bespreek.

Tydens die aanvang van die middel-loopbaanfase van Barnard se loopbaan, het die twyfel wat geskep is deur die twee oorsese aanbiedinge nog nie gewyk nie. Barnard het dit nou oorweeg om ter wille van lewensstyroorwegings meer van sy tyd in privaatpraktyk te bestee.

Die *American College of Surgeons* het hom gedurende 1963 as *Socius* verkie. Hy het in dieselfde jaar tydens 'n voordrag aan mediese studente van die Universiteit van Pretoria verklaar dat die toekomstige behandeling van hartsiektes hartoorplantings en moontlik ook hart-en-longoorplantings sal insluit. Hy was op hierdie tydstip bewus

van die vordering wat internasional deur navorsers soos Drr Roy Calne (hart), David Hume (niere), Walton Lillehei (hart) en Thomas Starzl (lewer) gemaak is.

Barnard het talle buitelandse besoeke gebring tussen 1962 en 1966, onder andere aan die VSA, Europa, Rusland, Indie, Australie en Nieu-Seeland. Gedurende 1963 het Barnard tien weke in Europa (Ierland, Italie, Wes-Duitsland) deurgebring. Hiertydens het hy kongresse bygewoon, hartchirurgie-sentra besoek en sy 13-jarige dogter ondersteun tydens ski-kompetisies. Die besoek aan Nieu-Seeland het gedurende 1964 plaasgevind en hy het gedurende die besoek ‘n indrukwekkende eerste verskyning op televisie gemaak (Barratt-Boyes, 1992). Dit was egter nie net Barnard wat gedurende die tyd presteer het nie. Deirdré het daarin geslaag om ‘n tweede plek te behaal in die wêreld ski-kampioenskappe wat in Australië plaasgevind het.

In die tyd het Barnard en ‘n kollega van UK eenmaal voor ‘n ski-kompetisie gehelp om boeie te plaas. Later het Nick Enslin sy indrukke van die incident as volg onthou:

*Chris Barnard possesses two very strong characteristics, namely determination and a refusal to admit defeat under any circumstances...[he] carried on with the job with incredible determination and a complete disregard for the acute physical discomfort he must have been suffering...I realized then that he never gave up, whatever he tackled, for he possessed that extra force that transcended mere physical strength – as future events in his life were to prove. (Enslin, 1992, pp.154-157)*

Gedurende 1964 het Dr James Hardy daarin geslaag om ‘n sjimpansee-hart in ‘n mens (in die *Mississippi Medical Centre*, Jackson, Mississippi) oor te plant. Hardy het ‘n mens-tot-mens hartoerplanting beplan, maar moes ter elfder ure die sjimpansee se hart gebruik nadat die menskenker onverwags gesterf het (Hardy, 1992; Hawthorne, 1968). Die ontvanger van die hart het egter net 90 minute na die operasie oorleef.

Barnard het gedurende 1965 weer die VSA besoek. Hy het in dieselfde jaar eksperimentele hartoerplantings tussen honde begin doen. In dieselfde tyd het Marius Barnard besluit om van Zimbabwe na Suid-Afrika te verhuis en hy het hom by Barnard se navorsingsprogram aangesluit. Dit het as stimulus vir Barnard gedien. Nadat Marius sy Meestersgraad in Chirurgie verwerf het, het hy deur Barnard se bemiddeling ‘n pos vir twaalf maande in Houston, Texas gekry waar hy onder Dr

Denton Cooley gewerk het. Hierdie pos het vir Marius in staat gestel om eerstehandse evaring op te doen van die nuutste verwikkelinge in hartchirurgie.

In 1966 het Barnard drie maande deurgebring by Dr David Hume van die *Virginia Medical School* in Richmond, Virginia. David Hume was wêreldwyd bekend vir die nieroorplantingstegnieke wat hy ontwikkel het: “*Prodded by Dr Hume we never slept, and the drama never ceased*” (Barnard, in Logan, 2003, p.122). Tydens dieselfde besoek het hy ook tyd deurgebring by Dr Thomas Starzl by die Universiteit van Colorado se *Health Services Center* (Starzl, 1992). Hierdie besoek was besonder waardevol aangesien dit aan Barnard die geleentheid gegee het om belangrike aspekte van orgaanverwerping na te vors (Barnard & Pepper, 1969).

Na afloop van hierdie studiebesoek het dit duidelik geword dat die hartspan onder leiding van Barnard voldoende deskundigheid ontwikkel het om hartoorplantings uit te voer. Die span was ook op hoogte van die eksperimentele werk wat elders in die wêreld uitgevoer is, veral die bydraes wat deur Drr Norman Shumway en Richard Lower by die Stanford Universiteit in Kalifornie gelewer is (Cooper, 1992b).

Gedurende 1967 het die Kaaplandse Provinciale Administrasie besluit om vir Dr MC Botha oorsee te stuur om bloedgroepering en weefseltipering onder Proff Dausset ('n latere Nobelpryswenner) in Frankryk en Van Rood in Nederland te bestudeer (Hawthorne, 1968). Barnard het intussen weer die VSA besoek:

*In 1967, Chris said he was getting very bored with cardiac surgery and was going to branch out into transplantation. In early '67, he was visiting the Medical College of Virginia where Carl Goosen was now working as a clinical perfusionist and in the research laboratories. Chris went into the laboratory where Carl was working, having just watched Richard Lower transplant a heart in the laboratory next door. He said to Carl, "When I get back to Cape Town, I am going to start transplanting hearts".*

(Frater, 1992, p.166)

Na sy terugkeer na Kaapstad het Barnard op 8 Oktober 1967 die eerste geslaagde nieroorplanting in Suid-Afrika uitgevoer op Edith Black. Sy het 21 jaar na die operasie nog geleef (haar sterfdatum is onbekend). Die operasie het as 'n belangrike drempel gedien en daarop gedui dat Barnard wat opleiding en voorbereiding

aanbetref, nou gereed was vir ‘n hartoorplanting. Die volgende dien as bevestiging hiervan:

- Barnard was opgelei as beide ‘n internis en chirurg (Saunders, 1992);
- Hy het reeds ‘n onbetwiste internasionale chirurgiese reputasie gehad (Ross, 1992);
- Hy is gereeld uitgenooi om referate te lewer by internasionale kongresse (Louw, 1992);
- Hy was reeds vir nege jaar lank by ongeveer 1000 opehart-operasies betrokke (Barnard & Brewer, 1993);
- Hy het reeds 48 hondeharte oorgeplant (alhoewel geeneen van die honde die operasies oorleef het nie, het die oorgeplante harte na 90% van die oorplantings wel vir ‘n tyd lank geklop) (Hawthorne, 1968);
- Barnard se beplande oorplantingstegniek was gebaseer op die tegniek wat deur Drr Shumway en Lower by die Stanford Universiteit ontwikkel en verfyn is tydens 300 hondehart-oorplantings wat hulle uitgevoer het (Barnard & Pepper, 1969);
- Barnard het voldoende vertroue ontwikkel in bestaande imuunonderdrukkende middels en was op hoogte van die morele en wetlike implikasies met betrekking tot orgaanoorplantings (Barnard en Pepper, 1969).

Vir Barnard was die volgende logiese stap dus om Dr Schrire te nader met die versoek dat ‘n geskikte pasiënt geïdentifiseer word vir ‘n hartoorplanting. Volgens Barnard “*There was no sense of urgency in our planning; everything was organised methodically and without hurry*” (in Logan, 2003, p.128). Dr MC Botha het hom as volg hieroor uitgelaat: “*In the ordinary, healthy spirit of rivalry ... we did hope to be at the forefront. But we did nothing to unnecessarily risk a patient in reckless haste*” (in Logan, 2003, p.129). ‘n Junior kollega het hiermee akkoord gegaan :

*His own planning for the first human-to-human heart transplant was careful and methodical...Suffice it to say, the first heart-transplant – performed on December 3, 1967 – was no spur-of-the-moment, rush-of-blood-to-the-head event, as it subsequently appears to have been in several other centres.*  
 (Cooper, 1992b, p.45)

Die tydstip waarop Barnard hom nou bevind het, was die sameloop van jare se intensiewe navorsing in Suid-Afrika en op byna al die vastelande van die wêrelde (Hawthorne, 1968):

*Up until the time of the transplant, I think he was one of the front-ranking open-heart surgeons in the world, with a good knowledge and considerable experience. And he was making important contributions in congenital heart surgery, that is surgery to correct birth defects of the heart. His attempts to correct conditions such as tricuspid atresia and transposition of the great vessels were ingenious. He was in the front rank, like Walton Lillehei, Russell Brock, and several other surgeons – innovative, thinking, experimenting, and encouraging people.*

(Ross, 1992, pp.305-306)

Die *Cape Times* het op 21 November 1967 berig dat chirurge op bystand was by die GSH vir 'n hartoorplantingsoperasie. Die vorige dag het Drr Shumway en Lower aangekondig dat die Stanford Universiteit se navorsingspan op die drempel was om 'n deurbraak te maak. Dr Shumway was van mening dat sy span navorsers die oorplantingstegniek vervolmaak het en dat verdere navorsing in die laboratorium nie langer aangedui was nie. Pas daarna het Dr Donald Longmore vanuit Londen ook sy gereedheid aangekondig.

‘n Aantal omstandigheidsfaktore sowel as ‘n kombinasie van persoonlikheidseienskappe het waarskynlik daartoe bygedra dat Barnard die eerste hart oorgeplant het: “*What Barnard had that many of his peers lacked was a boldness and self-confidence that allowed him to follow his instincts*” (Logan, 2003, p.133). Barnard het dit as volg gestel:

Die hoof van die GSH Hartkliniek, Prof Schrire, het Barnard gedurende die eerste week van November 1967 verwittig dat hy 'n gesikte kandidaat vir 'n

hartoorplanting geïdentifiseer het (op die stadium was Dr Marius Barnard nog in Texas in die VSA waar hy onder Dr Cooley studeer het). Op 10 November 1967 het Barnard vir Louis Washkansky geraadpleeg oor die moontlikheid van ‘n hartoorplanting. Alhoewel Washkansky uit die staanspoor ingewillig het, het hy eers op 19 November 1967 skriftelike toestemming vir die operasie gegee.

Op 2 Desember 1967 het Barnard om 22:00 ‘n telefoonoproep ontvang van die GSH dat ‘n gesikte skenker identifiseer is. Enkele ure later het Barnard en sy span die eerste mens-tot-mens hartooorplanting ter wêreld gedoen op die 53-jarige Washkansky. Die volgendeoggend het Barnard vir die superintendent van die GSH en Louwtjie per telefoon van die operasie in kennis gestel. Hy het ook op pad huis toe by sy ma – wat van jongs af vir Barnard aangepor het om eerste te wees – se bejaarde-sorgsentrum gestop om vir haar te sê dat hy die eerste hartoorplanting uitgevoer het.

Die enkele operasie het ‘n verreikende invloed op Barnard se loopbaan gehad. Nuus oor die hartoorplanting was voorbladnuus in al die belangrikste koerante in die wêreld. Die operasie het meegebring dat Barnard oornag die bekendste geneesheer in die wêreld geword het (Bonds, 1992). Logan (2003) het dit as volg gestel:

*...no-one, including Barnard, could have foreseen the impact the news would have. He had long wanted to be famous, but he had in mind the kind of fame that usually went with great medical achievements. Distinction in his field, honour among his peers, maybe even the Nobel Prize.* (p.13)

Cooper (1992b) het die impak van die hartoorplanting op Barnard se loopbaan as volg beskryf:

*The early success of the University of Cape Town heart transplant programme opened up the world to the 45-year old surgeon, and this world was not confined to that of surgery. Rarely, if ever, has any surgeon been invited to speak so extensively worldwide, both to the medical profession and to the public. The invitations came from almost every country. As interest in heart transplantation and in the man grew, so Chris Barnard was provided with ever more opportunities to meet not only other major figures in medicine, but celebrities in almost every sphere of human achievement – politicians and statesmen, royalty and religious leaders, film stars and media people, and so on.* (pp.45-46)

Die 45-jarige Barnard (en sy gesin) se privaatheid is oornag ontnem deur brieue (gemiddeld 200 per dag), geskenke, uitnodigings, telefoonoproeppe, nuuskieriges wat stadig by hul huis verbygery het of selfs die huis probeer binnekom het, asook joernaliste en fotograwe wat ‘n onversadigbare behoefté aan nuus oor die Barnards gehad het. Louwtjie Barnard het die situasie as volg opgesom: “*Uiteindelik het The Moorings ‘n slagveld geword. Die eindeloze bombardement het ons klein wêreld verwoes*” (L. Barnard, 1971, p.77). In ‘n relatiewe kort tydjie het Barnard chirurgiese kongresse, groepe spesialiste, geneeshere en studente toegespreek. Hy het ook meer konings, staatshoofde en ander leiersfigure ontmoet as enigeen voor hom (Munnik, 1992). Hiermee was Barnard baie suksesvol. Sy ongeïnhibeerde styl en impromtu nuuskonferensies het hom baie gewild gemaak by die internasionale pers (Logan, 2003).

Tuis het Deirdré pas haar matriekksamien afgelê terwyl André hom gereedgemaak het vir sy laaste skooljaar in Pretoria. Alhoewel die hartooplanting negatiewe gevolge vir Barnard (en sy gesinslede) se privaatlewe gehad het, het dit ander oorplantingspanne dwarsdeur die wêreld aangepor:

*...Dr Barnard's universally acclaimed operative success was immediately enlarged enormously by a second major contribution, namely, the unleashing and liberation of heart transplant groups throughout the world.*  
 (Hardy, 1992, pp.187-188)

Die Suid-Afrikaanse regering het besef dat Barnard se prestasie as teenvoeter kon dien vir die toenemende negatiewe publisiteit wat die land as gevolg van die Apartheidsbeleid ontvang het;

*For Vorster and the reviled regime that ran South Africa it was manna from heaven. The country had pulled off a medical first, the biggest. No operation had gripped the world's imagination like this. The trail-blazing work of South Africa's finest doctors would fill the foreign newspapers and television scenes for weeks to come...For once, however briefly, South Africa did not mean riot police and brutal racial oppression. It meant hope.*  
 (Logan, 2003, p.14)

By monde van die Suid-Afrikaanse konsul in die VSA (Mnr Pik Botha), het die regering die volgende versoek aan Barnard gerig: “*Talk to many people, meet as*

*many people and spread the message not only of the heart transplant but the cosmopolitan society in our country”* (Lillehei, 1992, p.221).

Die pas van Barnard se lewe het daagliks vinniger geraak. Minder as twee weke na afloop van die oorplanting, het Barnard se alma mater aan hom ‘n eredoktorsgraad toegeken. Dr Schrire het hom die dag na die gradeplegtigheid ingelig dat hy reeds ‘n tweede kandidaat vir ‘n hartoorplanting identifiseer het. Op dieselfde dag het X-straalplate egter ‘n skaduwee op Washkansky se long aangedui. Washkansky het ses dae later op 21 Desember 1967 weens longontsteking gesterf.

Drie dae nadat Washkansky gesterf het, het Barnard die VSA besoek waar hy in die televisieprogram *Face the Nation* opgetree het en die president, Lyndon Johnson, ontmoet het. Barnard en Louwtjie het op Nuwejaarsdag na Suid-Afrika teruggekeer waarna hy die volgende dag die tweede hartoorplantingsoperasie op Dr Philip Blaiberg uitgevoer het. Blaiberg het op 16 Maart 1968 by die hospitaal uitgestap ten aanskoue van verslaggewers, fotograwe en televisiespanne.

Barnard het baie uitnodigings ontvang om elders in die wêreld op te tree:

*Trained for one field, I had another thrust on me. From handling a scalpel I was suddenly expected to show some skill with a microphone and perform with ease before a camera. And from just having views on things medical I was suddenly required to have opinions on everything from apartheid to zen.*  
 (in Molloy, 1992, p.251)

Barnard se oorvol skedule het meegebring dat hy ongeveer 480 000 kilometer gedurende die eerste nege maande van 1968 gevlieg het (‘n gemiddeld van net meer as 1700 kilometer per dag):

*Never in the history of the University of Cape Town Medical School and the Groote Schuur teaching hospital had a single personality so taken the public imagination, spread the hospital name so far and wide, and brought in such a tidal wave of funds. He worked as if driven, carrying a punishing workload sandwiched between barnstorming appearances at international conferences, jetting from continent to continent in the fund-raising trail.*  
 (Molloy, 1992, pp.246-247)

Alhoewel die hartoorplantingsoperasie oorwegend gunstige publisiteit uitgelok het, het kritiek nie agterweë gebly nie. Die implikasies van die negatiewe publisiteit vir UK se reputasie het van sy kollega's ontstel en spanning meegebring:

*Hostility towards the globetrotting Barnard had firmly set in by now at Groote Schuur. Jannie Louw, a revered figure, and Schrire, urbane, serious and recognised as one of the world's leading cardiologists, were appalled by Barnard's behaviour, but were powerless to stop it. Barnard had an open line to Vorster, among others. His colleagues, such as Hewitson, Hitchcock, and O'Donovan, were increasingly convinced that a wonderful opportunity to establish the Groote Schuur cardiac unit as one of the best in the world was being squandered.* (Logan, 2003, p.181)

Die pers het boonop aantygings gemaak dat Barnard:

- 'n opportunis was wat Dr Shumway se idees en tegnieke gesteel het;
- Washkansky as proefkonyne gebruik het;
- onvoldoende voorbereiding gedoen het vir die operasie;
- nie oor genoeg kennis beskik het om verwering te behandel nie (Logan, 2003).

Barnard se gereelde afwesigheid het aansienlike druk geplaas op die personeel in sy departement. Daar het ook terselfdertyd spanning opgelaaai tussen die Departement Kardiotorakale Chirurgie (waarvan Barnard hoof was) en ander departemente. Teenkanting het veral opgelaaai binne die Departement Neurochirurgie:

*The neurosurgeons resented the way the transplant team 'stalked the wards' looking for possible donors. They decried the notion that one patient might get preferential treatment over another because he or she might have a suitable heart or kidney for transplant and needed to be kept in the best condition.* (Logan, 2003, p.181)

Die toename in Barnard se verpligtinge het gepaard gegaan met gesondheidsprobleme. Barnard se *rumatoide arthritis* het hom al meer las gegee en hy het kroniese pyn as gevolg daarvan ervaar. Die verpligtinge het ook gepaardgegaan met huweliksprobleme: "*After years of study and hard work I needed some fun. My life was missing that spark, that extra something that makes living a joy*" (Barnard, in Logan, 2003, p.164). 'n Italiaanse boekuitgewer het dit as volg gestel: "*He had spent*

*all his young life in the desert, and when he was at medical school and in the US he was poor. When he achieved glory he went crazy for all that jet-set society”* (Gianfranco Cantini, in Logan 2003, p.174). Louwtjie het hom later gedagvaar vir ‘n egskeiding en dit het daartoe bygedra dat hy ‘n bloeiende maagseer ontwikkel het (Barnard & Brewer, 1993).

Na die operasie op Blaiberg het Barnard en sy span probleme ervaar as gevolg van ‘n gebrek aan gesikte skenkers. Hy het egter daarin geslaag om gedurende September 1968 ‘n hartoorplanting te doen op Peter Smith. Smith het met die oorgeplante hart tennis gespeel, maar is 20 maande na die operasie as gevolg van maagkanker oorlede.

Ten spye van die druk reisprogram (tydens een oorsese reis het hy byvoorbeeld veertien lande besoek) en huweliksprobleme het Barnard gedurende 1968 daarin geslaag om die eerste van 18 boeke te publiseer naamlik *Surgery of common congenital cardiac malformations* (Barnard & Schrire, 1968). ‘n Opsomming van Barnard se publikasies verskyn in Tabel 5.4.

Barnard het nog twee harte oorgeplant gedurende April 1969. Hy het gedurende 1969 ook daarin geslaag om goedkeuring te kry vir ‘n gemengde intensiewe sorgenoheid (d.w.s., waar alle rasse in een saal behandeling ontvang). Ten tye van die vyfde hartoorplanting het vier van die ontvangers waarop Barnard opereer het nog geleef. Dr Norman Shumway het terselfdertyd reeds twaalf harte oorgeplant waarvan slegs drie ontvangers geleef het. Wêreldwyd het 133 oorplantings toe reeds plaasgevind waarvan slegs dertien pasiënte oorleef het. Op grond van die kommerwekkende syfers het die *British Medical Association* besluit om ‘n moratorium te plaas op oorplantings. In Suid-Afrika was daar egter geen beperkings op hartoorplantings nie, maar ‘n ernstige tekort aan skenkers. Dit het Barnard genoop om navorsing te doen op *Xeno-oorplantings*, oftewel die oorplanting van diereharte in mense.

Om sy werksdruk te verminder en effektiewe opvolgbehandeling te verseker, het Barnard gedurende die periode twee aanstellings aanbeveel. Dr Marius Barnard is aangestel as Senior Chirurg by die GSH terwyl Dr Terry O’Donovan in dieselfde hoedanigheid by die RKH aangestel is.

**Tabel 5.4: Barnard se publikasiekronologie**

PUBLIKASIE-DATUM	TITEL	MEDE-SKRYWERS
1968	Surgery of the common congenital cardiac malformations	V Schrire
1969	Een lewe / One life	CB Pepper
1971	Hartaanval: Alle hoop op lewe	E Dowdle
1974	The unwanted	S Stander
1977	South Africa: Sharp dissection	
1979	In the night season	S Stander
1979	The best medicine	B Molloy
1980	Leef goed, sterf goed / Good life, good death	
1981	The body machine	J Illman
1983	The junior body machine	C Fagg
1984	The living body	K Sabbagh
1984	The best of Barnard	
1984	The arthritis handbook	P Evans
1984	The faith	S Stander
1985	Your healthy heart	P Evans
1993	Die tweede lewe	C Brewer
1996	The donor	
2001	50 Ways to a healthy heart	

Gedurende 1969 het Barnard sy tweede en waarskynlik bekendste en suksesvolste boek met die hulp van Curtis Pepper gepubliseer: *Een lewe* (Barnard & Pepper, 1969). Barnard het die inkomste wat uit die verkope van die boek genereer is aan die Chris Barnard-fonds bemaak (Die fonds is in Kaapstad gestig om navorsing in hartsiektes en orgaanoorplantings te befonds). Die boek was wêreldwyd 'n blitsverkoper, is uiteindelik in 13 tale vertaal en het R250 000 tot die fonds bygedra. Gedurende 1970 was dit beskou as 'n aansienlike bedrag geld. Barnard het gedurende 1969 die titel as Suid-Afrika se "roving ambassador" verwerf (Logan, 2003, p.194).

In November 1970 het Barnard sy 48ste verjaardag gevier. Hy het geen hartoorplantings gedurende die jaar uitgevoer nie. Hy het probleme as gevolg van artritis ervaar, maar sy loopbaan was steeds aktief en toenemend in omstredenheid gehul.

Barnard het voortgegaan met talle navorsingsprojekte, onder andere met 'n studie wat gefokus het op die ontwikkeling van 'n nuwe teen-verwerpingsprotokol. Sy belangstelling in skryfwerk het ook toegeneem en hy het 'n weeklikse rubriek begin skryf vir die *Cape Times*. Sy mede-werker by die koerant, Bob Molloy, het Barnard as volg beskryf:

*He was at once an exhausting and stimulating person to work with, with a quicksilver mind that threw off ideas as a catherine wheel does sparks... Chris was (is) the consummate Renaissance man, master if not of all trades, at least of those he turned his hand to.* (Molloy, 1992, p.58)

In die rubriek het Barnard oor 'n verskeidenheid onderwerpe geskryf, ook oor politieke aangeleenthede. Hy het hierdeur veral bekendheid verwerf vir sy teenstand teen die beleid van apartheid. Die politieke uitsprake het Barnard noodwendig in botsing gebring met regeringsamptenare. Die eerste van 'n reeks konfrontasies het van die Superintendent van die RKH gekom. Hy het Barnard daaraan herinner dat hy 'n werknemer van die provinsiale regering is en hom voorts oor twee sake aangespreek, naamlik die behandeling van bruin en wit kinders in dieselfde hospitaalsaal en die betrokkenheid van bruin personeel by die behandeling van wit kinders (Barnard & Brewer, 1993). Die tweede konfrontasie het van die Staatspresident, Dr Nic Diederichs, gekom. Hy het Barnard gewaarsku dat hy hom as gevolg van sy politieke uitsprake nie langer in Kabinetsvergaderings kon verdedig nie. Die Administateur van Kaapland het Barnard op sy beurt ontbied en hom beskuldig van onchristelike optrede en politieke onkunde. Al hierdie konfrontasies het daartoe bygedra dat Barnard meer doelgerig en gedetermineerd voortgegaan het om sy anti-regering, maar pro-Suid-Afrikaanse posisie te stel (Barnard & Brewer, 1993). Die joernalis, Molloy (1992) het as volg oor Barnard se houding en die regering se reaksie daarop berig:

*...he broke every rule in the book by refusing to segregate his wards according to race, bluntly advising the alarmed hospital bureaucracy to "like it or lump it". ...He injected a strong anti-apartheid line into every public statement and was always good for a quote slamming the regime. He never passed up a chance to take a side-swipe at officialdom. Authority wasn't slow to react. His loss of favour became most noticeable at South African airports where he enjoyed red carpet treatment as South Africa's most famous son. VIP privileges, such as use of private lounges and fast-tracking through the formalities, were withdrawn.* (pp.245-246)

Barnard het egter nie net in 1970 die regering geantagoniseer en navorsing gedoen nie. Binne ses maande na sy egskeiding (met Louwtjie) het hy verloof geraak en op 14 Februarie met die 19-jarige Barbara Maria Zoelner getrou. Die huwelik het twaalf jaar geduur en twee seuns is daaruit gebore. Die eerste jare van Barnard se huwelik met Barbara was gelukkig: "*Barnard found his new life invigorating. He told friends*

*his arthritis, which had previously been so bad at times that he could not do up his shirt buttons, was now barely noticeable”* (Logan, 2003, p.205).

Barnard het op 10 Mei 1971 die sesde hartoorplanting uitgevoer op Dirk van Zyl. Die operasie het nie glad verloop nie. Van Zyl het waarskynlik net voor die operasie en nadat narkose reeds toegedien was ’n hartanval gehad. Ten spyte daarvan was die operasie suksesvol. Van Zyl is na vier weke ontslaan, het ses weke na die operasie weer na sy werk teruggekeer en het uiteindelik 23 jaar met die oorgeplante hart geleef.

Later dieselfde jaar het Barnard die sewende hart oorgeplant. Dit was terselfdertyd die eerste en enigste hart-longoorplanting wat Barnard uitgevoer het (op Adrian Herbert). Alhoewel dit die eerste hart-longoorplanting in Suid-Afrika was, het chirurge reeds twee soortgelyke operasies elders in die wêreld uitgevoer. Herbert is na 23 dae oorlede (Cooper, 1992b). Op 13 November 1971 het Barnard die agtste hartoorplanting uitgevoer op Lindsay Rich.

Minder as ‘n maand later, op 10 Desember 1971 het Barbara geboorte geskenk aan haar en Barnard se eerste seun, Frederick Christiaan Zoellner Barnard. Nog ‘n hoogtepunt uit die jaar, was die publikasie van Barnard se derde boek (in samewerking met Eugene Dowdle). Die boek was getiteld *Hartaanval – Alle hoop op lewe* en is soos die voriges in talle tale vertaal (Barnard, 1971). In die boek het Barnard komplekse geneeskundige aspekte in eenvoudige taal aangebied vir lekelesers.

Gedurende 1972 het Barnard sy 50ste verjaardag gevier en het UK hom bevorder na volle professor. Barnard het nou sitting gehad op die Senaat van die UK, maar het weinig vergaderings bygewoon: “*He abhorred bureaucracy and administration and was, in any case, absent too often to be useful*” (Logan, 2003, p.209). Deirdré het teen hierdie tyd onderwys gestudeer aan die Universiteit van Stellenbosch terwyl André medies gestudeer het aan die UK.

Gedurende 1972 het Dr Schrire gesterf as gevolg van pankreasanker. Barnard se verhouding met Schrire het voor laasgenoemde se dood in so ‘n mate versleg dat Schrire Barnard as *boos* beskryf het: “*Bennie Shapiro visited Schrire in hospital*

*shortly before his death. ‘He unleashed a torrent of abuse about Barnard which went on for some time’, says Shapiro”* (Logan, 2003, p.206). Gedurende dié tyd het Barnard se verhoudings met ander kollega’s ook verder versleg: “*At Groote Schuur Barnard was struggling to find South Africans who would work with him*” (Logan, 2003, p.212). Barnard se eertydse kollega, Dr Hewitson was nie meer gewillig om saam met Barnard te opereer nie. Nog ‘n kollega, Dr O’Donovan, het sy hospitaalpos verlaat en ‘n privaatpraktyk gevestig.

Barnard het op 15 Augustus 1972 sy negende hartoorplanting uitgevoer op Martin Franzot, ‘n familievriend by wie André gedurende sy skooljare in Pretoria gebly het. Dit was die tweede operasie wat Barnard op Franzot uitgevoer het. Hy het gedurende 1964 ‘n lewensreddende hartoperasie op Franzot uitgevoer en ‘n vriendskap het daarna tussen die Barnards en Franzots ontwikkel. Franzot het tydens die hartoorplantingsoperasie gesterf. André was in so ‘n mate ontsteld hieroor dat hy sy pa verwytend gevra het hoekom hy nie toe probleme opgedui het Franzot se eie hart teruggeplant het nie. André was van mening dat dit ten minste Franzot se lewe sou gered het. Die mislukte operasie en André se emosionele reaksie het ‘n volgende keerpunt in Barnard se loopbaan verteenwoordig. Hy het besef dat die verwydering van die ontvangerhart bydra tot die risiko wat by hartoorplantings ter sprake is. Hy het dit gevvolglik oorweeg om die bestaande tegniek te wysig sodat die ontvangerhart nie meer verwyn word as ‘n skenkerhart ingeplant word nie.

Soos die meeste vorige lewensjare, het 1972 ook vir Barnard ‘n loopaanverwante krisis besorg. ‘n Motor het vir Barnard en Barbara laat een aand in Seepunt raakgery toe hulle ‘n restaurant verlaat het. Barnard het agt ribfrakture en twee werwelfrakture opgedoen in die tref-en-trap ongeluk. Barbara het terselfdertyd nekwerwels en ‘n linkerskouerblad gebreek. Barnard het ‘n sterk vermoede gehad dat die ongeluk ‘n polities-geinspireerde aanslag op sy lewe was (Barnard & Brewer, 1993). Daar het later komplikasies ingetree wat sy waardigheid aansienlik aangetas het (*fekale impaksie* wat vereis dat uitwerpsel onder narkose met die hand verwyn moet word). Niemand is ooit in verband met die ongeluk in heftenis geneem of aangekla nie. Barnard het sy gevoelens hieroor as volg verwoord:

*Die politieke stelsel in Suid-Afrika maak my toenemend bedruk, aangesien dit nie lyk of daar iemand is wat sterk of magtig genoeg is om iets daaraan te doen nie. Soos baie ander Suid-Afrkaners voel ek magteloos en moedeloos.* (Barnard & Brewer, 1993, p.279)

Ses jaar nadat Barnard die eerste hart oorgeplant het, het hy sy tiende hartoorplanting uitgevoer op JHI Olivier (2 Desember, 1973).

Op 18 Januarie 1974 het Barbara geboorte geskenk aan hul tweede seun, Christiaan Alexander Zoellner Barnard. Die groeiende gesin het 'n groter woning genoodsaak en daarom het die Barnards 'n huis in Constantia betrek wat Barnard se skoonouers aan hulle geskenk het.

Barnard het in 1974 oorgeslaan na abbahartoperasies (oftewel, *heterotopiese hartoorplantings*). Hy en 'n Belgiese chirurg, Dr Jacques Losman, het die eerste abbahartoperasie op 25 November 1974 uitgevoer op Ivan Taylor. Alhoewel Barnard die eerste abbahartoperasie in die wêreld uitgevoer het, was dit nie sy oorspronklike konsep nie. Die opvolger van Dr Vel Schrire, Dr Wally Beck het eerste die moontlikheid van so 'n operasie ingesien. Die meeste van die laboratoriumwerk wat die operasie voorafgegaan het, is daarna uitgevoer deur Dr Losman. Gedurende die laboratorium-fase het die chirurge probleme ervaar wat veroorsaak is deur die teenwoordigheid van twee harte in dieselfde borskas. Barnard het na bewering hierdie probleem binne tien minute in die anatomie-laboratorium opgelos. Die eerste abbahartoperasie was nie heeltemal 'n sukses nie aangesien Taylor breinskade gedurende die prosedure opgedoen het. 'n Maand later het Barnard wel 'n suksesvolle abbahartoperasie uitgevoer. Die pasiënt, Leonard Goss, is 'n maand na die operasie ontslaan en het vir tien jaar daarna geleef. Barnard het die gewysigde oorplantingstegniek gebruik tot sy aftrede in 1983 (49 operasies in totaal) (Louw, 1992). Die abbahartoperasietegniek is daarna geleidelik uitgefasseer. 'n Kronologiese opsomming van prominente operasies verskyn in Tabel 5.5.

**Tabel 5.5 Orgaanoorplantingskronologie**

DATUM	OPERASIE	CHIRURGE
1958	Eerste opehartoperasie met behulp van die hart-longmasjien in GSH	Barnard, Phillips & Ozinsky
1963	Eerste (onsuksesvolle) leweroorplanting	Starzl
1963	Eerste longoorplanting	Hardy
1964	Sjimpansee-hart word in 'n mens oorgeplant in die <i>Mississippi Medical Centre</i>	Hardy
1966	Pankreas, niere, en dundermsegment-oorplanting by die Universiteit van Minnesota	Lillehei & Kelly
1967	Geslaagde leweroorplanting-operasie by die Universiteit van Colorado se <i>Health Services Center</i>	Starzl
1967	Eerste geslaagde nieroorplanting in Suid-Afrika [8 Okt]	Barnard
1967	Eerste mens-tot-mens hartoorplanting ter wereld word uitgevoer in die GSH [3 Des]	Barnard
1967	Hartoorplanting word in New York op baba uitgevoer [7 Des]	Kantrovitz
1968	Tweede hartoorplanting word uitgevoer in die GSH [2 Jan]	Barnard
1968	Hartoorplanting word uitgevoer by <i>Stanford Medical Center</i> in Kalifornië [5 Jan]	Shumway
1968	Eerste hartoorplanting word uitgevoer in Indie [16 Feb]	Sen
1968	Derde hartoorplanting word uitgevoer in die GSH [6 Sept]	Barnard
1969	Vierde hartoorplanting word uitgevoer in die GSH [7 Apr]	Barnard
1969	Vyfde hartoorplanting word uitgevoer in die GSH [17 Apr]	Barnard
1971	Sesde hartoorplanting word uitgevoer in die GSH	Barnard
1971	Sewende hartoorplanting en eerste hart-longoorplanting word uitgevoer in die GSH	Barnard
1971	Agtste hartoorplanting word uitgevoer in die GSH	Barnard
1972	Negende hartoorplanting word uitgevoer in die GSH	Barnard
1972	Tiende hartoorplanting word uitgevoer in die GSH	Barnard
1974	Eerste abba-hartoorplanting	Barnard
1983	Eerste longloboorplanting	Cooper
1986	Eerste dubbele longoorplanting.	Cooper
1998	Eerste handoorplanting	Owen
2005	Eerste gedeeltelike gesigsoorplanting	Devauchelle & Dubernard

Barnard het in 1974 nog 'n genre by sy publikasies gevoeg. Hy het 'n roman, *Die verstotelinge*, in samewerking met Siegfried Stander geskryf (Barnard, 1974). Die roman het 'n rassetema gehad en is soos sy vorige boeke in talle tale (byvoorbeeld Italiaans, Duits, Frans en Spaans) vertaal. Die roman was 'n blitsverkoper wat vir drie weke in Frankryk bo-aan die verkopelys was. In Brittanje het dit 'n derdeplek op die verkopelys behaal.

Barnard was 52 jaar oud toe hy geleidelik belangstelling in sy chirurgiese loopbaan begin verloor het:

*Barnard was growing increasingly bored with what he called ‘routine heart surgery’. South Africa was one of only four countries where heart transplants were still being carried out...Barnard’s great achievement of 1967 had started a stampede, but now there seemed little left but dust. He wanted a new challenge...* (Logan, 2003, p.222)

Dit is daarom nie onverwags dat Barnard gedurende die tyd nog ‘n dimensie van sy loopbaan ontwikkel het nie. Hy het saam met vennote by die restaurantbedryf betrokke geraak, maar soos in die geval met die hartoorplantingprojek, het hy nie vanuit die staanspoor sukses behaal nie. Sukses het egter wel mettertyd gevolg.

Volgens Logan (2003) het Barnard dit ook gedurende die middel 1970s oorweeg om sy loopbaan as chirurg te verruil vir die van politikus. Barnard het gedurende die tyd gereeld kontak gehad met Dr Eschel Rhoodie. Laasgenoemde was verantwoordelik om Suid-Afrika se beeld in die buiteland te verbeter. Hy het blykbaar tydens ‘n kongres in Cincinnati, Ohio gemeld dat hy beplan om uit te tree as chirurg en daarna sy bekendheid te gebruik om politieke standpunte te bevorder. Die plan was gebaseer op Barnard se oortuiging dat menslike lyding met behulp van politieke metodes verminder kan word, asook sy verwagting dat Dr Connie Mulder vir John Vorster sou opvolg as Eerste Minister. Barnard het wel by huisvergaderings van die Nasionale Party opgetree waartydens hy probeer het om steun vir die party te werf (Colin Eglin, in Logan, 2003). Hy het ook (gedurende 1978 toe Suid-Afrika geïsoleerd was wat sportdeelname aanbetrif) namens die Suid-Afrikaanse regering gepoog om die Keniaanse regering te oortuig om ‘n span atlete na Suid-Afrika te stuur.

Die middel 1970s het vyf persoonlike krisisse meegebring wat Barnard se loopbaanontwikkeling beïnvloed het. Die spesifieke datum van die eerste is onbekend. André, Barnard se oudste seun, moes gedurende die periode in die GSH opgeneem word vir die behandeling van middelmisbruik. Prof Smith van die Departement Geneeskundige Regsgeleerdheid het Barnard in kennis gestel dat narkotika-speurders rapporteer het dat André middels (*Wellconal, Petidien*) aan homself voorskryf en aankoop. Die tweede krisis was die dood van Barnard se ouer broer, Dodsley, in ‘n motorongeluk (1975). Die derde krisis was die selfmoord van die 46-jarige Dr Bertie Bosman wat verantwoordelik was vir die nasorg van talle van die eerste hartoorplantingspasiënte. Die vierde krisis was in Oktober 1975 toe 500 van die

wêreld se bekendste kardioloë en hartzirurje ‘n kongres in Detroit, Michigan bygewoon het. Die organiseerders het twee prominente kollega’s afgejak deur hulle nie na die prestige-geleentheid uit te nooi nie. Die eerste was Dr Walt Lillehei wie se afwesigheid voorafgegaan is deur sy skuldigbevinding aan belastingontduiking. Die tweede was Barnard. Die komitee was steeds oortuig dat hy tydens die eerste hartoorplanting plagiaat gepleeg het deur tegnieke te gebruik wat deur Drr Shumway en Lower by die Stanford Universiteit ontwikkel is. Die vyfde krisis was die eerste asma-aanval wat Barnard aan die einde van 1976 ervaar het tydens ‘n uitputtende lesingtoer na Duitsland en Switserland.

Hierdie krisisse, tesame met die besef dat hy besig was om ouer te word, het die *Middeljare-fase* van Barnard se loopbaan afgesluit.

## **5.6 Laat-loopbaan (1977-2001)**

*In my professionele lewe is ek nou op die kruin van die golf, maar op persoonlike vlak word my geluk stuk vir stuk weggekalwe. My moeder se gesondheid gaan verder agteruit en ons moet haar in ‘n hospitaal laat opneem waar sy meer professionele hulp kan ontvang...sy het geen hoop op enigiets anders as ‘n sinlose bestaan nie, vasgeketting aan haar fisiek en verstandelik ontoereikende liggaam.*

(Barnard & Brewer, 1993, pp. 313-314)

Barnard se laat loopbaan het ‘n periode van ongeveer 24 jaar gedek. Hy het gedurende die periode sy chirurgiese loopbaan beëindig, by UK afgetree en by verskeie nuwe loopbaanprojekte betrokke geraak (internasionale konsultasie, boerdery, eiendomme, uitbreidings van sy restaurante, velprodukte). Op ‘n persoonlike vlak, het hy twee keer pa geword, twee keer geskei, ‘n seun en voormalige eggenoot aan die dood afgestaan en ernstige gesondheidprobleme ervaar. Die verloop van Barnard se laat-loopbaan stadium word vervolgens in besonderhede bespreek.

Barnard het in 1977, die tiende herdenkingsjaar van sy geskiedkundige hartoorplantingoperasie, maar ook die jaar nadat die Soweto-studenteonluste soos ‘n golf oor Suid-Afrika gespoel, die Inligtingskandaal op die lappe gekom en sy moeder gesterf het (op 25 Februarie 1977), sy 55ste verjaardag gevier. Hy het gedurende die

jaar sy tweede roman, *Die donker uur*, gepubliseer (Barnard, 1977a). Die roman handel oor die benaderings van twee geneeshere wat gekonfronteer word met ‘n vrou wat aan ongeneeslike borskanker ly.

Barnard was ook by ‘n aantal politieke aangeleenthede betrokke. Hy het eerstens nog ‘n boek getiteld *South Africa – Sharp dissection* gepubliseer (Barnard, 1977) waarin hy ‘n aantal aanvegbare aspekte aangespreek het:

- die komplekse etniese verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse samelewing,
- internasionale skynheiligeid, en
- die misbruik van vryheid.

Barnard het ook in die boek ‘n aantal politieke oplossings vir die toekoms aangebied. Die boek het plaaslik wye reaksie uitgelok. In dieselfde tyd het ‘n Franse televisiekanaal hom uitgenooi om saam te werk aan ‘n program wat daarop gemik was om Suid-Afrika uit te beeld soos wat Barnard dit gesien het (*Die oop hart van Suid-Afrika*). Tussendeur het Barnard die geleentheid gehad om met drie prominente politieke rolspelers oor die problematiek van die Suid-Afrikaanse samelewing te gesels, naamlik Jimmy Kruger, Breyten Breytenbach en Robert Sobukwe (wat as pasiënt behandeling ontvang het in die harteenheid).

Die politici wat Barnard vroeër ondersteun het (Nic Diederichs, John Vorster, Connie Mulder en die Rhoodie-broers) het na die Inligtingskandaal almal van die toneel verdwyn. Barnard het die nuwe Eerste Minister, PW Botha geraadpleeg oor sy rol, maar die reaksie was heelwat minder gunstig en ondersteunend as dié van Vorster. Die onverwagte wending het Barnard ontnugter en dit het ook in ‘n groot mate die einde beteken van sy politieke aspirasies en rol (Logan, 2003).

In Desember 1977 het die GSH die tiende herdenking van die hartoorplanting op Louis Washkansky gevier. Ten tye van die besondere mylpaal het die hartspan reeds 31 oorplantings uitgevoer waarvan 20 abba-hartoperasies was. Tydens twee operasies is diereharte (‘n bobbejaan- en sjimpanseehart onderskeidelik) as tydelike ondersteuningstelsels gebruik om die ontvanger se hart te ondersteun. Dit is gedoen

omdat Barnard gehoop het dat die pasiënt se hart sou herstel voordat die dierehart deur die liggaam verwerp word. Albei operasies het egter misluk. Dertien van die orige 18 abba-hartontvangers het teen 1993 nog geleef en buite die hospitaal gefunksioneer (Barnard & Brewer, 1993).

Alhoewel 'n dekade reeds verloop het sedert die eerste hartoorplanting het die joernaliste steeds intens belanggestel in Barnard en sy gesin se doen en late:

*Sy [Barbara] het selfs ingestem om op 'n eensame Karooplaas te gaan woon, weg van die visbak van die openbare lewe en weg van dit wat haar lewensbelangrike gesin bedreig. Ons het gaan kyk na plase wat in die omgewing van Beaufort-Wes te koop is, maar ongelukig kry ons nie 'n gesikte wegkruipplek nie. 'n Unieke sameloop van omstandighede is die rede waarom ons 'n te besige lewe lei. Ons is openbare figure en in die oog van die media, met fotograwe altyd op ons hakke. Dit is die tyd van telefotolense en waar ons ook al gaan, is ons nooit alleen nie. Dit bereik die stadium dat 'n mens selfs in die mees private plek die teenwoordigheid van 'n langafstandlens kan aanvoel.* (Barnard, 1993, p.314)

Die eerste vyf jaar van Barnard se *laat-loopbaanfase* het hom konfronteer met 'n mengsel van positiewe en negatiewe ervarings. Die positiewe ervarings het die volgende ingesluit:

- Deirdré se huwelik met Kobus Visser (1978) sowel as die geboorte van sy eerste kleindogter, Karen (1980) en kleinseun, Tiaan (1981) ;
- Die ontvangs van ereburgerskap van sy geboortedorp, Beaufort-Wes (1979);
- Die publikasie van *The best medicine* (Barnard, 1979), *Good life, good death* (Barnard, 1980), en *The body machine* (1981);
- Die prestasies van twee junior kollega's wat deurbrake op onderskeidelik die gebied van orgaanberging en die gevolge van breindood op skenkersharte maak (Winston Wicomb en Dimitri Novitzky);
- Gereelde uitnodigings om op te tree (byvoorbeeld om lesings op die QE2 aan te bied);
- Sy aanstelling as navorsingsadviseur by die *Clinique La Prairie* in Clarens-Montreux, Switserland (1981);
- Sy betrokkenheid by die Chris Barnard-stigting waar hy aktief by liefdadigheidswerk betrokke was;

- Die uitbreiding van sy sakebelange (byvoorbeeld, ‘n beesplaas by Sedgefield sowel as restaurante in Welgemoed, Nuweland en Claremont);
- Planne om ‘n luukse gesondheidssentrum op te rig op die eiland Kos – die geboorteplek van Hippokrates – in venootskap met Aris Argyriou.

Gedurende die vyf jaar was Barnard aanvanklik as chirurg, navorser en leermeester aktief. ‘n Kollega wat tussen 1978-1983 onder Barnard gewerk het, het die volgende kommentaar gelewer:

*His presence in the ward or in meetings with cardiologists always dominated the picture due to his tremendous knowledge of congenital heart disease, his judgment, and his easy approach to extremely complex situations... This aggressive attitude made coexistence between colleagues extremely tense in many aspects, and probably some of them quit the department due to the stress of the training... Those who managed to pass this endurance test had all the benefit in the future. The main reward was participation in the performance of surgery, or being incorporated in the transplant team.*

(Novitzky, 1992, p.266)

Die positiewe ervarings het egter nie voldoende opgeweeg teen die talle terugslae waarmee hy gedurende die periode gekonfronteer is nie. Dit het minstens tien probleme, teleurstellings, of krisisse ingesluit:

- Die verslewing van die politieke toestand in Suid-Afrika wat onsekerheid, konflik, uitsigloosheid, onderdrukking en emigrasie bevorder het (Barnard & Brewer, 1993);
- Die pogings van die media om Barnard by die Inligingskandaal te betrek (Logan, 2003);
- Die terugtrekking van spesiale of *baie-belangrike-persoon* (BBP) voorregte deur die Minister van Binnelandse Sake, Mnr Alwyn Schlebusch (Logan, 2003).
- Barnard se 60ste verjaardag wat hom konfronteer met die werklikheid van veroudering en afname in fisiese vermoë (Barnard & Brewer, 1993);
- ‘n Geleidelike afname in Barnard se belangstelling in geneeskunde en betrokkenheid by die werk wat by die GSH gedoen is (Cooper, 1992b);

- Dr Marius Barnard se besluit om Kaapstad te verlaat en hom in Johannesburg te vestig (Logan, 2003);
- Die verergering van Barnard se artritis met gepaardgaande moegheid, prikkelbaarheid en depressie (Barnard & Brewer, 1993);
- Die verslegting van Barnard en Barbara se huweliksverhouding (Logan, 2003);
- Barbara se gepaardgaande gesondheidsprobleme (Logan, 2003);
- Barnard en Barbara se egskeiding in Januarie 1982 (Barnard & Brewer, 1993).

Veral twee faktore het gedurende hierdie periode hul merk gelaat op Barnard se loopbaanontwikkeling. Sy tweede egskeiding het sy aanpassing en gemoedstoestand ernstig belemmer. ‘n Priester wat Barnard gedurende hierdie krisis ondersteun het, het die impak van die egskeiding as volg beskryf:

*...Chris had a severe case of heartbreak...the mending of his heart took much more time than a bypass. It took hours and hours, days and nights, of sweat and tears and talking. If ever I came across a broken reed, this was it.* (Nicholson, 1992, pp.263-264)

‘n Vriendin, Maureen Brink het gemeld dat Barnard gedurende hierdie tyd te depressief was om op te staan, die tyd huilend deurgebring en onophoudelik gerook het (in Logan, 2003, p.268). Gedurende die periode het sy werksaktiwiteite tot stilstand gekom en kollega’s moes noodwendig sy verantwoordelikhede oorneem (Barnard & Brewer, 1993).

Barnard se fisiese toestand het boonop versleg as gevolg van artritis:

*Rumatoïde artritis gaan nie net met pynlike en geswelde gewrigte gepaard nie. Die aanhoudende lokale inflammatoriese toestand gaan ook hand aan hand met ander algemene simptome soos geweldige moegheid, depressie, en prikkelbaarheid...* (Barnard & Brewer, 1993, pp.327-328)

Die gesamentlike impak van die egskeiding en artritis het Barnard motiveer om stappe te neem om sy loopbaan by UK te beëindig. Barnard se persoonlike lewe was nou verbrokkel en dit het veroorsaak dat hy verder belangstelling verloor het in chirurgie. Hy het verskonings gesoek om nie hospitaal toe te gaan nie en het sy assistente

toegelaat om 'n al groter deel van sy kliniese verantwoordelikhede oor te neem: "Ek sou nooit kon droom dat daar 'n dag sou aanbreek dat ek dit sou haat om chirurgiese handskoene aan te trek nie" (Barnard & Brewer, 1993, p.327). Barnard se belangstelling in chirurgie het nie weer teruggekeer nie:

*Die volgendeoggend doen ek een van my ongerekende saalrondtes in Groote Schuur en later by die Rooikruis-hospitaal. Ek ken nie meer die pasiënte se name nie en daar is nie 'n enkele een wat ek geopereer het nie. Hoe kon ek my rug gekeer het op iets wat 'n kwarteeu lank so 'n onafskeibare deel van my lewe was? Die deel wat my soveel geluk en erkenning besorg het. Is dit omdat ek nie meer 'n uitdaging in hartchirurgie sien nie? Roetine chirurgie verveel my...soos om maaltyd na maaltyd dieselfde kos te eet.* (Barnard & Brewer, 1993, p.358)

Sy kollega's het ook gemerk dat Barnard se produktiwiteit nie meer op die kenmerkende hoë vlak was nie:

*His last few years in Cape Town were not personally as productive as those that passed before. The distractions that followed the first few heart transplants steadily increased, causing him to spend more and more time away from the hospital and his surgical work. In addition, he had worked long and very hard in his younger days and had received abundant reward for his labours, and there is no doubt that his early ambition was no longer driving him relentlessly as it had for many previous years. This was a loss to his department, a loss to the hospital, and indeed, a loss to surgery as a whole.* (Cooper, 1992c, p.136)

Dr John Terblanche, die hoof van die Departement Chirurgie (Barnard se direkte hoof) het hom hieroor as volg uitgedruk:

*The last period of his tenure as head of the Department of Cardiac Surgery was somewhat difficult as he was frequently overseas and did not always inform me when he was to be away. There was also internal unhappiness within the department, particularly when senior staff began to vie for territorial authority. Part of the problem was Barnard's ill health and his inability to participate fully in the clinical surgical area and the other was due to his frequent absences and commitments elsewhere. I therefore supported his request to retire early on grounds of ill health.* (Terblanche, 1992, p.346)

Die kritiek moet beskou word teen die agtergrond van Barnard se buitengewone loopbaanprestasies wat hy behaal het gedurende sy loopbaan as geneesheer wat oor 37 jaar gestrek het. Hierdie prestasies sluit in:

- ‘n onbekende aantal opehart-operasies;
- een nieroorplanting;
- nege hartoorplantings;
- een hart-longoorplanting;
- 49 abbahartoorplantings;
- amptelike erkenning van sy baanbrekerswerk deur 60 lande;
- betrokkenheid by 165 hartoorplantings;
- toekenning van 15 eredoktorsgrade;
- toekenning van 133 medaljes;
- toekenning van 223 diploma’s en sertifikate;
- toekenning van 111 gedenkplate;
- ere-lidmaatskap van 18 instellings (*fellowships* en *memberships*);
- toekenning van vryheid van nege dorpe en stede in ses verskillende lande;
- toekenning van ere-burgerskap van 14 stede of gebiede;
- publikasie van 18 boeke;
- outeurskap van byna 200 artikels in mediese tydskrifte; en
- bevordering van orgaanoorplantings wat sedert sy baanbrekersoperasie uitgebrei het en tans oorplantings van baarmoeders, been, beenmurg, dunderms, eilande van Langerhans, gesigte, hande, hartkleppe, kornea’s, lewers, longe, niere en pankreas insluit.

Barnard het uiteindelik aan die einde van 1983 afgetree as hoof van die Departement Kardiotorakale Chirurgie:

*...op 31 Desember 1983 sal ek die laaste keer uit my kantoor by die mediese skool stap – ‘n kantoor waar ek soveel jare lank in my suksesse kon verbly en oor my mislukings kon rou.*

(Barnard & Brewer, 1993, p.359)

Nadat Barnard afgetree het en die titel *Emeritus Professor* aan hom toegeken is, het die Universiteit van Kaapstad ‘n *Chris Barnard Chair of Cardiothoracic Surgery* geskep. Dr BA Reichart was die eerste chirurg wat in die pos aangestel is. Twee maande na sy afdrede (op 1 Maart 1984) is Barnard tydens ‘n besoek aan die VSA in kennis gestel dat sy oudste seun, André, wat as 31-jarige pediater by die RKH gewerk het, oorlede is.

Barnard het egter aktief gebly. Hy het die volgende vier boeke gedurende 1984 publiseer:

- *The arthritis handbook – how to live with arthritis* (Barnard, 1984a);
- *The best of Barnard* (Barnard, 1984b);
- *The faith* (Barnard, 1984c); en
- *The living body* (Barnard, 1984d).

‘n Jaar later het Barnard nog ‘n boek gepubliseer, naamlik *Your healthy heart* (Barnard, 1985). Hy is ook aangestel as *Scientist-in-residence* by die *Oklahoma Transplantation Institute* waar Dr Nazih Zuhdi die Direkteur was. Later het twee van Barnard se kollega’s by UK/GSH/RKH, Drr Dimitri Novitzky en David Cooper hulle ook by die Instituut aangesluit. Die aanstelling as *Scientist-in-residence* was op daardie tydstip ‘n gulde geleentheid vir Barnard. Buiten die finansiële voordele, het die kontraktuele verpligtinge Barnard begunstig. Hy moes vir slegs ses maande van die jaar in ‘n adviserende hoedanigheid die hartoorplantingsprogram help vestig, toesig hou oor die navorsingsprogram en as skakelbeampte vir die Instituut optree (Barnard & Brewer, 1993). Barnard se loopbaan was nou minder veeleisend en finansieël meer gemaklik. Die addisionele inkomste het hom in staat gestel om ‘n skaapplaas buite Beaufort-Wes asook eiendomme in Plettenbergbaai en Kaapstad aan te skaf.

Barnard het gedurende dieselfde jaar weer krisisse ervaar. Sy sekretaresse in Oklahoma het dit as volg gestel:

*...Dr Barnard was a young man at heart and in mind, but frustrated and angry at times that the arthritis that ended his active, successful surgical*

*career also hampered day-to-day living...The arthritis showed no special favours.*  
 (Colliver, 1992, p.121)

Barnard het buiten die artritis ook ander fisiese simptome ervaar. Toe hy weer obstruksie van die dikderm ervaar, het hy gevrees dat dit kolonkanker was (dit is later as *divertikulitis* diagnoseer). Die fisiese ongemak was moontlik die rede dat Barnard nie gedurende die tyd wat hy by aan die *Oklahoma Transplantation Institute* verbonde was aan die verwagtinge voldoen het nie:

*...he could have used his time in Oklahoma even more profitably. He was still only in his early sixties, and apart from his arthritis, remained in fairly good health...Could he not have written more for the medical profession (a textbook on heart transplantation perhaps) rather than for the general public? Even the updating of his autobiography would have been a valuable activity, with perhaps the lessons he had learned from his varied life being the basis for advice to those coming after him. My personal view is that the few years both before and following his retirement were not used as productively as they might have been, though I would be the first to admit that he had contributed more than his fair share of work to society during the earlier years of his career, and undoubtedly deserved a rest... Yet I believe that he personally retains some feelings of frustration and regret over these later years.* (Cooper, 1992c, pp.136-7)

Gedurende hierdie periode het Barnard betrokke geraak by 'n ander projek waarvoor hy uiteindelik 'n duur professionele prys sou betaal. Armin Mattli, eienaar van die *Clinique La Prairie* in Clarens-Montreux, Switserland (waar Barnard gedurende 1981 as navorsingsadviseur aaangestel is) het Barnard versoek om betrokke te raak by die bemarking van 'n middel, *Glycel*. Dit het onder andere behels dat Barnard aansprake moes bevestig dat die middel veroudering effektief kon teenwerk (Barnard, 1993). Barnard was teen hierdie tyd gewoond aan kritiek wat gerig was op sy lewensstyl. Die kritiek wat hy ontlok het as gevolg van sy verbintenis met die anti-verouderingsroom, was egter veel feller en het sy reputasie as navorser en chirurg aansienlike skade berokken. Die *American College of Surgeons* het Barnard in 1986 gedaag om voor hulle te verskyn op 'n aanklag van onprofessionele gedrag. Barnard het egter summier uit die vereniging bedank om homself die ondersoek te spaar.

Barnard het nog negatiewe publisiteit ontvang nadat insidente tydens 'n jagekspedisie in Botswana in die *Scope*-tydskrif publiseer is onder die oproep *Bloodbath in*

*Botswana* (Logan, 2003). Na bewering is twee leeuwyfies, vyf buffels, ses zebra's en 'n beskermde hiëna tydens die ekspedisie doodgemaak.

Na die *Oklahoma Transplantation Institute* die twintigste herdenking van die eerste hartoorplanting gehuldig het, het Barnard aan die einde van 1987 besluit om sy bande met die Instituut te verbreek en na Suid-Afrika terug te keer. Pas na sy terugkeer het hy op 23 Januarie 1988 met Karin Setzkorn getrou. Dertien maande later het Barnard weer pa geword toe Karin geboorte geskenk het aan Armin Adam Barnard (25 Februarie 1989).

In die laat tagtigerjare het Barnard weer tot die eiendomsmark toegetree deur kuseiendomme in Bloubergstrand en Pringlebaai aan te skaf. Hy het ook 'n terugkeer tot die politieke arena gemaak deur voorbrand te maak vir die *Demokratiese Party*.

Barnard het in 1993 die tweede deel van sy outobiografie gepubliseer. Die titel hiervan was *Die tweede lewe* (Barnard & Brewer, 1993). Die boek is in Suid-Afrika, Australië, Duitsland, Frankryk en Griekeland publiseer. Dit is egter nie, soos wat die geval met *Een lewe* (Barnard & Pepper, 1969) was, in Brittanje of die VSA publiseer nie en was heelwat minder suksesvol. Daarbenewens het die boek negatiewe reaksie by Barnard se vorige eggennes sowel as die breë publiek uitgelok. Dit het tot konflik tussen Barnard en sy medewerker, Chris Brewer, geleid. Dit het Barnard egter nie afgesit nie en hy het drie jaar later nog 'n roman, *The donor* (Barnard, 1996), publiseer.

Gedurende die tyd het Barnard nog 'n enstige terugslag gehad wat betref sy gesondheid. 'n Groiesel het op sy neus verskyn wat later as velkanker diagnoseer is.

Gedurende Junie 1997 het Barnard weer pa geraak toe Karin geboorte geskenk het aan hul dogter, Lara. In Desember van dieselfde jaar, ten tye van die 30-jarige herdenking van die eerste hartoorplanting, is die *Oorplantingsmuseum* by die GSH oopgemaak.

Hy het in 1998 sy aandele in die La Vita Restaurant in Nuweland verkoop en 'n plaas (*Ratelfonten*) naby Richmond in die Karoo gekoop. Hy het wild (zebra's, springbokke, rooikatte, koedoes en volstruise) op die plaas gevestig met die doel om

dit as reservaat en jagplaas te bedryf. Hy het 'n biltongaanleg gebou en daarin geslaag om 'n kontrak vir die voorsiening van biltong met die *Woolworths* winkelgroep aan te gaan.

Barnard het ook gedurende die laat 1990s in verskeie advertensies opgetree. Hy het 'n wye reeks produkte bemark wat van enjinolie tot onbytgraankos gestrek het. Barnard het nou die dienste van 'n Oostenrykse agent gebruik (Walter Lutschinger). Hulle het die *Christiaan Barnard-stigting* in die lewe geroep. Die *Stigting* het hom daarvoor beywer om lewensbelangrike chirurgie te organiseer vir kinders afkomstig uit arm lande. Die chirurgie is deur Dr Susan Vosloo van die *City Park Hospitaal* gedoen.

In November 1998 het Barnard sy 76ste verjaardag gevier. 'n Maand later het Barbara, sy tweede eggenote, as gevolg van bors- en breinkanker gesterf ('n dag nadat haar vader in Switserland aan 'n hartaanval oorlede is). Barnard se gedrag tydens die roudiens en sy opmerkings daarna het sy huwelik met Karin skade berokken en moontlik daartoe bygedra dat Karin hom twee jaar later vir 'n egskeiding gedagvaar het. Die egskeiding was 'n onverwagte skok vir Barnard:

*He was devastated. He had always believed Karin would stay with him until the end. The collapse of the marriage plunged Barnard into a maelstrom of loneliness and despair...Loneliness, to him, was as terrifying a state as old age. Now he was faced with both.*

(Logan, 2003, pp.309-310)

Barnard se loopbaan het nou ten einde geloop. Hy het ernstige gesondheidsprobleme ervaar in die vorm van heupprobleme en velkanker. Die probleme het sy fisiese voorkoms beïnvloed. Dit het Barnard egter nie gemotiveer om weg te kruip nie. Hy het steeds gereeld uitnodigings aanvaar om as spreker op te tree. Gedurende die periode het 'n Duitse student, Gudrun Heidler, hom meermale vergesel.

Barnard het na die derde egskeiding pogings aangewend om sy verhoudings met Deirdré en Louwtjie te verbeter: *It was as if we, the original family, had come over him again like a protective umbrella* (Deirdré Barnard, in Logan, 2003, p.311).

Barnard het in Augustus 2001 in Kaapstad ‘n toespraak gelewer by die *Orgaanskenker-Stigting*. Die volgendeoggend het hy op ‘n internasionale reis vertrek na Ciprus, Israel, Duitsland en die VSA. Hy het beplan om tydens die reis kontrakte aan te gaan vir die verkoop van wildsvleis en olyfolie sowel as die publikasie van ‘n boek. Hy sou ook gesprekke voer oor stamselnavorsing.

Barnard het gedurende dié reis op 2 September 2001 op die eiland Paphos (Ciprus) gesterf as gevolg van ‘n asma-aanval. Sy was op 14 September 2001 in ‘n nis by die Beaufort-Wesmuseum geplaas.

Die reaksie op sy dood was gemeng. Die meeste daarvan was gunstig. Een van Barnard se junior kollega’s wat lank saam met hom gewerk het voordat hy na die VSA emigreer het, het Barnard se bydraes as volg saamgevat:

*With his great mind, I think he is leaving to the world a legacy that many others would have liked to emulate. He has written his name in the history of medicine. He takes note of criticism regarding his last years as a professor in the department of Cardiac Surgery, and criticizes himself for not having retired earlier, when he was losing interest in his surgical work and becoming more involved in other affairs. Yet, despite this, he has trained several cardiothoracic surgeons who have become leaders in the field of transplantation. In summary, as a result of his scientific qualities, his charismatic personality, his energetic driving force, and his continual striving for the best, Chris Barnard became a legend in South Africa and in many other parts of the world. His attitude to life has been – “You can live it only once”.* (Novitzky, 1992, p.269)

Dr Susan Vosloo het hom op dieselfde trant as briljant en innoverend beskryf en verklaar dat hy die grootste bydrae nog tot die mediese wetenskap gemaak het (Logan, 2003). Dr Johan Brink wat self 200 hartoorplantings gedoen het, het gemeld dat Barnard meer bygedra het tot die plaaslike geneeskunde as enigeen anders en dat hy Suid-Afrika op die kaart geplaas het (Brink, Blyth, & Doubell, 2001; Logan, 2003). Brink het egter ook kritiek uitgespreek:

*He could have done a tremendous amount more to build our Department up to being a great cardiac centre – firstly while still in our Department, and particularly over the almost twenty years after he retired. There was no support, not only financially but more importantly politically or*

*influentially for our Department after he retired – he literally turned his back on us.*  
 (in Logan, 2003, p.323)

Die kritiek kan egter nie Barnard se enorme invloed op hartchirurgie ongedaan maak nie:

*Wat ook al op die gebied van hartoorplantings bereik mag word, sal dit gebeur as gevolg van ‘n poort wat oopgestel is deur hierdie buitengewone man wat nie slegs die snykundedeur na die onbekende oopgemaak het nie, maar ook sy voet daarin gesteek het om dit oop te hou...En die mediese wêreld sal nooit vir Christiaan Neethling Barnard – die snykundige wat gewaag het, vergeet nie.*

(Hawthorne, 1968, p.171)

## 5.7 Hoofstukopsomming

Hierdie hoofstuk het gefokus op Barnard se loopbaanontwikkeling. Sy loopbaanervarings en -prosesse is aan die hand van die vyf loopbaanstadia van Greenhaus et al. (2000) se teoretiese model bespreek. Die bevindinge van die ondersoek na Barnard se loopbaanontwikkeling word in die volgende hoofstuk bespreek.

## HOOFSTUK 6

### BESPREKING

Afd	Opskrif	Pg
6.1	Hoofstukoorsig	129
6.2	Loopbaanontwikkeling	129
6.3	Kronologiese verloop van Barnard se loopbaanontwikkeling	130
6.4	Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk (1922-1946)	132
6.5	Toetrede tot organisasie (1947-1953)	135
6.6	Vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie (1953-1962)	137
6.7	Middel-loopbaan (1963-1976)	140
6.8	Laat-loopbaan (1977-2001)	143
6.9	Hoogtepunte en prestasies	145
6.10	Gesinslewe	146
6.11	Gesondheidstoestand	146
6.12	Hoofstukopsomming	147
Tabelle		
6.1	Vergelyking tussen Greenhaus et al. (2000) en Barnard se loopbaanstadia	130

#### **6.1 Hoofstukoorsig**

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die ondersoek na Barnard se loopbaanontwikkeling bespreek. Eerstens word Barnard se loopbaanstadia afgebaken en daarna vergelyk met die benaderde ouerdomme wat Greenhaus et al. (2000) aangedui het. Daarna word die biografiese data wat met elk van die vyf stadia verband hou afsonderlik bespreek. Die bespreking word gevvolg deur opsommings van Barnard se loopbaanhoogtepunte sowel as die invloed van gesins-en gesondheidsfaktore op sy loopbaanontwikkeling.

#### **6.2 Loopbaanontwikkeling**

Loopbaanontwikkeling is ‘n lewenslange, multi-dimensionele proses wat stelselmatig ontwikkel namate individue loopbaanuitdagings die hoof bied. Dit impliseer dat loopbaanontwikkeling betrekking het op die totale individu, insluitende die fisiese-, persoonlike-, sosiale-, emosionele- en gesinsdimensies. Greenhaus et al. (2000) het dit beklemtoon dat die implementering van die selfkonsep in die werkkonteks ‘n

sentrale dryfkrag is vir loopbaanontwikkeling. Daarbenewens het hulle dit ook beklemtoon dat loopbaanontwikkeling in stadia – wat elk verband hou met ‘n benaderde ouderdomsperiode en spesifieke ontwikkelingstake – plaasvind. Individue moet die take suksesvol bemeester om loopbaanvolwassenheid te bereik.

### **6.3 Kronologiese verloop van Barnard se loopbaanontwikkeling**

Tabel 6.1 bied ‘n vergelyking aan van Barnard se loopbaanstadia en die benaderde ouderdomskategorieë wat deur Greenhaus et al. (2000) vir die vyf loopbaanstadia aangedui is.

**Tabel 6.1: Vergelyking tussen Greenhaus et al. (2000) en Barnard se loopbaanstadia**

Stadium	Benaderde ouderdomskategorieë (Greenhaus et al., 2000)	Barnard se ooreenstemmende ouderdomskategorieë
Beroepskeuse	0-25 jaar	0-24 jaar
Toetrede tot organisasies	18-25 jaar	25-31 jaar
Vroeë loopbaan: Vestiging en prestasie	25-40 jaar	31-40 jaar
Middel loopbaan	40-55 jaar	41-54 jaar
Laat loopbaan	55 → jaar	55-79 jaar

Die ooreenkoms tussen Greenhaus et al. (2000) se benaderde ouderdoms-kategorieë en Barnard se loopbaanstadia is merkwaardig. Die ooreenkoms bevestig die akkuraatheid en toepassingswaarde van die model. Die opvallendste verskille tussen Barnard se loopbaanontwikkelingstadia en die wat deur Greenhaus et al. (2000) beskryf is, is die *toetrede*- en, in ‘n mindere mate, die *laat-loopbaanstadia*.

Barnard het sewe jaar gewy aan sy mediese opleiding. Dit het ses studiejare en ‘n huisdokterjaar ingesluit. Die daaropvolgende jaar het hy as senior huisdokter by die *Skiereilandse Kraaminrigting* in Distrik Ses gewerk. Hy het daarna ‘n aanbod vir ‘n permanente pos van Prof Crichton ontvang, maar dit van die hand gewys. Hy wou op daardie tydstip trou en finansiële oorwegings het gevoleklik die deurslag gegee. Barnard en Louwtjie het in die begin van 1948 na Ceres verhuis waar hy by ‘n privaatpraktyk aangesluit het.

Barnard het egter nie daarin geslaag om hom in die praktyk te vestig nie. Gedurende die tweede helfte van 1950 het hy hom as gevolg van konflik met die senior vennoot van die praktyk onttrek. Hy was hierna vir ‘n paar maande werkloos totdat hy in Maart 1951 as senior huisdokter by die *Stadshospitaal vir Aansteeklike Siektes* aangestel is. Gedurende die werklose periode was Deirdré enkele maande oud terwyl Louwtjie swanger was met André (hy is op 30 Maart 1951 gebore). Barnard het vir twee jaar by die *Stadshospitaal* gewerk voordat hy ‘n aanstelling as kliniese assistent in die Departement Chirurgie by GSH gekry het. Hy het hom by die *Stadshospitaal* uitstekend van sy taak gekwyf en dit het sy weg gebaan tot die *vestigingstadium*. Hy het dit vroeër oorweeg om te spesialiseer (hy het dit reeds in April 1950 met Prof Jannie Louw bespreek) en dus het die aanstelling as kliniese assistent die toetrede-stadium van sy loopbaan tot ‘n einde gebring. Barnard was toe 31 jaar oud, ses jaar ouer as die benaderde ouderdomskategorie wat deur Greenhaus et al. (2000) voorgestel is. Sy vroeë loopbaan het dus later begin as wat volgens die teoretiese model verwag word.

Wat die laat loopbaanstadium aanbetrif, het Barnard in 1983 afgetree op die ouderdom van 61 jaar. Sy aftrede het egter nie ‘n passiewe rusperiode ingelei nie. Barnard het ten spyte van sy onlangse egskeiding van Barbara (1982) en die dood van sy seun (1984) by verskillende projekte betrokke gebly. Hy het byvoorbeeld vyf boeke publiseer gedurende 1984-1985. Hy was ook betrokke:

- as navorsingsadviseur by die *Clinique la Prairie* in Switserland;
- as *scientist-in-residence* by die *Oklahoma transplantation Institute*;
- by beesboerdery;
- by drie restaurante;
- by die Christiaan Barnard-stigting.

Barnard se loopbaan is dus gekenmerk deur ‘n langer as verwagte toetrede-stadium en ‘n besondere aktiewe laat-loopbaanstadium waarin hy sommige aktiwiteite voortgesit het (navorsing, lesings), maar ook toegetree het tot nuwe loopbaanaktiwiteite. Die toetrede tot nuwe aktiwiteite het die laat-loopbaanstadium by uitstek gekenmerk aangesien Barnard op 76-jarige ouderdom (1998) tot

wildboerdery en die bemarking van biltong, sowel as die bemarking van ‘n verskeidenheid produkte toegetree het.

#### **6.4 Beroepskeuse: Voorbereiding vir werk (1922-1946)**

Beroepskeuse verteenwoordig ‘n bewuste sowel as onbewuste besluitnemingsproses waartydens individue ‘n beroep kies wat pas hul unieke kombinasie van behoeftes, waardes en talente. In Hoofstuk 3 is hierdie voorbereidende stadium beskryf as ‘n periode waartydens individue:

- se selfkonsepte ontwikkel en verfyn word;
- oorweging skenk aan alternatiewe beroepe;
- selfinligting en beroepsinligting teen mekaar opweeg;
- die aantreklikste beroep identifiseer en stappe neem om hulle daarvoor voor te berei.

In vergelyking met die ander loopbaanontwikkelingstadia, is min data beskikbaar wat Barnard se beroepskeuse beskryf. Die inligting wat wel beskikbaar is, is boonop oorwegend subjektiewe menings of herinneringe. Dit is ‘n algemene probleem wat psigobiograwe as gevolg van hoofsaaklik twee redes ervaar. Eerstens besef buitengewone individue nie van jongs af dat hul vir buitegewoonheid bestem is nie. Tweedens besef hulle nie dat inligting uit hul kinderjare later, wanneer hul bekendheid verwerf het, vir navorsers waardevol sal wees nie. Die gebrek aan inligting het tot gevolg dat die bespreking van Barnard se beroepskeuse noodwendig meer spekulatief van aard is as die bespreking van die ander loopbaanontwikkelingstadia.

Die beskikbare inligting dui wel daarop dat Barnard net ‘n enkele beroep oorweeg het gedurende die stadium. Die afleiding kan dus gemaak word dat Barnard se beroepskeuse nie die hoogtepunt van ‘n geleidelike besluitnemingsproses was nie. Dit kom eerder voor asof sy besluit om medies te studeer ‘n eenvoudige besluit was wat deur weinig loopbaaneksplorasie voorafgegaan is.

Die beskikbare data dui ook daarop dat Barnard se beroepskeuse deur 'n aantal direkte en indirekte faktore beïnvloed is. Volgens Greenhaus et al. (2000) vind die passingsproses tuis, by die skool en in plekke waar deeltydse werk verrig word, plaas. Daar is aanduidings dat Barnard se huislike agtergrond hom op ten minste vier wyses beïnvloed het.

Eerstens het die **beroep van sy ouers** 'n rol gespeel. Sy ouers het geestelike leiding verskaf aan die arm bruin gemeenskap in Beaufort-Wes. 'n Skoolvriendin het gemeld dat Barnard 'n minderwaardigheidskompleks gehad het as gevolg van hulle gesin se sosio-ekonomiese status. Hy was volgens haar behep met geld: "*He was obsessed with money – he always said he was going to make something of himself that would bring him money, he was sick of being poor*" (in Logan, 2003, p.32). Buiten die gesin se sosio-ekonomiese status, het die gesin se rol en posisie in die gesegregeerde gemeenskap die minderwaardigheidsgevoel versterk. Barnard het uitdrukking gegee aan sy minderwaardigheidsgevoelens deur woede, wrokkigheid en 'n intense kompetisie-drang.

Tweedens het die **persoonlikhede van sy ouers** waarskynlik sy beroepskeuse beïnvloed. Barnard se vader het sterk geloofsoortuigings gehad. Dit het hom aangespoor om medemenslik op te tree en diensbaar te leef. Daarenteen was Barnard se moeder 'n perfeksionis wat haar kinders aangespoor het om eerste te wees en nooit tou op te gooie nie. Derdens het die vroeë dood van Barnard se broer en suster waarskynlik (soos Barnard se moeder beweer het) 'n rol gespeel deur 'n bewustheid van die rol van gesondheid, siekte en dood by hom tuis te bring.

Barnard en Pepper (1969) het ook gemeld dat sy **ouer broer** (wat ingenieurswese studeer het) hom aangeraai het om medies te studeer. Die effek van laasgenoemde se akademiese mislukking op sy ouers het Barnard boonop vasbeslote gemaak om nooit te druiп en sy ouers teleur te stel nie.

Daar is ook aanduidings dat Barnard se **ervarings op skool** sy beroepskeuse beïnvloed het. Barnard het akademies presteer en veelsydigheid demonstreer deur op musikale- en sportgebied bydraes te lewer. Hy het gevolglik verwag om suksesvol te wees indien hy 'n veeleisende studieprogram aanpak.

Buiten gesins- en skoolervarings, het Greenhaus et al. (2000) gemeld dat beroepskeuse ook beïnvloed word deur **deeltydse werkervaring** en **rolmodelle**. Daar is geen aanduidings dat Barnard gedurende sy skooljare deeltydse werk gedoen het nie. Die enigste incident wat vermeld is, het betrekking gehad op die hulp wat hy en ‘n vriend verleen het aan Prof Bloom, die argeoloog. Daar is ook nie inligting wat daarop dui dat hy gedurende dieselfde tyd op ‘n noemenswaardige manier deur rolmodelle beïnvloed is nie.

Die laaste faktor hou verband met die **Tweede Wêreldoorlog**. Barnard het tydens die oorlog gematrikuleer. Daar was waarskynlik op daardie stadium ‘n beperkte reeks loopbaanalternatiewe beskikbaar. Logan (2003) het in die verband gemeld dat die destydse Smuts-regering studente wat ingenieurswese of medisyne studeer het, vrygestel het van militêre diens. Die vrystelling het ‘n toename in studenttegetalle in die beroepe tot gevolg gehad.

Dit blyk dat Barnard met sy beroepskeuse nie sy huidige of bestaande selfbeeld implementeer het nie, maar ‘n geïdealiseerde selfbeeld voor oë gehou het. Met ander woorde, hy het nie ‘n beroep gekies wat versoenbaar was met sy werklike selfbeeld nie, maar eerder met ‘n ideale selfbeeld. Sy vasbeslotenheid en begeerte om bo die minderwaardige omgewing uit te styg, het waarskynlik bygedra tot sy motivering en selfvertroue om uiteindelik sukses te behaal.

Barnard se belangstelling in sy oorspronklike beroepskeuse het gegroei namate sy studiejare gevorder het. Dit was duidelik dat die passing tydens sy studiejare byna volmaak was. Sy hele studieperiode het bevestig dat hy ‘n beroepskeuse gemaak het wat sy selfbeeld aangevul het. Barnard het gevolglik akademies beter presteer as wat op skool die geval was. Hy het toegang gehad tot rolmodelle en mentors wat hom inspireer het. Die faktore het Barnard in staat gestel om in ‘n kort periode ontslae te raak van die minderwaardigheidkompleks wat hom as tiener ondermyn het. Hy het mettertyd aansienlike vertroue in sy professionele selfkonsep en rol ontwikkel.

## 6.5 Toetrede tot organisasie (1947-1953)

As gevolg van die relatiewe lang mediese opleidingsprogram het die toetrede-stadium in Barnard se geval later plaasgevind as wat die teoretiese model aandui. Die toetrede stadium het by Barnard tussen die ouerdom van 25-31 jaar geduur. Barnard het probleme ervaar gedurende die stadium. Hy het wisselvallig opgetree en gesukkel om sy voete te vind.

Greenhaus et al. (2000) het vyf ontwikkelingstake identifiseer wat met die toetrede-stadium verband hou:

- a. ontwikkeling van self-bewustheid en selfkennis,
- b. identifikasie van voornemende werkgewers,
- c. aankweek van realistiese loopbaan,
- d. oorweging van organisasies, en
- e. keuse van voorkeur werksomgewing.

Die toetrede stadium bestaan uit twee gelyktydige aktiwiteite. Enersyds evalueer individue organisasies om te bepaal watter organisasie die meeste van hulle loopbaanbehoeftes en -waardes sal bevredig. Andersyds evalueer organisasies potensiele werknekmers met die oog op die identifisering van gesikte kandidate wat ‘n bydrae tot hul sukses sal maak.

Aan die einde van sy studies het Barnard onsekerheid ervaar oor watter rigting hy moes inslaan. Hy het aangetrokke tot die hospitaalomgewing gevoel. Hy het terselfdertyd aangetrokke gevoel tot die huweliks- en gesinslewe. Barnard se onsekerheid is aangevuur deurdat hy meer as een werkaanbieding gekry het. Prof Crichton het hom ‘n permanente aanstelling by die Stadshospitaal aangebied. Hy het dit oorweeg om in Verloskunde en Ginekologie te spesialiseer en daarom was die opsie besonder aantreklik. ‘n Studentevriend, Pikkie Joubert, het hom egter uitgenooi om by hul privaatpraktyk in Ceres aan te sluit. Hy het besluit om ter wille van gesins- en finansiële oorwegings die hospitaalpos van die hand te wys en by die privaatpraktyk aan te sluit.

Die data dui egter daarop dat Barnard se verwagtings met betrekking tot die potensiële interessantheid van werk, finansiële voordele en sekuriteit nie heeltemal realisties was nie. Barnard het waarskynlik nie voldoende oorweging geskenk aan die struikelblokke wat passing tussen hom en die privaatpraktykopset kon belemmer nie. Greenhaus et al. (2000) het erken dat sommige individue se loopbaanbesluite minder rasioneel en deeglik is wanneer hul werksaanbiedinge aanvaar. In sulke gevalle trek enkele uitkomste die meeste van hulle aandag. Die gevolg is dat ‘n implisiete (dikwels onbewuste) keuse gemaak word. In sulke situasies maak individue boonop van perceptuele distorsie gebruik om die organisasie wat hulle gekies het positief voor te stel en hulself te oortuig dat die besluit wel gepas is en “reg” voel: *“There is a subjective, emotional element in job choice that should not be suppressed...the decision to accept one job over the other also has to ‘feel’ right”* (Greenhaus et al., p.176). In sulke gevalle kan die beeld van die organisasie ‘n besondere sterk invloed uitoefen op individue se keuse om diens daar te aanvaar.

Alhoewel die praktyk voldoende stimulasie en verantwoordelikheid verskaf het, moes die vennote nou saamwerk. Dit het perke geplaas op individuele vryheid en outonomie. Na ‘n aanvanklike periode van suksesvolle aanpassing, het wrywing ontstaan tussen Barnard en sy senior venoot wat nie beïndruk was met Barnard se individualistiese styl nie. Die gevolg hiervan was dat Barnard na twee jaar gevra is om die praktyk te verlaat.

Barnard was nou werkloos. Dit het noodwendig teleurstelling en negatiewe selfbeeld-implikasies meegebring. Hy het egter na verloop van ‘n paar maande ‘n aanstelling by die Stadshospitaal gekry. Die aanstelling het die volgende stadium vir Barnard ingelei.

Alhoewel die toetrede-stadium vir eers verby was, het Barnard later in sy lewe weer die dinamika van die toetrede-stadium ervaar. Hy het op 55-jarige ouderdom as gevolg van verveeldheid met chirurgie, ‘n beesplaas en aandele in restaurante gekoop. Die restaurante was nie uit die staanspoor suksesvol nie, maar sukses hiermee het wel later gevolg. Gedurende hierdie periode het Barnard ook pogings aangewend om toe te tree tot die politiek. Hy is betrek by die regering se pogings om die beeld van die land in die buiteland te poets en om isolasie op sportgebied teen te staan. Die

Inligtingskandaal het egter ‘n einde gebring aan die meeste van Barnard se politieke kollegas se loopbane. Dit het ook Barnard se aspirasies in die kiem gesmoor.

Die data oor Barnard se sakebelange is gebrekkig en dit het pogings bemoeilik om te bepaal in watter mate Barnard daarvan suksesvol was. Die biografiese data meld wel wanneer hy restaurante, plase en kuseiendomme aangekoop het. Daar is egter nie data oor verkoopdatums of die voortgesette winsgewendheid van die sakebelange nie. Die data sou, indien dit beskikbaar was, interessante lig kon werp op sekondêre siklusse in Barnard se loopbaan.

## **6.6 Vroeë-loopbaan: Vestiging en prestasie (1953-1962)**

Die vroeë loopbaanstadium behels ‘n wederkerige proses waartydens nuwelinge en die organisasie waarby hul aangesluit het beide bepaal in watter mate passing wel bereik is. Die stadium vereis dat individue die roetine, verantwoordelikhede en interpersoonlike aspekte van hul nuwe beroep bemeester en terselfdertyd gevoelens van bekwaamheid, produktiwiteit, selfvertroue en tevredenheid ervaar. Individue moet hulle dus nou toespits op werkprestasie en sukses in hul strewe na bevordering en senioriteit binne die organisasie.

Barnard het hom by die *Stadshospitaal* onderskei en dit het gedurende die twee jaar wat hy daar gewerk het, duidelik geword dat die onstabilitet wat die eerste drie jaar van sy professionele loopbaan gekenmerk het, plek gemaak het vir die vestiging van ‘n suksesvolle loopbaan. Hy het op grond van dié werk ‘n aanstelling as kliniese assistent in die Departement Chirurgie gekry. In dié hoedanigheid het hy buitengewone sukses ervaar in ‘n area wat baanbrekersnavorsing en ‘n hoëvlak van tegniese bedrewendheid vereis het. Die beloning vir die harde werk was twee grade wat hy in 1953 verwerf het (agt jaar nadat hy as geneesheer kwalifiseer het). Die prestasie het verrekende gevolge vir sy loopbaan gehad en die weg gebaan vir sy studie aan die Universiteit van Minnesota.

Barnard het sy loopbaan in die VSA verder met buitengewone sukses gevestig. Alhoewel hy slegs 28 maande in die buitenland deurgebring het, het hy sy Amerikaanse dosente en kollega’s met sy intense dryfkrag, energie en ambisie

beïndruk. Vyf jaar na sy verwerwing van die vorige twee grade, het hy na Kaapstad teruggekeer met nog twee grade, sowel as 'n aanbod om 'n aanstelling in die VSA te aanvaar.

Dit is kenmerkend van die vroeë-loopbaanstadium dat individue aanvanklik 'n behoefte aan sekuriteit ervaar en daarom op die organisasie vertrou vir leiding. Namate individue se ervaring, selfvertroue, onafhanklikheid en prestasie-oriëntering egter toeneem, raak hulle minder afhanklik van die goedkeuring van ander en tree selfaktualiseringsbehoeftes op die voorgrond. Met sy terugkeer na Suid-Afrika, was dit duidelik dat Barnard sy afhanklikheid afgesweer het en nou gereed en gretig was om sy eie rigting in te slaan. Hy het nie net sy leermeesters en kollega's by die Minnesota Universiteit beïndruk nie. Sy plaaslike kollega's het hoe verwagtinge van hom gekoester.

Greenhaus et al. (2000) het dit beklemtoon dat die vroeë-loopbaanstadium nie altyd glad verloop nie:

*...there may be considerable floundering and trial before a person finds a suitable line of work and a compatible organization in which to pursue the chosen work. Therefore, many people try to establish themselves a couple of times before they find a satisfying connection to the work world...Finding a fit does not always come easily. (p.190-191)*

Barnard het die ontwikkelingstake van die vroeë-loopbaanstadium suksesvol bemeester. Hy het eerstens deskundigheid aangekweek deur homself te vestig as 'n besondere veelsydige en innoverende chirurg. Tweedens het hy daarin geslaag om gepaste loopbaanstrategieë suksesvol aan te wend. Hy het byvoorbeeld homself genomineer vir posisies en geleenthede, nuttige internasionale verhoudings met hartchirurge gehandhaaf, borgskappe bekom, op datum met die nuutste ontwikkelinge gebly, sy span se navorsingsresultate by kongresse aangebied en in wetenskaplike tydskrifte publiseer, asook sentra waarby baanbrekerswerk plaasgevind het gereeld besoek. Barnard het ook baanbrekerswerk op die gebied van hartklepvervanging gedoen en geleidelik 'n deskundige hartspan by UK/GSH gevestig.

Een van die ontwikkelingstake van die stadium behels dat individue hul loopbaandoelwitte heroorweeg en hersien indien nodig. Vir sommige individue sluit dit besluite in om te spesialiseer, bestuursvaardighede te ontwikkel of eerder ‘n wye reeks generiese loopbaanvaardighede te ontwikkel. Barnard het in hierdie opsig sy buitengewoonheid demonstreer deur al drie opsies uit te oefen. Hy het hom hoofsaaklik toegelê op hartklepvervanging, maar ‘n wye repertoire van chirurgiese tegnieke ontwikkel. Dit het hom in staat gestel om komplekse prosedures op volwassenes en jong kinders toe te pas. Hy het terselfdertyd geleenthede aangegryp om as akademiese administrateur of –bestuurder op te tree. Ten spyte van die verskeidenheid aktiwiteite was dit duidelik dat Barnard besig was om sy loopbaan planmatig te bestuur. Sy bydrae is deur sy senior kollega’s beloon. Hulle het hom aangemoedig, geleenthede aangebied en aanbeveel vir gesikte aanstellings.

Daar is egter een ontwikkelingstaak waarmee Barnard nie sukses behaal het nie. Die taak vereis dat individue organisatoriese reëls, waardes en norms aanleer sodat hulle mettertyd as gewaardeerde werknemer aanvaar word. Barnard se individualisme het hom verhinder om te konformeer of sy persoonlike doelwitte ondergeskik te stel aan groepe s’n. Daar was gevvolglik dwarsdeur die vestiging-stadium insidente wat gekenmerk was deur konflik. Die konflik het daartoe bygedra dat Barnard dikwels in omstredenheid gehul was.

Alhoewel die vestiging-stadium baie suksesvol verloop het, het Barnard se loopbaanbetrokkenheid tot gevvolg gehad dat hy weinig tyd aan sy huwelik spandeer het. Sy dogter het egter ontpop as ‘n begaafde atleet en Barnard het daarin geslaag om baie tyd aan haar sportontwikkeling te spandeer.

Die patroon wat Barnard gevvolg het tydens sy vestiging-stadium toon ooreenkoms met twee van Brousseau et al. (1996) se loopbaanstrukture. Dit het eerstens ooreengestem met die sogenaamde *liniëêre* of *tradisionele* loopbaanstruktuur wat vertikale mobiliteit beklemtoon. Barnard het byvoorbeeld binne ‘n periode van tien jaar gevorder tot die posisie van Hoofspesialis en Hoof van die Departement Kardiotorakale Chirurgie. Barnard se vestiging stadium het egter ook kenmerke vertoon van die sogenaamde *deskundige* loopbaanstruktuur. Die loopbaanstruktuur word gekenmerk deur ‘n langtermynverbintenis tot ‘n spesialisrigting met

gepaardgaande ontwikkeling en verfyning van vaardighede wat deur spesialisasie vereis word. Die vestiging stadium van Barnard se loopbaan het ten einde gekom midde van twyfel of hy by die UK moet bly, intense konflik tussen hom en sy kollega's, sowel as twee werkaanbiedinge uit die VSA.

Die data dui daarop dat Barnard se latere loopbaan wel aanduidings bevat van herhaalde sekondêre toetrede-stadia. Hy het egter nie weer na 1962 in dieselfde mate daarin geslaag om toetrede-stadia op te volg met suksesvolle vestiging- en prestasiefases nie. Hy het geleenthede hiervoor gehad na sy aftrede, maar beide Drr Brink (van die UK) en Cooper (*Oklahoma Transplantation Institute*) het aangedui dat hy nie die geleenthede volledig benut het nie (Cooper, 1992b; Logan, 2003).

## **6.7 Middel-loopbaan (1963-1976)**

Barnard het die eerste hartoorplantingsoperasie uitgevoer in die middel-loopbaan stadium (toe hy 45 jaar oud was). Volgens Greenhaus et al (2000) kenmerk 'n aantal ontwikkelingstake die stadium. Eerstens moet individue die middeljare-oorgang konfrontere. Dit vereis 'n herevaluering van die verstreke loopbaan asook die vroeë-volwassenheidfase. Tweedens moet individue persoonlike- en omgewingsveranderinge oorweeg. Die veranderinge kan geringe of dramatiese aanpassings aan die lewensstruktuur behels. Suksesvolle loopbaanveranderinge gedurende die middel-loopbaanstadium kan aanleiding gee tot beter passing tussen individuele behoeftes en beroepsfaktore. Derdens moet individue hulle produktiwiteitsvlakke handhaaf. Dit vereis dat individue sommige vaardighede opdateer en nuwe vaardighede aankweek. Die middel-loopbaanstadium verskaf ook aan individue geleenthede om as mentor op te tree van jonger kollega's.

Normaalweg lei die middeljare krisis die middelloopbaan in. In Barnard se geval was die middeljare-krisis nie 'n enkele krisis nie. Dit was eerder gebeure of ervarings wat van tyd tot tyd plaasgevind het. Die data dui daarop dat die krisis (met gepaardgaande rusteloosheid en psigiese konflik) aanvanklik in 1963 (toe hy 41 jaar oud was) kop uitgesteek het. Dit was die gevolg van drie faktore. Hy was op daardie tydstip in aansienlike konflik met sy medewerkers gewikkel en het twyfel ervaar as gevolg van die twee werkaanbiedings wat hy uit die VSA ontvang het. Hy het dit terselfdertyd

oorweeg om ter wille van lewenskwaliteitoorwegings meer van sy tyd in privaatpraktyk te bestee. Die voorneme was egter in stryd met sy voorgevoel (wat hy tydens 'n voordrag by die Universiteit van Pretoria gemeld het) dat hartsiektes in die toekoms moontlik deur middel van hartoorplantings behandel sal word.

Barnard het die eerste manifestasies van sy middeljare-krisis afgeweер deur die werkaanbiedinge van die hand te wys en hom opnuut te verbind tot die uitbouing van sy internasionale chirurgiese- en navorsingsreputasie. Hy het sy toewyding aan sy loopbaan demonstreer deur kongresse by te woon, buitelandse besoeke af te lê asook om besoeke te bring aan sentra waar baanbrekerswerk gedoen is (soos byvoorbeeld die besoeke aan Drr David Hume en Thomas Starzl waartydens hy onderskeidelik nieroorplantings en orgaanverwerping bestudeer het).

Barnard het in 1967 aangekondig dat hy verveeld was met hartchirurgie (sy verstrekke loopbaan) en in die toekoms sy aandag by oorplantings wou bepaal. Hy het sy woord gestand gedoen deur in Oktober 1967 'n geslaagde nierplanting te doen. Hy het die nierplanting opgevolg met die hartoorplanting in Desember van dieselfde jaar. Onder gewone omstandighede sou die wysiging van sy loopbaandoelwitte waarskynlik tot beter passing van sy persoonlike behoeftes en beroep gelei het. Die operasie het egter verreikende gevolge vir sy loopbaanontwikkeling ingehou. Dit het tot 'n byna algehele verlies van sy private lewe gelei. Sy beroemdheid het veroorsaak dat daar 'n buitengewone aanvraag ontstaan het vir publieke optredes. Barnard se skedule was dus oorvol en sy lewenspas uitermate druk. Die data dui daarop dat Barnard die druk besonder goed hanteer en dit selfs geniet het. Hy was nou die bekendste geneesheer in die wêrld en het honderde uitnodigings ontvang om op te tree. Die verwikkeling het tot die tweede manifestasie van sy middeljare-krisis gelei (vyf jaar na die eerste manifestasie). Die manifestasie het veral 'n impak gehad op Barnard se sosiale lewe en -beeld.

Barnard het na die hartoorplanting voltyds in die kollig gelewe en daar is wêreldwyd oor sy doen en late berig. Negatiewe publisiteit het daartoe aanleiding gegee dat Louwtjie hom vir 'n egskeiding gedagvaar het en dat sy omstredenheid in mediese kringe vinnig toegeneem het. Barnard was nou tegelykertyd gewild en berug. Die

konflik, in kombinasie met die vinnige pas wat sy lewensstyl gekenmerk het, het sy gesondheid ondermyn (rumatoïde artritis, bloeiende maagseer).

Barnard het egter daarin geslaag om sy loopbaansukses te handhaaf. Hy was steeds toegewy aan sy loopbaan en het voortgegaan om sy kennis en vaardighede aan te vul. Sy sukses in dié verband kon aan ten minste vier prestasies toegeskryf word. Eerstens het hy ‘n oorplantingsrekord by die GSH gevestig wat heelwat beter was as die rekord van enige ander sentrum in die wêreld (Logan, 2003). Tweedens het sy navorsing in sommige opsigte steeds wêreldwyd die pas aangegee (teenverwerpingsprotokol en abbahartoperasies). Derdens het hy sy talente as skrywer demonstreer deur beide fiksie en nie-fiksie publikasies die lig te laat sien. Vierdens het UK Barnard vyf jaar na die eerste hartoorplanting (op 50-jarige ouderdom) bevorder tot volle professor. Die loopbaansukses het in kontras gestaan met sy kollegiale verhoudings. Barnard het toenemend gesukkel om sy oorplantingspan bymekaar te hou en samewerking te verkry van kollega’s in ander departemente.

Barnard het ook aanpassings aan sy persoonlike lewe gemaak deur met Barbara Zoelner te trou en met ‘n nuwe gesin te begin (op ‘n stadium toe hy en Louwtjie se kinders beide studente was). Vanuit Barnard se oogpunt was dit ‘n positiewe verwikkeling omdat hy nou opnuut die rol van huwelik- en gesinsverhoudings herontdek het (wat hy vir byna twee dekades ter wille van ambisie en sukses opgeoffer het).

Die res van sy middel-loopbaanstadium was egter gekenmerk deur ‘n reeks krisisse. Hy en Barbara was by ‘n tref-en-trap ongeluk betrokke, André se middelmisbruik het sy professionele loopbaan as pediater bedreig, Dodsley (Barnard se ouer broer) het in ‘n motorongeluk gesterf en ‘n kollega, Dr Bosman (‘n lid van die oorspronklike hartoorplantingspan) het selfmoord gepleeg. Barnard het terselfdertyd belangstelling in chirurgie begin verloor (die eerste aanduiding van die ontkoppelingsproses wat eintlik met die laat-loopbaan stadium verband hou) en het ‘n internasionale afjak gekry toe hy nie ‘n uitnodiging gekry het na ‘n geslote internasionale oorplantingskongres nie. Die laaste krisis het hy op 54-jarige ouderdom ervaar toe hy sy eerste asma-aanval gehad het.

Die krisisse het egter nie Barnard se loopbaan laat ontspoor nie. Dit het hom egter wel (soos Greenhaus et al. [2000] aandui) aangespoor om met nuwe passings te eksperimenteer en van die doelwitte af te sweer wat sy vroeëre loopbaanstadiums motiveer het. Hy het byvoorbeeld die restaurantbedryf, boerdery en politiek betree.

## **6.8 Laat-loopbaan (1977-2001)**

Die laat-loopbaanstadium was die langste ontwikkelingstadium van Barnard se loopbaan. Dit het 'n periode van 24 jaar gedek. Gedurende die stadium moet individue gewoonlik stappe doen om die organisasies waar hul in diens is, te verlaat en hulle beroepe af te sluit. Uittrede vereis dat individue sinnvolle en bevredigende lewensstyle vestig om die plek te vul wat vroeër deur hul beroepe ingeneem is.

Die psigiese ontkoppelingsproses neem dikwels 'n aanvang wanneer individue senior leierskapsrolle beklee en daar nog van hulle verwag word om hoe produktiwiteitsvlakke te handhaaf. Die ontkoppeling vind nie altyd volledig plaas nie. Sommige individue gebruik die geleentheid om na hul aftrede 'n nuwe loopbaan te inisieer. Die laat-loopbaanstadium behels noodwendig die hantering van 'n aantal veeleisende ontwikkelingstake en die prysgawe van 'n aantal aspekte wat met loopbane gepaard gaan.

Aangesien Barnard gedurende die laat-loopbaanstadium toenemend onbetrokke by die departement en boonop ongewild en omstrede was, het hy waarskynlik met 'n mate van verligtheid in 1983 (op 61-jarige ouderdom) die pos as Hoof van die Departement Kardiotorakale Chirurgie ontruim. Sy uittrede is voorafgegaan deur die egskeiding tussen hom en Barbara wat gepaard gegaan het met ernstige emosionele en artritis-probleme. Wat die psigiese ontkoppelingsproses aanbetrif, dui die data daarop dat dit nie vir Barnard 'n totale proses was nie. Alhoewel sy loopbaan as chirurg beëindig was, het sy belangstellings bloot geskuif na ander loopbaanprojekte.

Barnard het teen die tyd reeds 'n aantal ander loopbaandoelwitte geïdentifiseer (skryfwerk, Chris Barnard-stigting, restaurante, boerdery). Hy kon gevolglik bloot aanpassings maak aan die wyse waarop hy sy energie en tyd spandeer het. Barnard se lewe het steeds wêreldwyd intense belangstelling uitgelok. Sy status en gewildheid

het hom in aanvraag gehou by gehore dwarsdeur die wêreld. Die reise en voordragte het struktuur en roetine aan sy lewensstyl verleen en daartoe bygedra dat hy nuttig gevoel en bevestiging van sy waarde ontvang het. Die buitelandse-(navorsingsadviseur, *scientist-in-residence*) en bemarkingskontrakte (reeks produkte) waarby hy betrokke was, het gepaardgegaan met aansienlike finansiële voordele en hy kon dus gemaklik en onbesorg leef en boonop ‘n paar besigheidsprojekte finansier.

Die laat-loopbaanstadium bied egter nie net geleentheid vir ontkoppeling en vernuwing nie. Die stadium konfronteer individue gewoonlik ook met persoonlike veranderinge (byvoorbeeld aan die selfbeeld) en samelewingsvooroordeel (byvoorbeeld ‘n verlies van waardigheid) wat gepaard gaan met die natuurlike gevolge van veroudering en afname in produktiwiteit. Barnard moes ‘n aantal moeilike situasies hanteer. Hy is deur die nuwe Staatspresident (PW Botha) afgejak toe hy verneem het hoe hy ‘n bydrae kon lewer na Vorster se bedanking. Hy het ook veelvuldige gesondheidsprobleme ervaar (artritis, kolonobstruksie, velkanker, heupprobleme en asma). Sy huwelisksituasie het versleg en tot ‘n egskeiding gelei. Dit het aanleiding gegee tot een van die ernstigste emosionele krisisse wat hy gedurende sy lewe moes trotseer. ‘n Soortgelyke terugslag het Barnard getref toe sy oudste seun André onder verdagte omstandighede oorlede is. Net meer as ‘n dekade later was Barnard weer in rou gedompel toe Barbara na ‘n siekbed weens bors- en breinkanker oorlede is. Die laaste twee moeilike situasies waarmee Barnard gedurende sy laat-loopbaan konfronteer is en wat hier vermelding verdien, het beide veral sy professionele reputasie geskaad. As gevolg van die Glycel-debakel is Barnard deur sy kollega’s in die VSA betig. Die ander incident het tydens ‘n jagtogg plaasgevind. Barnard het baie kritiek ontvang nadat ‘n tydskrif daaroor berig het en die negatiewe publisiteit het sy beeld baie skade berokken.

Bogemelde probleme skep verkeerdelik die indruk dat Barnard se lewe gedurende die laat-loopbaanstadium deur talle krisisse aan bande gelê is. Alhoewel dit ‘n akkurate gevolgtrekking is, is dit slegs gedeeltelik waar. Barnard het op 66-jarige ouderdom vir die derde keer getrou en weer met ‘n gesin begin (sy jongste dogter is gebore toe die oudste 47 jaar oud was). Die huwelik is egter in 2000 beëindig, slegs ‘n jaar voor Barnard op 79-jarige ouderdom oorlede is tydens ‘n oorsese reis.

Die voorafgaande afdeling het Barnard se loopbaanontwikkeling bespreek aan die hand van Greenhaus et al. (2000) se loopbaanontwikkelingstadia. In die volgende afdelings word gelet op prominente faktore wat Barnard se loopbaan beïnvloed en gekenmerk het.

### **6.9 Hoogtepunte en prestasies**

Barnard se loopbaan as internis en chirurg word deur talle hoogtepunte en prestasies gekenmerk. Hy het eerstens met die ondersteuning en aanmoediging van sy ouers daarin geslaag om ten spyte van 'n behoeftige agtergrond, wêreldbekendheid as chirurg te verwerf. Hy het in 1953 op 31-jarige ouderdom 'n doktorsgraad verwerf op grond van baanbrekerswerk wat hy verrig het ten opsigte van die behandeling van *tuberkulese meningitis*. Hy het in dieselfde jaar ook 'n meestersgraad in medisyne (MMed) verwerf.

Enkele jare later het Barnard daarin geslaag om 90% mortaliteitsratio te verander in 'n 90% oorlewingsratio toe hy die oorsake van intestinale artresie akkuraat identifiseer het. Hy het hiervoor internasionale erkenning ontvang.

Gedurende sy verblyf in Minnesota (VSA) het Barnard 'n MSc- en PhD-graad verwerf na 'n studieperiode van net 28 maande. Hy het hiermee gedemonstreer dat hy oor buitengewone navorsing- sowel as chirurgiese vaardighede beskik het. 'n Kollega wat saam met hom in Minnesota studeer het, het bevestig dat die meeste briljante studente wat na Minneapolis gelok is, ses of sewe jaar nodig gehad het om Barnard se prestasie te ewenaar (Perry, 1992).

Barnard het baanbrekerswerk verrig met die vervaardiging en inplanting van prostetiese hartkleppe. Hy het die opehart chirurgiese program sowel as intensiewe sorg by die GSH en RKH gevestig na sy terugkeer uit die VSA. Die hartspan wat aan die twee hospitale verbonde was, het onder Barnard se leiding wêreldbekendheid verwerf selfs voordat die hartoorplanting plaasgevind het (byvoorbeeld met hul navorsing oor pasaangeërs sowel as die lae sterftesyfer wat met ingewikkeld chirurgiese prosedures verband gehou het).

Barnard se repertoire as chirurg was “*unequalled*” (Cooper, 1992b, p.43) omdat hy feitlik alle tipes hartchirurgie suksesvol kan uitvoer. Barnard het byvoorbeeld tussen 1958-1967 wêreldstandaarde gestel vir innoverende chirurgiese prosedures wat daarop gemik was om seldsame aangebore hartdefekte (*Ebstein se anomalie* sowel as *volledige transposisie van die groot hartvate*) te herstel.

Barnard het in 1960 daarin geslaag om ‘n tweede kop op ‘n hond oor te plant. Hy het die eerste nier in Suid-Afrika oorgeplant (1967) en die pasiënt het vir langer as twee dekades daarna nog geleef. Barnard het die eerste mens-tot-mens hartoorplantingoperasie (1967) sowel as abbahartoperasie (1974) in die wêreld uitgevoer. Hy het ook die eerste hart-longoorplanting in Suid-Afrika uitgevoer.

Laastens, ten spyte van sy druk program was Barnard betrokke by die publikasie van 18 boeke oor ‘n periode van 33 jaar.

### **6.10 Gesinslewe**

Barnard het drie keer in die huwelik getree en ses kinders gehad. Hy het onderskeidelik op die ouderdomme van 25, 47 en 66 jaar getrou. Sy kinders is gebore toe hy onderskeidelik 27, 28, 49, 51, 66 en 74 jaar oud was. Die data duï daarop dat Barnard gedurende drie verskillende ontwikkelingstadia (toetrede-stadium, middel-loopbaan en laat-loopbaan) huwelike aangegaan en opnuut met gesinne begin het.

### **6.11 Gesondheidstoestand**

Barnard het gedurende sy loopbaan talle gesondheidsprobleme ervaar. Hy was 34 jaar oud toe rumatoïde artritis die eerste keer by hom diagnoseer is. Na die beëindiging van sy huwelik met Louwtjie in 1969, het Barnard ‘n bloeiende maagseer ontwikkel. Hy het op 50-jarige ouderdom agt rib- en twee werwelffrakture opgedoen in ‘n tref-en-trap ongeluk in 1972. Die beserings het aansienlike pyn en komplikasies (*fekale impaksie*) veroorsaak. Barnard was 54 jaar oud toe hy die eerste asma-aanval gehad het. Hy is in die middel-1980s met divertikulitis en ‘n dekade later met velkanker en heupprobleme diagnoseer. Bogemelde data duï daarop

dat Barnard oor 'n periode van 45 jaar met gereelde en ernstige gesondheidsprobleme te kampe gehad het. Die data dui ook daarop dat hy ten spyte hiervan in staat was om 'n besonder aktiewe en veeleisende lewensstyl te handhaaf.

### **6.12 Hoofstukopsomming**

Die hoofstuk het die bevindinge van die ondersoek na die loopbaanontwikkeling van Barnard bespreek. Nadat die ervarings en prosesse wat elk van die vyf stadia gekenmerk het, bespreek is, is daar opsommend gelet op die invloed van Barnard se prestasies, gesinslewe en gesondheidsprobleme op sy loopbaanontwikkeling. Die studie word met die volgende hoofstuk afgesluit.

## HOOFSTUK 7

### GEVOLGTREKKING

Afd	Opskrif	Pg
7.1	Hoofstukoorsig	148
7.2	Waarde van die studie	148
7.3	Beperkinge van die studie	150
7.4	Aanbevelings vir toekomstige navorsing	153
7.5	Slotsom	154

#### **7.1 Hoofstukoorsig**

Die hoofstuk neem die studie in oënskou, bespreek die waarde en beperkinge daarvan en maak aanbevelings vir toekomstige navorsing.

#### **7.2 Waarde van die studie**

Hierdie ondersoek na Barnard se loopbaanontwikkeling maak om ten minste vyf uiteenlopende redes ‘n konstruktiewe bydrae tot sielkundige kennis. Die studie maak onder andere ‘n bydrae tot ondersoeke na:

- a. psigobiografiese navorsing,
- b. loopbaansielkunde,
- c. ‘n sielkundige herinterpretasie van Barnard se lewe en bydraes,
- d. die sielkundige faktore wat verband hou met buitengewoonheid en
- e. die snel-ontwikkelende sub-dissipline, positiewe sielkunde.

Die studie maak deel uit van ‘n groeiende volume plaaslike **psigobiografiese navorsing**. Navorsers het tot op hede die lewens van politici (Fouché, 1999; Kotton, 2002; Simango, 2006; Vorster, 2003), atlete (Boukes, 1994; Morrison, 2005; Smeeton, 2005; Warmenhoven, 2004; 2006), sportafrigters/-administrateurs (Greeff, 2002), filantropie (Edwards, 2004; Stroud, 2004), skrywers (Jacobs, 2005), prominente sielkundige teoretici (Green, 2006), beeldende kunstenaars (Bareira, 2001; Cloete, 1999), skrywers (Jacobs, 2005; Percy, 1997) en vermaaklikheidsterre (Jackson, 2006)

ondersoek. Hierdie is die eerste studie wat op ‘n professionele persoon gedoen is wat in navorsing en toegepaste geneeskunde pioniersbydraes gemaak het. Psigobiografiese navorsing het die afgelope tyd plaaslik (Jacobs, 2005; Stroud, 2004, Green, 2006) en internasionaal (Runyan, 2006; Schultz, 2005b) opwindende vordering gemaak. In Suid-Afrka verteenwoordig psigobiografiese navorsing nog in ‘n groot mate ‘n braak veld wat wag om ontgin te word.

Die studie maak ook om drie redes ‘n bydrae tot die sub-dissipline **loopbaansielkunde**. Eerstens is daar ‘n tekort aan longitudinale studies in loopbaansielkunde (Zunker, 2006). Hierdie studie dek ‘n volledige lewe wat oor 79 jaar gestrek het sowel as gebeure wat dit voorafgegaan en opgevolg het. Tweedens maak die studie ook ‘n bydrae tot die gebruik van gevalstudies as navorsingsbenadering in loopbaansielkunde. Dit gee erkenning aan die lewe en werk van ‘n enkele toegewyde en begaafde individu wat talle deurbraake (en foute) gedurende sy loopbaan gemaak het. Die studie illustreer ook die opofferinge wat ‘n baanbreker gedurende sy loopbaan gemaak het sowel as die prys wat hy betaal het vir prestasie, erkenning en roem. Die navorsing erken dat sielkundige begrip van loopbaanontwikkeling nie oorwegend gebaseer kan word op studies van individuele loopbane nie. Nogtans kan gevalstudies van individuele loopbane ‘n bydrae maak tot sielkundiges se begrip van loopbaansielkunde sowel as die waarde en akkuraatheid van teoretiese modelle wat deel vorm van die sub-dissipline.

Die studie maak ook ‘n bydrae tot die **herinterpretasie van Barnard se lewe**. Baie van die persepsies wat die rondte doen oor Barnard dra nie noemenswaardig by tot ‘n akkurate begrip van sy lewe, of die lewens van baanbrekers in die algemeen nie. Barnard se lewe het uiteenlopende en dikwels intense reaksies uitgelok. Die reaksies het soms ‘n emosionele kleur gehad en kan gevolglik nie summier as gebalanseerde en objektiewe indrukke beskou word nie. Hierdie studie verteenwoordig ‘n poging om regstellings te maak en emosionele projeksies te vervang met wetenskaplike beskrywings.

Alhoewel daar baie geskryf word oor die ontwikkeling van **buitengewoonheid** of grootheid (*greatness*), is daar steeds onbeantwoorde vrae hieroor (Simonton, 1994; 2003). Hierdie studie maak ‘n bydrae tot hierdie navorsingsveld. Barnard se

pioniersbydraes tot die mediese professie het die gemoedere van mense wêreldwyd aangegryp. Hy het erkenning gekry van persone wat uiteenlopende sosiale, kulturele, nasionale agtergronde verteenwoordig en is gedurende sy lewe as die bekendste geneesheer ter wêreld beskou (Bonds, 1992; Logan, 2003).

Alhoewel die studie by uitstek gekonseptualiseer is binne die studieveld van loopbaanontwikkeling, verteenwoordig die studie ook indirek ‘n bydrae tot die nuwe sub-dissipline **positiewe sielkunde**. Dit illustreer byvoorbeeld:

- die gunstige invloed van minderwaardigheidsgevoelens op motivering en vasberadenheid;
- die faktore wat verband hou met buitengewone prestasie;
- die suksesvolle hantering van krisisse;
- die bemeestering van ontwikkelingstake; en
- die merkwaardige gevolge van toewyding en deursettingsvermoë.

### 7.3 Beperkinge van die studie

Die beperkinge van die studie moet in verband gebring word met ‘n oorsig van die beperkinge wat normaalweg met psigobiografiese navorsing verband hou. Psigobiografiese navorsing word gekritiseer omdat dit beskou word as:

- ‘n maklike navorsingsgenre;
- ‘n benadering wat fokus op die lewens van afgestorwe individue;
- ‘n elitistiese of eksklusieve navorsingsrigting;
- ‘n benadering wat dikwels skuldig is aan reduksionisme;
- ‘n benadering wat sosio-kulturele verskille ignoreer of geringskat;
- besonder vatbaar vir navorser-vooroordeel; en
- ‘n benadering wat deur talle moeilike etiese vraagstukke gekonfronteer word.

Alhoewel psigobiografiese navorsing dikwels beskou word as ‘n **maklike navorsingsgenre**, is die navorser van mening dat ‘n navorsingsprojek wat aan die vereistes vir ‘n meestersgraad voldoen, beswaarlik reg kan laat geskied aan die

omvangryke data wat oor Barnard se loopbaan beskibaar is. Die besluit om tydens data-insameling slegs te fokus op biografiese materiaal wat in boeke gepubliseer is, was ‘n noodgedwonge en kunsmatige maatreël om die omvangryke data te verminder (die agt boeke wat in Tabel 4.1 aangedui is as prominente bronne wat gedurende die studie geraadpleeg is, beslaan gesamentlik 2243 bladsye). Daar is op boeke besluit omdat dit meer toeganklik is as byvoorbeeld koerantartikels wat uit die 1960s dateer, Internetartikels wat na willekeur geplaas of onttrek kan word en kopieë van televisie-programme wat oor die algemeen duur en moeilik bekombaar is. Dit is nodig dat die ander databronne in die toekoms bygewerk word.

Die ontleding van die loopbaan van ‘n **afgestorwe of afwesige subjek** het ook ‘n beperkende invloed op die studie gehad. Dit was vir die navorsing onmoontlik om aanvullende data in te win deur Barnard te raadpleeg of om vir hom te vra om sekere bevindinge te bevestig. Die beperking is kenmerkend van meeste psigobiografiese studies. Die navorsing het egter omvangryke data tot sy beskikking gehad wat vir die doel van hierdie studie voldoende was.

Sommige navorsers bevraagteken die meriete van studies wat op enkele bevoordeerde individue fokus terwyl Suid-Afrika gebuk gaan onder ‘n skreiende tekort aan gemeenskapsielkundige navorsing. Die navorsing erken dat psigobiografiese studies in ‘n mate ‘n **elitistiese of eksklusiewe** navorsingsrigting verteenwoordig. ‘n Studie oor Barnard se loopbaan kan in die huidige sosio-politiese konteks beskou word as onnodig omdat dit nie ‘n bydrae maak tot die lewens van duisende histories-benadeelde burgers van Suid-Afrika nie. Dit is egter nodig (veral wanneer radikale sosiale transformasieprosesse plaasvind) dat nasies bestek moet neem van die buitegewone bydraes wat sy burgers maak. Barnard was tegelykertyd ‘n Suid-Afrikaanse en wêreldburger en dit is volgens die navorsing belangrik dat Suid-Afrikaners hul eie presteerders moet navors en met behulp van wetenskaplike metodes aan die wêreld bekendstel. Barnard is in die eerste plek as subjek gekies op grond van sy unieke en buitengewone chirurgiese- en navorsings-prestasies. Suid-Afrika het reeds baie buitengewone individue opgelewer en dit is psigobiografiese navorsers se verantwoordelikheid om die onbeantwoorde vrae wat rondom die verskynsel bestaan, aan te spreek.

Dit is onmoontlik om ‘n lewe van 79 jaar te reduseer tot ‘n meestergraadverhandeling sonder dat die navorser hom skuldig maak aan **reduksionisme**. Die dilemma het die navorser konfronteer met ‘n paradoksale ervaring. Enersyds was die hoeveelheid data wat beskikbaar was baie omvangryk. Terselfdertyd was die beschikbare inligting nie voldoende om gevolgtrekkings te maak oor verskeie aspekte van Barnard se loopbaanontwikkeling tydens sy kinder- en studentejare nie. Daar bestaan byvoorbeeld steeds onduidelikheid oor aspekte rondom Barnard se beroepskeuse sowel as sakebelange wat later in sy loopbaan ‘n belangrike rol vervul het. Die navorser het bogemelde beperkinge probeer oorkom deur twee strategieë te implementeer. Eerstens het die navorser omvattende en getrianguleerde data-insamelingsprosedures gevolg om sodoende te verseker dat Barnard se loopbaan akkuraat, omvattend en oordeelkundig ontleed kon word. Tweedens het die navorser uitsluitlik gefokus op die navorsingsprobleem en nie ander interessante aspekte van Barnard se lewe te betrek by die ondersoek nie. Barnard was ‘n besonder veelsydige persoon wat boonop intens geleef het. Daar is ‘n groot behoeftte aan verdere navorsing oor ander fasette van sy roemryke lewe.

**Sosio-kulturele verskille** tussen navorsers en psigobiografiese subjekte dien ook soms as ‘n beperkende faktor. Die navorser erken dat Barnard se agtergrond en ontwikkeling verskillend is omdat hy 37 jaar na Barnard gebore is, elders grootgeword het en ‘n verskillende loopbaan gevolg het. Die invloed van die verskille kon in ‘n mate beperk word omdat daar voldoende data beschikbaar was wat meeste aspekte van Barnard se sosio-kulturele agtergrond en ervarings verduidelik het. Die navorser het ook Barnard se ouerhuis in Beaufort-Wes (tans ‘n museum) besoek en op die wyse addisionele insig probeer verwerf. Dit bly egter nodig om die sosio-kulturele verskille te erken aangesien dit ‘n onbewustelike invloed op die navorsingsbevindinge kon uitgeoefen het.

